4.2. Vreemdheid

Om die dinamiese probleem van vreemdheid in die onderwys van immigrantekinders in perspektief te sien, is 'n oriëntering ten opsigte van die probleem vreemdheid, enkulturasie as oorsprong van kultuurvreemdheid, die faktore waarmee vreemdheid varieer en die grade van kultuurvreemdheid nodig.

4.2.1 Oriëntering ten opsigte van die probleem vreemdheid

Die sosiale en kulturele doelstelling van die onderwys in die R.S.A. is om die kind in die Suid-Afrikaanse didakties-pedagogiese situasie[4] in die nasionale kultuur van die R.S.A. te onderrig en op te voed[5], m.a.w. te versuidafrikaans. Hierdie nasionale onderwysdoelstelling veronderstel egter 'n Suid-Afrikaanse ekologiese en demografiese milieu, asook 'n Suid-Afrikaanse primêre en sekondêre idiostante kultuurkring waarin die koninuïteitsakt van opvoeding en die onderwys normaal deur medium van die moedertaal kan verloop[6], sodat die kind tot volle ontplooiing kan kom[7]. Die probleem is egter dat die kontinuïteit van opvoeding en die nasionale onderwys in die ondersoekterrein[8] sedert 1961 nie meer normaal verloop nie vanweë die aanwesigheid van 'n toenemende aantal oneweredig verspreide immigrantekinders[9] wat in variërende mate vreemd is in en aan die Suid-Afrikaanse didakties-pedagogiese situasie. Hulle vreemdheid varieer na gelang van hulle blootstelling aan die tradisionele gemeenskap van die

---

4. Loc. cit.
5. Republiek van Suid-Afrika. Wet no. 39 van 1967, art. 2(b); Vergelyk paragraaf 2.6.
6. Strydom, A.H. Die taak van die skool as samelewingsverbond met betrekking tot die voorbereiding en toerusting van die jeugdige leier vir sy taak in 'n gedifferensieerde samelewing, pp. 114 - 118.
7. Vergelyk paragraaf 1.4.5;
   Oosthuizen, J.H.C. Die voertaal (medium van onderrig) in 'n stelsel van gedifferensieerde onderwys. R.G.N., Verslag no. 06, 1970.
8. Vergelyk paragraaf 2.5.8.
9. Vergelyk paragraaf 3.4.3.1, tabel 14.

diverse lande van herkoms se kultuur - wat gradueel van die na= sionale kultuur van die R.S.A. verskil - en hulle blootstelling aan en kontak met die Suid-Afrikaanse kultuur[10].

Omdat emigrasie en immigrasie komplementêr op permanente vestig= ing dui[11], word die kontinuïteit van die opvoeding van die immigrantekind verbreek en die intraverhouding in die tradi= sionele idiostante nasionale kultuurkring versteur wanneer hierdie kinders as vreemdelinge by 'n Suid-Afrikaanse skool ingeskryf word en hulle gekonfronteer word met die probleem dat

"they cannot reach desired goals through responses which were formerly effective" [12].

4.2.2 Enkulturasie as oorsprong van kultuurvreemdheid

Die immigrantekind se vreemdheid spruit uit die volgende sosiale proses wat eie aan die aard van die mens is[13]. Die menslike natuur is orals basies dieselfde vanweë dieselfde menslike aard en behoeftes. Die wyse waarop in hierdie behoeftes voorsien word, verskil van nasie tot nasie omdat die proses van enkul= turasie, die wyse om in hierdie behoeftes te voorsien, verskil. Dit gee aanleiding tot menslike kulturele verskille ten opsigte van gewoontes, gedrag, gebruike, tradisies, denk- en normsisteme, taal, geloof en waardes[14].

Iedere individu van elke nasie word sonder enige teken van kul= tuur gebore. By geboorte beskik die mens egter oor die vermoë, potensiaal en veelsydigheid om die kultuur van die sosiale milieu

---

10. Vergelyk paragrawe 2.3 en 3.3.5, tabel 11.
11. Vergelyk paragraaf 2.2.
12. Lindgren, H.C. & Byrne, D. Psychology : an introduction to a behavioral science, p. 405;
    Vergelyk paragraaf 4.3.
13. Brown, L.G. Immigration, cultural conflicts and social adjustment, pp. 1 - 30;
    Davie, M. World immigration with special reference to the United States, p. 555.
14. Cowell, F.R. Culture in private and public life, p. 19.

waarin hy gebore is en waaraan hy veral in die skool bloot= gestel word, aan te leer en dit deur ervaring sy eie te maak. Taal is die kultuursisteem waardeur kultuur hoofsaaklik oor= gedra word en waarmee die mens in dialoog met sy sosiale milieu tree, die werklikheid ontsluit en sy wêreld konstitu= eer[15]. Die lewensorganisasie van die individu is dus 'n voortsetting van sy kulturele milieu wat hom 'n trots in eie kultuur of 'n sogenaamde etnosentrisme gee, en die gedagte dat sy eie kultuur die beste is, laat ontwikkel[16]. Kultuur= inhoud word dan ook leefinhoud. Gevolglik staan die individu dan ook vreemd teenoor ander kulture. Met toenemende ouderdom verloor die mens egter ook die veelsydigheid om taal en kul= tuur aan te leer en weerstaan hy toenemend verandering sodat aanpassing en akkulturasie in 'n ander kultuur bemoeilik word en byna onmoontlik is. Trouens, die troumatiese ervaring van skielike verandering van kulturele omgewing vereis 'n heroriënte= ring van gedragspatrone, wat die gevaar van sosiale disorgani= sasie en persoonlike demoralisering inhou[17]. Kulturele kon= tinuïteit, om die kultuur van die nasie aan die kind oor te dra, is dus 'n universele funksie van die skool en onderwys[18] in die emigrasielande sowel as in die R.S.A., en juis hierin setel die probleem van kultuurvreemdheid.

Die immigrantekinders is dus vanweë hulle opvoeding, onderrig en blootstelling aan die tradisionele gemeenskap van die diverse lande van herkoms se nasionale kulture anders, uitheems en vreemd aan die nasionale kultuur van die Suid-Afrikaanse didak= ties-pedagogiese situasie. Hulle kan gevolglik nie as 'n homogene groep kinders bejeën word nie omrede hulle diverse nasionale herkoms impliseer dat hulle onderling net so van mekaar as van die Suid-Afrikaners verskil en dat die kultuurafstand onderling net so gradueel varieer[19].

---

15. Oosthuizen, J.H.C. Op. cit., pp. 1 - 6.
16. Allport, G.W. The nature of prejudice, pp. 11 en 18.
17. Brown, L.G. Op. cit., p. 8;
    Vergelyk paragraaf 2.2.1.
18. Mallinson, V. An introduction to the study of comparative education, pp. 2, 7 en 29;
    Banks, O. The sociology of education, p. 210.
19. Lewis, E. G. Immigrants - their languages and develop= ment. Trends in education, no. 19, Julie 1970, pp. 25 - 32.

4.2.3 Faktore waarmee vreemdheid of kultuurafstand verband hou

Die probleem van kultuurafstand of vreemdheid in die Suid-Afrikaanse klaskamersituasie wissel na gelang van die aanslag van die volgende faktore, wat immigrantekinders se inskakeling, ontplooiing, vordering, skolastiese prestasie en die organisatoriese aspekte van onderwys bepaal[20] en wat later vollediger bespreek word:

(1) die historiese aspekte van immigrasie in die R.S.A.[21];

(2) die ekonomiese, demografiese en sosiaal-kulturele redes vir immigrasie, die sg. trek- en stootfaktore, d.w.s. die immigrante se immigrasiemotiewe, hoe hulle hulle vestiging sien, nl. as 'n eksperiment of om suiwer ekonomiese redes en of hulle hulle kan vereenselwig met die land en sy ideale[22];

(3) statistiese aspekte t.o.v. herkoms, gesinsmigrasie en die reserwe plaaslik gebore immigrante waarvan die meerderheid nie die voertaal in Graad 1 magtig is nie, die mate van nasionale verskeidenheid en etniese samestelling van immigrante[23];

(4) godsdienstige, taal-, genetiese, sosio-ekonomiese en kulturele herkoms, kultuurafstand, kulturele verstokenheid of milieugestremdheid[24];

(5) voertaalkeuse en kennis van die voertaal[25];

(6) die ouderdom by immigrasie en die potensiaal om

---

20. Brown, L.G. Op. cit., p. 122;
Venter, J.D. Die immigrant en die ekonomie. Maatskappy vir Europese Immigrasie. Referaat gelewer by die Volkskongres oor immigrasie en die inburgering van die immigrant, Johannesburg, M.E.I., Sept. 1972, pp. 50 - 52.
21. Vergelyk paragraaf 2.3.
22. Vergelyk paragrawe 2.2 en 2.4.
23. Vergelyk paragrawe 2.6 en 3.3;
Davie, M. Op. cit., p. 557.
24. Vergelyk paragrawe 3.3 en 4.3.
25. Vergelyk paragrawe 3.4.1 en 4.3.

die Suid-Afrikaanse kultuur aan te leer[26];

(7) verskil in skoolplig, skolastiese agtergrond en niveau[27];

(8) die stadium van aankoms gedurende die jaar (laatkommers)[28];

(9) blootstelling aan, fisiese en funksionele kontak met die Suid-Afrikaanse kultuur oor longitudinale en horisontale kontakvlak, d.w.s. oor tyd en verspreiding of groepsvestiging, konsentrasie en segregasie in kulturele isolasie as gevolg van kultuurkonflik[29]; en

(10) etnosentrisme en die houding van die Suid-Afrikaner teenoor die verskillende etniese groepe immigrante en die aard van die sosiale gemeenskap waarin die immigrant inbeweeg[30].

Bogenoemde faktore dra kumulatief en in variërende mate by tot die verskillende grade van vreemdheid in die didaktiespedagogiese situasie.

4.2.4 Grade van kultuurvreemdheid in die didakties-pedagogiese situasie

In die lig van bogenoemde faktore en met behulp van die definisie van 'n immigrantekind kan die volgende grade van vreemdheid in die didakties-pedagogiese situasie onderskei word:

(1) Die vreemdste immigrantekinders is die kinders wat in die buiteland gebore is, reeds in die land van herkoms op

---

26. Vergelyk paragraaf 4.3.6.
27. Vergelyk paragraaf 4.4.
28. Vergelyk paragraaf 3.4.4.
29. Vergelyk paragraaf 4.5;
Allport, G.W. Op. cit., p. 51.
30. Vergelyk paragraaf 4.5;
Pretorius, J.C. 'n Sosiologiese ondersoek na die houdings van blanke Pretorianers teenoor blanke minderheidsgroepe, p. 304;
Botha, S.C. Enkele faktore wat die inskakelingsvatbaarheid van 'n groep Portugese immigrante aan die Witwatersrand bepaal, pp. 10 - 30.

skool was en maksimaal aan hulle eie kultuur blootgestel was voordat hulle saam met hulle ouers verhuis het. Hulle vreemdheid neem, afhangende van hulle kennis van die voer= taal, in intensiteit toe met ouderdom.

(2) Die immigrantekinders wat plaaslik in 'n ghetto[31] of ge= segregeerde immigrantekonsentrasiegebied of in gesinsisolasie in die ondersoekterrein gebore is en tot op skoolpligtige leeftyd in die kultuur van die land van herkoms opgevoed is, is byna net so vreemd as diegene wat van die buiteland immigreer en nie die voertaal magtig is nie[32].

(3) Die immigrantekinders, hetsy van ouers met Suid-Afrikaanse burgerskap of nie, wat verspreid in die tradisionele Suid-Afrikaanse demografiese milieu gebore is en met maksimale fisiese en funksionele kontak aan die Suid-Afrikaanse kul= tuur blootgestel is, wat die voertaal van die omgewing magtig is en die skool van die onmiddellike omgewing bywoon, is byna nie vreemd nie[33].

In al drie gevalle korreleer die probleem van die immigrante= kind se vreemdheid in die klaskamersituasie primêr met verbale kommunikasie, d.w.s. die moontlikheid om deur medium van die voertaal kontak te maak en kommunikasie te bewerkstellig[34].

4.3 Kommunikasie en voertaalprobleme

Om kommunikasie en voertaalprobleme in die onderwys van die immigrantekind in perspektief te sien, is dit nodig om aandag te skenk aan die belangrikheid van taal as opvoedingsmiddel,

---

31. Vergelyk paragrawe 3.4.3.1, kaart 2, 4.3.8.3 en 4.5.
32. Vergelyk paragrawe 3.4.4.3 en 4.5.1.2.1, tabel 31.
33. Vergelyk paragraaf 4.2.
34. Vergelyk paragrawe 3.4 en 4.3.

kultuurdraer en assimileringsmedium, aan die rede waarom die voertaal van hulle keuse vir die immigrantekinders 'n probleem is, aan groepering van immigrantekinders volgens hulle variërende kennis van die voertaal, aan taalafstand, taalsimboolprobleme, die eis van twee amptelike tale en taalverwarring, sosiale taalomgewing; en aan taal-, kultuur- en intelligensieprobleme.

4.3.1 Die belangrikheid van taal as opvoedingsmedium en kultuurdraer

Taal, die kenmerkende menslike kode van kommunikasie[35], is die kultuursisteem wat die kind aanleer deur kontak met sy medemens, wat hom in die sosiale milieu waarin hy opgroei[36] tot spraak oproep[37]. Alhoewel denke en taal afsonderlik ontstaan, word denkontwikkeling deur taal, as linguistiese medium van denke, en deur die sosio-kulturele ervaring van die kind bepaal[38]. Volgens onderstaande diagrammatiese taalontwikkelingsmodelle[39] word die kind se taalontwikkeling bepaal deur die mate waarin hyhom aan sy medemens verstaanbaar kan maak:

Piaget[40] : outistiese spraak → egosentriese spraak → gesosialiseerde spraak.

Vygotsky[41]: sosiale oorsprong van spraak → spraak vir sigself → innerlike spraak, denke → eksterne spraak → spraak vir ander.

---

35. Vergelyk paragraaf 4.2.2.
36. Herriot, P. Language and teaching, pp. 5 - 9.
37. Oosthuizen, J.H.C. Op. cit., pp. 4 - 5.
38. Lawton, D. Social class language and education, pp. 40 - 43.
39. Loc. cit.
40. Piaget, J. Language and thought of the child, pp. 9 en 267.
41. Vygotsky, L.S. Thought and language, pp. 14 - 19 en 44 - 47.

Vygotsky se hipotese behels dat egosentriese spraak die vertrekpunt is vir die ontwikkeling van innerlike spraak, wat later ontwikkel, en dat innerlike spraak sowel outistiese as logiese denke dien[42]. Hierdie innerlike, egosentriese taal is die kind se primêre of moedertaal, wat onder normale omstandighede die voertaal is in die intraverhouding tussen diegene wat by die opvoeding in die tradisionele idiostante kultuurkring van 'n land betrokke is[43].

Deur middel van die gesistematiseerde taalstruktuur wat die denke dien en spraak en gedrag reguleer, kom die kind tot selforganisasie en selforiëntering ten opsigte van die wêreld wat hy betree[44]. Taalontwikkeling gaan hand aan hand met persoonlikheids- en emosionele ontwikkeling[45]. Deur taal ontdek en konstitueer die kind die wêreld waarin hy die taal as denk-, probleemoplossings-, leer-, ken- en ontplooiingsmedium toepas[46]. 'n Kind moet derhalwe eers 'n sekere taalontwikkelingspeil in sy moedertaal bereik voordat 'n aanvang met die aanleer van die taaltegnieke van lees en skryf gemaak word[47]. Die ontplooiing van kognitiewe aktiwiteit, wat met persepsie begin en met abstrakte denke eindig, vereis ook beweeglikheid in die moedertaal[48].

---

42. Loc. cit.;
Lawton, D. Op. cit., p. 41.
43. Vergelyk paragraaf 1.4.3.
44. Herriot, P. Op. cit., pp. 63 - 94.
45. Lewis, E.G. Op. cit, pp. 25 - 26.
46. Ibid., p. 62 - 72;
Stander, G. Inleiding tot die taalpsigologie, p. 22.
47. Herriot, P. Op. cit., pp. 62 - 72;
Goedhart, F.L. Het talenpracticum en het talenonderwijs, pp. 47 - 50.
48. Lawton, D. Op. cit., pp. 43 - 44.

Omdat die menslike bestaan egter fundamenteel dialogies van aard is en spraak volgens Vygotsky se model in sosiale interaksie ontstaan, wend die kind hom ook tot ander kinders en volwassenes. Die kind se behoefte aan kommunikasie, wat resiprositeit veronderstel en om hom aan ander verstaanbaar te maak, motiveer die uitbreiding van woordeskat, die aanwending daarvan in komplekse taalstrukture en die verowering van die funksionele volwasse taal, hetsy die algemene omgangs- of volkstaal of die formele taal[49]. Die kind verkry egter nie taalvaardigheid slegs deur sy wete van die fonologie, grammatika en semantiek van die taal nie, maar deur inoefening van taalbeheersing en die effektiewe funksionele gebruik van die taal in die taalgemeenskap waarin hy aan maksimale kontak met die nasionale kultuur van die volk blootgestel word[50].

Moedertaalonderwys lei die kind in in die nasionale kultuurinhoude van sy volk[51], wat afgetregter is in die leerstof van die kurrikulum van die skool waar hy dit vir hom moet toe-eien[52]. Dit is dus 'n algemene veronderstelling in die klaskamersituasie waar voertaal en moedertaal van die kind dieselfde is, dat die kind die gesproke taal magtig is, dat die kind se moedertaalontwikkeling met ouderdom korreleer en dat die taalgebruik en -vaardigheid dinamies kan verbeter om die steeds toenemende kennis te beheer. Om dit te kan doen, mag die studerende kind dus nooit in taalgebruik en taalbeheersing stagneer nie, omdat taalremming en taaltekorte hulle op sy opvoeding en onderrig wreek[53]. Juis hierin setel die

---

49. Ibid., pp. 41 - 43, 73 en 85.

50. Herriot, P. Op. cit., pp. 31 - 40 en 56 - 92.

51. Oosthuizen, J.H.C. Op. cit., pp. 27 - 28.

52. Vergelyk paragraaf 3.5.

53. Oosthuizen, J.H.C. Op. cit., p. 6;
Van der Merwe, H.J.J.M. Immigrasie en die Afrikaanse kultuur. Tydskrif vir Geesteswetenskap, Vol. 5, no. 4, Des. 1965, pp. 369 - 374.

taalprobleem van die immigrantekind, wie se primêre egosentriese en gesosialiseerde moedertaal nie dieselfde taal is as die pedagogiese en sosiale voertaal van die Suid-Afrikaanse kultuur= kring nie. Omdat die nuwe pedagogiese voertaal vir die immi= grantekind 'n vreemde sekondêre taal is, bestaan die gevaar dat die kind se gesosialiseerde eksterne spraak nie effektief is nie en dat die kind se innerlike spraak en denke steeds deur medium van die primêre egosentriese moedertaal geskied. Dit kan bydra tot 'n taalagterstand en 'n agterstand in skoolvakke, of die immigrantekinders se skolastiese peil kan ver hoër wees as hulle vermoë in die voertaal; met ander woorde, hulle kan die vakinhoud ken maar nie beskik oor taaluitdrukkingsvermoë in die voertaal nie.

4.3.2 Waarom die voertaal van hulle keuse vir die immigrante= kinders 'n probleem is

Kommunikasie en taal is ongetwyfeld ab initio die probleem in die onderwys van immigrantekinders, aangesien die R.S.A. twee absoluut gelykberegtigde amptelike tale, Afrikaans en Engels het, waarvan een as voertaal gekies en die ander as vak bestu= deer moet word met die oog op tweetaligheid[54]. Die probleem word verder gekompliseer deur die feit dat die taalgemeenskap van die ondersoekterrein oorwegend Afrikaanssprekend is en dat 81% van die skoolpligtige immigrantekinders, volgens tabel 22, Engels as voertaal kies[55]. Dit is uit tabel 22 duidelik 'n opvallende tendens, veral in kleuterskole, dat die jonger Kontinentaal-Germaanse immigrantekinders, met ander woorde kinders van die immigrante wat na 1961 geïmmigreer het, in toenemende mate Engels as voertaal kies en dat immigrantekinders 'n probleem van akkumulering in Engelsmediumskole veroorsaak[56]. Omdat hulle op skool met Engels te doen kry maar daarbuite met Afrikaans, maak dit hulle vreemd in die sosiale omgewing waar hulle hulle Engels as nuwe voertaal nie funksioneel kan aanwend

---

54. Vergelyk paragrawe 3.4.1.1 en 3.5.3.

55. Vergelyk paragrawe 3.4.1, tabel 13, en paragraaf 4.3.2, tabel 22.

56. Loc. cit.

Tabel 22

Verspreiding van immigrantekinders, volgens voertaalkeuse, in die skole van die ondersoekterrein, 1972*

Voertaalkeuse in skole	Lande van Herkoms: Afrikalande	Australië	V.S.A.	Kanada	België	Duitsland	Frankryk	Griekeland	Joego-Slawië	Hongarye	Tsjeggo-Slowakye	Italië	Nederland	Oostenryk	Pole	Portugal	Denemarke	Switserland	Spanje	Verenigde Koninkryk	Persië	Libanon	Turkye	Japan	Totaal immigrantekinders	R.S.A.-Afrikaanse kinders	R.S.A.-Engelse kinders	Totaal R.S.A. kinders	Skooltotaal	Persentasie Immigrante
Sekondêre skole																														
Afrikaans 1	2					10					1		22			1									36	962		962	998	3,6
Afrikaans 2	2					10							8												22	1223		1245	1245	1,7
Afrikaans 3					2	4							2												6	332		332	338	1,7
Engels	3	2	1			28	4	11	5			4	35	1		94	2		12	88			1		291		319	319	610	47,7
Private Engels 5) 6)	1				1	7	1	5				3	3			5			1	16					43		51	51	94	45,8
Parallelmedium:																														
Parallelmedium, St. 6 - 8 A 1)	1					5							6												12	613		613	625	1,8
E 1)								1								3				22					26		65	65	91	40
totaal	1					5		1					6			3				22					38	613	65	678	716	5,3
Dubbelmedium St. 9 - 10 A	1					2					1		4												8	154		154	162	4,9
E													1			1				2					4		9	9	13	30,1
totaal	1					2					1		5			1				2					12	154	9	163	175	6,8
Skooltotaal	2					7		1			1		11			4				24					50	767	74	841	891	5,6
Tegniese parallelmedium:																														
Parallelmedium St. 6 - 8 A						3							6												9	434		434	443	2,7
E					1	3					2	1	4			5				16					32		39	39	71	4,5
totaal					1	6					2	1	10			5				16					41	434	39	473	514	7,0
Dubbelmedium St. 9 - 10 A						1							2												3	129		129	132	2,1
E					1	1						1	3			1				6					13		14	14	27	48,2
totaal					1	2						1	5			1				6					16	129	14	143	159	10,1
Skooltotaal					2	8					2	2	15			6				22					57	563	53	616	673	8,5
Handelsparallelmedium:																														
Parallelmedium St. 6 - 8 A						1							4												5	90		90	95	5,5
E	1																			2					3		13	13	16	19,0
Totaal	1					1							4							2					8	90	13	103	111	7,2
Dubbelmedium St. 9 - 10 A						1							1												2	131		131	133	1,5
E						1						2	1			1				1					6		25	25	31	19,3
Totaal						2						2	2			1				1					8	131	25	156	164	4,9
Skooltotaal	1					3						2	6			1				3					16	221	38	259	275	5,8
Spesiale skool																														
Spesiale parallelmedium A																									0	342		342	342	0
E						2	1	1				1				4				5					15		29	29	44	34,0
Skooltotaal						2	1	1				1				4				5					15	342	29	371	386	3,9
Primêre skole																														
Afrikaans 1					1	11																			12	714		714	726	1,7
Afrikaans 2					3	9							8												20	643		643	663	3,0
Afrikaans 3						11	2						17												30	547		547	577	5,2
Afrikaans 4						7	3				3		5			4									22	581		581	603	3,5
Afrikaans 5						1	3						4	2		1									11	492		491	502	2,2
Afrikaans 6						5							7												12	701		701	713	1,7
Afrikaans 7						5							16												21	698		698	719	2,9
Afrikaans 8						25	6				3		20												54	887		887	941	5,7
Afrikaans 9						4							18												22	678		678	700	3,1
Afrikaans 10																										470		470	470	0
Afrikaans 11						9							8													969		969	986	1,7
Afrikaans 12					4	5					1		9												19	684		684	703	2,6
Engels 6 1	5			2		5	36	29		3	7	15	5			241	2	1	20	96		1			468		302	302	770	60,9
Engels 6 1			3		1	46	17	22		1		1	12	1	2	4				149					259		395	395	654	39,8
Private Engels 5)	2				4	20	27	23	1			12	15			8			3	40				2	157		136	136	293	53,5
Parallel-medium 1 A	1					2							3			1									7	430		430	437	1,6
E	2		2		1	8	4	3				2				9				57	1				89		136	136	225	35
Skooltotaal	3		2		1	10	4	3				2	3			10				57	1	1		2	96	430	136	566	662	14,6
Parallel-medium 2 A	2				3	3							5												14	653		653	667	2,1
E	9	1		1	1	3	3				1		2						1	104					125		144	144	269	46,1
Skooltotaal	11	1		1	4	6	3				1		7						1	104					139	653	144	797	936	14,8
Totaal 2)	32	3	6	3	23	258	108	95	6	4	19	42	256	4	2	383	4	1	37	604	1	1	1	2	1895	13556	1677	15233	17128	11,1
Persentasie	1,7	,2	,3	,2	1,2	13,6	5,7	5,0	,3	,2	1,0	2,2	13,0	,2	,1	20,2	,2	,05	1,9	31,8	,05	,05	,05	,1	11,1			88,9		
Totaal Afrikaansmedium A	9	0	0	0	13	134	14	0	0	0	5	0	175	2	0	7	0	0	0	0	0	0	0	0	349	13556				
Persentasie Afrikaansmedium A	28	0	0	0	56,5	52	13	0	0	0	26,3	0	68,3	50	0	18,1	0	0	0	0	0	0	0	0	19	89				
Totaal Engelsmedium E	23	3	6	3	10	124	94	95	6	4	14	42	81	2	2	376	4	1	37	604	1	1	1	2	1546		1677			
Persentasie E	71	100	100	100	43,5	48	87	100	100	100	73,7	100	31,7	50	100	81,9	100	100	100	100	100	100	100	100	81		11			
Kleuterskole																														
Parallelmedium								2					4			1									7	96	17	113	120	5,8
Engels 1						3		2		2	3	1	4			3			2	5					25		85	85	110	22,7
Engels 2						12	2						1							15					30	14	15	29	59	50,8
Dubbelmedium 1					2	2		2					2							3					11	30	9	39	48	22,9
Dubbelmedium 2													1						19						20	36	2	38	58	34
Dubbelmedium 3						3	1		1			1	6							22					34	39	12	51	85	40,0
Totaal 3)					2	20	3	6	1	2	3	2	18			4			21	45					127	215	140	355	480	26
Afrikaansmedium A	9	0	0	0	13	134	14	0	0	0	5	0	175	2	0	7	0	0	0	0	0	0	0	0	359	13772				
Persentasie A	28	0	0	0	52	48	13	0	0	0	23	0	64	50	0	2	0	0	0	0	0	0	0	0	19	91				
Engelsmedium E	23	3	6	3	12	144	97	101	7	6	17	44	99	2	2	380	4	1	58	649	1	1	1	2	1536		1817			
Persentasie E	71	100	100	100	48	52	87	100	100	100	77	100	36	50	100	98	100	100	100	100	100	100	100	100	81		9			
Groot totaal 4)	32	3	6	3	25	278	111	101	7	6	22	44	274	4	2	387	4	1	58	649	1	1	1	2	2022	13772	1817	15586	17608	11,4
Persentasie	1,5	,1	,3	,2	1,2	13,7	5,4	5,0	,3	,3	1,5	2,1	13,0	,2	,1	19,1	,2	,05	2,0	32,0	,05	,05	,05	,1	11,4			88,6	100	

* Gegewens verstrek deur skoolhoofde van bogenoemde skole.

1. A = Afrikaansmedium E = Engelsmedium.
2. Totale aantal kinders in sekondêre, spesiale en primêre skole.
3. Totale aantal kinders in kleuterskole.
4. Groottotaal kinders in sekondêre, spesiale, primêre en kleuterskole.
5. Vir doeleindes van hierdie tabel is die primêre en sekondêre afdelings geskei.
6. Hierdie skole verskaf spesiale aanvullende taalonderrig.
7. Vergelyk paragraaf 3.4.3.3.2, tabel 18.

nie[57]. Dit gee aanleiding tot taalkonflik en kulturele onderwysprobleme[58]. Hierby word die geleentheid om die Suid-Afrikaanse kulturele patroon te beleef en in die Suid-Afrikaanse leefwyse op te gaan, beperk. Gevolglik word assimilasie met die outochtone bevolking en versuidafrikaansing gerem.

Die immigrantekinders, vervat in tabel 22 en wat nie een van die twee amptelike tale magtig is nie, bevind hulle ná immigrasie en inskrywing in die betrokke skole in 'n nuwe taalsituasie wat, afhangende van hulle taalherkoms en grade van kulturele vreemdheid, in variërende mate vreemd is[59]. Omdat die voertaal vir hulle vreemd is en hulle nie meer deur medium van hulle primêre moedertaal in kommunikasie tree met ander nie en hulle nie deur hulle moedertaal handhaaf nie, word hulle pedagogiese ontwikkelingsgang onderbreek[60]. Tot tyd en wyl hulle die amptelike voertaal van hulle keuse as sekondêre taal aanleer, is hulle "stom" in die nuwe didakties-pedagogiese situasie en kan hulle nie by die normale skoolkurrikulum baat nie. Die tweede amptelike taal is vanselfsprekend vir hulle 'n derde of vierde taal[61].

Wanneer die dinamiese ontwikkelingsgang van die moedertaal só deur immigrasie onderbreek en versteur word dat die kind deur medium van 'n nuwe voertaal, waarvan kennis by hom ontbreek en waardeur hy die vreemde kultuursisteme van die nuwe Suid-Afrikaanse idiostante kultuurkring waartoe hy toetree, moet aanleer, is kommunikasie met die wêreld versteur en ondervind die kind verskillende spraak- en taalprobleme[62]. Die belangrikste taalprobleem is dat die immigrantekinders wat nie die voertaal magtig is nie, die kultuurtegnieke lees, skryf en spelling van Afrikaans of Engels

---

57. Lewis, E. G. Op. cit., p. 20.
58. Lawton, D. Op. cit., p. 148; Vergelyk paragrawe 4.2.1 en 4.5.
59. Vergelyk paragrawe 3.3.5, tabel 11, en 4.2.2.
60. Lindgren, H.C. & Byrne, D. Op. cit., pp. 531 - 559.
61. Kerr, A. Schools in Europe, pp. 77, 88, 94, 101 en 104.
62. Van Riper, C. Speech correction, pp. 479 - 491 en 526 - 544.

as nuwe voertaal moet bemeester voordat hulle oor die nodige vaardigheid in die gesproke taal beskik, wat onder normale omstandighede as voorwaardelike vanselfsprekendheid veronderstel word[63]. Spraakprobleme, stamel, foutiewe uitspraak, kreoolse taal en 'n vreemde aksent kom gevolglik voor by immigrantekinders wat nie oor voldoende woordeskat en taalvlotheid in die gesosialiseerde voertaal beskik nie[64]. Hulle toon 'n gebrek aan begrip van die idiomatiese taal. Spelprobleme, probleme ten opsigte van die betekenisleer in taal en die gevoelswaarde van woorde gaan by hulle verby en foutiewe interpretasie van leer- en skriftelike opdragte, soos eksamenvraestelle, is 'n algemene probleem wat by hulle voorkom[65]. Die immigrantekind wat nog in die primêre moedertaal dink, maak gedurig van vertaling uit die gesosialiseerde sekondêre taal na sy egosentriese taal gebruik, wat noodwendig die kommunikasie in die klaskamersituasie, die denke en die leer van vakinhoude vertraag[66].

Die aanleer van 'n nuwe voertaal en die swak beheersing daarvan gee onder andere aanleiding tot swak motivering, negatiewe leerintensie, frustrasie, onverskilligheid, wantroue en vyandigheid, onbeheerbare gedrag, aggressiwiteit en 'n uitdagende houding, spanning, angs, vrees en depressie, regressiewe en passiewe terugtrekking van kompetisie en van die onderwys- en klasgebeure sodat die immigrantekinders met die grootste taalprobleme as stilswyende teruggetrokke kinders in die klas sit[67]. Taalgebrek wreek hom noodwendig op die leergebeure en die immigrantekind se skolastiese prestasie en vertroebel die kind se toekomsperspektief[68].

---

63. Vergelyk paragraaf 3.4.4.
64. Van Riper, C. Op. cit., pp. 479 - 491 en 526 - 544; Townsend, H.E.R. Immigrant pupils in England, pp. 36 - 51.
65. Persoonlike ondervinding en onderhoude met hoofde van skole en onderwysers.
66. Lawton, D. Op cit., p. 43.
67. Lindgren, H.C. & Byrne, D. Op. cit., pp. 249 - 286; Persoonlike ervaring.
68. Oosthuizen, J.H.C. Op. cit., p. 6.

Immigrantekinders uit die drie taalkategorieë[69] kan in die praktyk, volgens hulle taalherkoms en hulle kennis van die voertaal van hulle keuse, met die oog op effektiewe spesiale taalonderrig om kommunikasie en aanpassing te versnel in groepe verdeel word, soos hieronder aangedui.

4.3.3 Groepering van immigrantekinders volgens hulle kennis van die voertaal van hulle keuse en van die tweede amptelike taal

Die drie grade van kultuurvreemdheid wat by immigrantekinders onderskei kan word[70], sluit ook taalvreemdheid in. Om 'n taal as voertaal te gebruik, vereis dat die kind die gesproke taal op geselstrant moet beheers, die taalstruktuur willekeurig en outomaties vir kommunikasie kan gebruik[71], die taal met begrip en bevredigende spoed moet kan lees en korrek moet kan skryf[72]. Op grond van hulle beheersing van die voertaal en die tweede taal kan die immigrantekinders, vervat in tabel 22, in onderstaande groepe verdeel word[73].

4.3.3.1 Groepering volgens kennis van Engels as voertaal en Afrikaans as tweede taal

Die immigrantekinders wat Engels as voertaal kies se kennis van Engels varieer as volg langs 'n kontinuum[74]:

(1) Al 100% van die immigrante van die Engelse kategorie met Engels as moedertaal se Engels strek dialekties van Standaard Engels, deur Britse en Amerikaanse Engels tot Suid-Afrikaanse Engels[75]. Hulle Engelse moedertaalonderwys in die land van herkoms het ook 'n kultuur beliggaam wat van die Suid-Afrikaanse kultuur verskil[76]. Hulle beskik oor geen kennis van Afrikaans nie.

---

69. Vergelyk paragraaf 3.3.5, tabel 11.
70. Vergelyk paragraaf 4.2.4.
71. Power, J. Immigrants in schools, p. 14;
    Vergelyk paragraaf 3.3.5, tabel 11.
72. Lado, R. Language teaching, p. 34.
73. Power, J. Op. cit., p. 17.
74. Vergelyk paragrawe 3.4.1.3, 3.4.1.6 en 4.3.2, tabel 22.
75. Brook, G.L. English dialects, pp. 2 - 30.
76. Lawton, D. Op. cit., p. 75;
    Vergelyk paragraaf 3.4.1.3.

(2) Immigrantekinders uit die Kontinentaal-Germaanse en die Diverse kategorie beskik, afhangende van onderrig in Engels as tweede taal op skool in die buiteland[77] of van ervaring in die plaaslike Suid-Afrikaanse kleuter= skool of omgewing[78], oor 'n variërende kennis van Engels. Hierdie kinders het geen kennis of 'n variërende kennis van Afrikaans as omgewingstaal, of bloot 'n begrip van Afrikaans as verwante Kontinentaal-Germaanse taal. Hulle is 'n potensiële bron van linguistiese probleme.

(3) Immigrantekinders van die Kontinentaal-Germaanse en die Diverse kategorie wat hoegenaamd geen kennis van Engels of Afrikaans het nie, is reeds by inskrywing 'n bron van linguistiese probleme.

4.3.3.2 Groepering volgens kennis van Afrikaans as voertaal en Engels as tweede taal

Aangesien al die Engelssprekende immigrantekinders tot Engels as voertaal verplig word omdat dit hulle primêre taal is[79], word hulle buite rekening gelaat in die volgende groepering van immigrantekinders met Afrikaans as voertaal:

(1) Immigrantekinders wat 'n verwante Kontinentaal-Germaanse taal soos Nederlands en Duits praat[80]. Hulle kan met weinig hulp Afrikaans as voertaal toepas. Hulle beskik oor 'n variërende kennis van Engels as tweede Europese skooltaal.

(2) Immigrantekinders van die Kontinentaal-Germaanse en die Diverse kategorie[81], wat met maksimale kultuurkontak Afrikaans as voertaal in die kleuterskool of omgewing aangeleer het en wat weinig linguistiese probleme behoort te ervaar. Hulle kan oor 'n variërende kennis van Engels beskik. Hulle linguistiese probleme sal egter volgens kultuurafstand toeneem.

---

77. Kerr, A. Op. cit., pp. 77, 88, 94, 101 en 104.
78. Vergelyk paragraaf 3.4.3.2.
79. Vergelyk paragrawe 3.4.1.1 en 3.3.5, tabel 11.
80. Vergelyk paragraaf 3.3.5, tabel 12.
81. Loc. cit.

(3) Immigrantekinders uit die Diverse kategorie wat hoege= naamd geen kennis van Afrikaans of Engels het nie. Hulle is reeds by inskrywing 'n linguistiese probleem.

Linguistiese probleme of taalvreemdheid van immigrantekinders korreleer met taalafstand en die tydperk en vlak van bloot= stelling aan die plaaslike sosiale taalgemeenskap.

4.3.3.3 Definisies van immigrantekinders vir taalonderwys= doeleindes

Immigrantekinders wat behoefte het aan taalonderwys, is volgens bogenoemde groepering :

(1) kinders wie se moedertaal Engels is, maar wat geen kennis van Afrikaans as tweede taal het nie;

(2) kinders wie se moedertaal nóg Afrikaans nóg Engels is, en wat geen kennis van Afrikaans of Engels as tweede taal het nie; en

(3) kinders wie se moedertaal nóg Afrikaans nóg Engels is, maar wat wel 'n kennis van Afrikaans of Engels as tweede taal het.

Bogenoemde leerlinge skep taalprobleme in skole.

Met kennis van die voertaal of tweede amptelike taal as kriterium kan immigrantekinders verder vir taalonderwysdoeleindes as volg gedefinieer word:

'n Immigrantekind is 'n kind wat nie die voertaal en/of die tweede amptelike taal op geselstrant beheers nie, die taalstruktuur van die betrokke taal nie willekeurig en outomaties vir kommuni= kasie kan aanwend nie, die voertaal en/of die tweede amptelike taal nie met begrip of bevredigende spoed kan lees of korrek kan skryf nie. Met ander woorde, 'n immigrantekind is 'n poten= siële bron van linguistiese probleme in die voertaal en/of die tweede amptelike taal.

4.3.4 Probleme ten opsigte van taalafstand

Die immigrantekinders se variërende kennis van die voertaal van hulle keuse, veroorsaak linguistiese probleme wat met taalafstand verband hou. Taalafstand is vir die doeleindes van hierdie ondersoek die verskil tussen 'n immigrantekind se moedertaal en Engels of Afrikaans as sekondêre voertaal. Hierdie taalafstand bepaal grootliks hoe gou die immigrante= kind die voertaal kan aanleer om die kommunikasie te herstel sodat hy by die onderwys kan baat.

Die natuurlike ouerkeuse[82)] ten aansien van Engels as voertaal vir al die Engelssprekende kinders vervat in tabel 22 is op= voedkundig verantwoordbaar omdat die kind slegs deur medium van die moedertaal tot volle ontplooiing kom en omdat die taalafstand tussen Suid-Afrikaanse Engels en die Engels van immigrantekinders slegs 'n dialektiese verskil binne Anglo-Fries toon[83)]. Die Skotte, Iere en Wallisers van die Keltiese taalgroep baat ook gouer by Engels as voertaal. Net so is die ouerkeuse ten aansien van Afrikaans as voertaal deur 60% van die Kontinentaal-Germaanse groep[84)] opvoedkundig verantwoord= baar omdat die taalafstand tussen Afrikaans, Nederlands en Duits, as verwante tale van die Dietse stamlande, gering is[85)]. In albei gevalle is kommunikasie en taalbeheersing onmiddellik moontlik, en die immigrantekind kan die voertaal met weinig hulp toepas sodat sy prestasie in Afrikaansmediumskole selfs beter as in Engelsmediumskole is[86)].

---

82. Vergelyk paragrawe 3.4.1.2 en 4.3.2, tabel 22.
83. Brook, G.L. Op. cit., pp. 2 - 30;
    Oosthuizen, J.H.C. Op. cit., pp. 29 - 31.
84. Vergelyk paragrawe 3.4.1.4 en 4.3.2, tabel 22.
85. Vergelyk paragrawe 2.3 en 3.3.5, tabel 11.
86. Vergelyk paragraaf 4.7 en onderhoude met hoofde van skole.

Die kunsmatige ouerkeuse[87] ten aansien van Engels as voertaal by 40% van die Kontinentaal-Germaanse kategorie[88] is nie pedagogies gefundeer nie omdat Engels nie die naaste verwante taal is nie en omdat hierdie keuse deur ekonomiese en godsdienstige oorwegings gemotiveer word[89]. Hierdie immigrantekinders is gevolglik 'n bron van linguistiese probleme omdat hulle meer spesiale Engelse as Afrikaanse taalonderrig moet ontvang om die groter taalafstand te bemeester, en al verwerf hulle ook mettertyd kennis van Engels, verskraal dit hulle dialoog en woordeskat. Hierdeur word kommunikasie en integrasie in die oorwegend Afrikaanssprekende gemeenskap onnodig gerem, en 'n onnodige las van akkumulering van immigrantekinders met linguistiese probleme word op Engelsmediumskole, en veral op Engelse taalklasse, geplaas[90].

Die neiging van Kontinentaal-Germaanse en Diverse immigrante om hulle kinders in kleuterskole te plaas om Engels as voertaal in 'n oorwegend Afrikaanssprekende taalgemeenskap aan te leer, is kunsmatig en ook nie opvoedkundig verantwoordbaar nie omdat hulle die nuwe voertaal nie effektief funksioneel buite die skool kan gebruik nie[91]. Die toenemende neiging van immigrante om hulle verblyf as tydelik te beskou en hulle voorkeur aan Engels[92] is 'n immigrasieprobleem wat 'n onnodige las op Engelsmediumskole plaas. Dit hou geen demografiese voordele in nie, en die kinders is swak gemotiveerd om Afrikaans aan te leer[93]. Die immigrante se voorkeur aan Engels motiveer ook ten dele die Afrikaanssprekende se antipatie teenoor immigrante.

---

87. Oosthuizen, J.H.C. Op. cit., p. 30.
88. Vergelyk paragraaf 3.3.5.
89. Vergelyk paragrawe 2.4, 3.4.1.3 en 4.5.
90. Vergelyk paragrawe 2.2.1 en 4.5.
91. Vergelyk paragraaf 3.4.3.2;
    Lindgren, H.C. & Byrne, D. Op. cit., p. 401.
92. Vergelyk paragrawe 3.3 en 3.4.
93. Onderhoud met hoof van Engelsmedium private skool.

Die kunsmatige ouerkeuse van Engels om ekonomiese en godsdienstige redes as voertaal vir 97% van die immigrantekinders van die Diverse taalkategorie vervat in tabel 22 is nie opvoedkundig verantwoordbaar nie[94]. Die ouers wat hulle verblyf as 'n eksperiment of hulleself as migrerende gasarbeiders beskou en hulle nie met die land en sy ideale vereenselwig nie, hou nie tred met die oorwegend Afrikaanssprekende taalgemeenskap en die immigrasiegeskiedenis van die R.S.A. nie[95]. Hulle voorkeur aan Engels rem hulle aanpassing by die Afrikaanse gemeenskap, en hulle bly vreemd. Die taalafstand tussen die Diverse tale en die amptelike tale van die R.S.A. is opvallend die grootste, en hierdie kinders se gebrek aan kennis van enigeen van die twee amptelike voertale vorm ook die omvangryke probleem wat met verskil in taalsimbole en ouderdom toeneem, soos onder andere ook uit hulle skolastiese prestasieprobleme blyk[96].

4.3.5 Taalsimboolprobleme

Die taalprobleem vir immigrantekinders, wat reeds die taalsimbole van hulle moedertaal aangeleer het, raak nog meer gekompliseerd wanneer die taalsimbole van hulle moedertaal van dié van die amptelike tale van die R.S.A. afwyk. So byvoorbeeld kan dié van Grieks selfs optiese versteuring veroorsaak[97]. Taalprobleme neem ook toe wanneer die sintaksis totaal verskil[98] soos byvoorbeeld dié van Hongaars, Tsjeggies of Portugees teenoor dié van Afrikaans of Engels.

---

94. Vergelyk paragraaf 3.4.
95. Vergelyk paragrawe 2.3 en 3.4.1, tabel 13.
96. Vergelyk paragraaf 4.7.
97. Lewis, E.G. Op. cit., p. 27.
98. Derrick, June. Teaching English to immigrants, p. 21; Stoddard, J. & Stoddard, Frances. The teaching of English to immigrant children, pp. 47 en 100.

4.3.6 Patiese en gnostiese aanleer van taal

Die ouderdom waarop immigrantekinders, veral van die Diverse kategorie immigreer en waarop hulle die voertaal van hulle keuse sowel as die ander amptelike taal moet aanleer, bepaal linguistiese en emosionele probleme[99] wat hulle veral op die immigrantekinders se inpassing en akademiese prestasie wreek. Die kind onder 9 jaar leer die taal paties of onbewus en spelenderwys aan, maar die ouer kind wat dit gnosties of bewus aanleer, neem veel langer om die taal aan te leer en gevolglik kom legastenie algemeen onder ouer immigrantekinders voor[100]. Akoesties-artikulatoriese moeilikhede en probleme ten opsigte van die betekenisleer in die taal is simptomaties van immigrantekinders met leesswakheid, en die volgende uitspraakfoute kom algemeen ten opsigte van Engels voor:

reacher in plaas van richer;
outher in plaas van other;
fool in plaas van full;
colet in plaas van cold; en
leaves in plaas van lives[101].

Die onvermoë om die voertaal aan te leer, lei tot ernstige frustrasie en 'n neiging om na die teleurstelling weer na die land van herkoms te emigreer[102]. Een geval is aangeteken waar vlugtelinge van agter die Ystergordyn, weer terug is na Tsjeggo-Slowakye[103]. Emosionele wanaanpassing by ouer immigrantekinders is dikwels die resultaat van kultuurkonflik - omdat taal kultuur beliggaam - van denke deur medium van die primêre egosentriese taal en van kommunikasie deur medium van 'n nuwe, vreemde sekondêre taal[104]. Die daaruit spruitende

---

99. Luria, A.R. & Yudovich, F. I. Speech and the development of mental processes in the child, pp. 7 - 30.
100. Vergelyk paragraaf 4.7;
Lewis, E.G. Op. cit., p. 26.
101. Persoonlike waarneming;
Vergelyk ook paragraaf 3.2.
102. Persoonlike waarneming.
103. Loc. cit.
104. Lewis, E. G. Op. cit., p. 28.

emosionele onstabiliteit manifesteer hom in ongereelde skool= bywoning tot tyd en wyl hulle deur medium van die nuwe voertaal kan kommunikeer[105]. Vanweë die taalprobleme wat met toenemende ouderdom tred hou, ondervind hierdie kinders moeite met die aan= leer van die tweede amptelike taal, vandaar dat die Gemeenskaplike Matrikulasieraad 'n taalkonsessie vir hierdie leerlinge moes instel[106].

4.3.7 Die eis van twee amptelike tale en taalverwarring

Dit is vir die immigrantekind van die grootste belang om eers die voertaal te bemeester om die onderbroke pedagogiese ont= wikkelingsgang te hervat. Die eis wat aan immigrantekinders in die junior primêre fase gestel word om albei amptelike tale te leer wanneer die kind se moedertaal nog nie gekonsolideer is nie en die kind ook nie die voertaal magtig is nie, veroorsaak nie net vir die kind nie maar ook vir die onderwysers probleme[107]. 'n Ongelyke eis word ook aan ouer Diverse immigrantekinders gestel om die twee amptelike tale gelyktydig aan te leer en later met Suid-Afrikaners en Engelse immigrante, wat slegs een taal moet leer, mee te ding in dieselfde vakke. Dit kan nie van immi= grantekinders verwag word om twee tale gelyktydig aan te leer nie, omdat die twee tale verskillende klankstelsels en sinskon= struksies het, wat taalverwarring sal skep en leerlinge ontmoedig. Dit het ook 'n remmende invloed op die aanleer van die voertaal en veroorsaak kultuurkonflik wanneer die sosiale taalomgewing van dié van die skool verskil[108]. Ouer immigrantekinders is ook veral swak gemotiveerd om die tweede amptelike taal, in die meeste gevalle Afrikaans, aan te leer.

---

105. Persoonlike ervaring.

106. Vergelyk paragraaf 3.4.3.3;
Lenneberg, E. H. Biological foundations of language, pp. 178 - 179.

107. Vergelyk paragraaf 3.4.3.3.1;
Lewis, E.G. Op. cit., p. 28.

108. Watts, A.F. Language and the mental development of children, p. 131.

4.3.8 Sosiale taalomgewing

Die sosiale taalomgewing is 'n belangrike faktor in die ontwikkeling van die primêre egosentriese en sosiale spraak en taal van 'n kind vanweë die voedende, prikkelende invloed van maksimale taalkontak, interaksie en omgang met verloop van tyd in die taalgemeenskap[109]. Net so is kontak in die taalgemeenskap van die skoolklas- en buiteskoolse speelmaats belangrik vir immigrantekinders wat 'n sekondêre taal as voertaal moet aanleer, want hoe gou die kind die taal aanleer, hang af van die omvang en tipe van die stimulering wat hy van die omgewing kry[110].

Die probleem in die ondersoekterrein is dat die immigrantekinders vanweë akkumulering en taalgroepvorming, moedertaalonderwys in private skole en ghettovorming nie maksimale fisiese en funksionele taalkontak in die sosiale taalomgewing maak nie.

4.3.8.1 Akkumulering en taalgroepvorming

Die voorkeur aan Engels as voertaal in die oorwegend Afrikaanssprekende gemeenskap laat 81% van die immigrantekinders in Engelse skole en -klasse opeenhoop totdat dit 'n belemmering vir taalkontak is[111]. Vanweë die fundamentele neiging van die mens om sy eie soort te soek, en deels as gevolg van 'n gebrek aan kennis van die voertaal, kom taalgroepvorming algemeen voor in skole, en dit beperk fisiese kontak deurdat Engelssprekende Suid-Afrikaanse kinders hulle van die immigrantekinders wat nie die voertaal vlot praat nie, isoleer[112]. Die houding van die Suid-Afrikaanse kinders jeens die immigrante, veral van die Diverse groep, vertraag integrasie, rem versuidafrikaansing en bevorder nie die harmoniese lewe met die medemens nie.

---

109. Lawton, D. Op. cit., p. 40.
110. Morgan, C.T. & King, R.A. Introduction to psychology, p. 65.
111. Vergelyk paragrawe 3.4, kaarte 2 en 3, en 4.3.2, tabel 22.
112. Persoonlike ervaring;
Brown, L.G. Op. cit., pp. 3 en 16.

Isolasie van groot getalle immigrantekinders in immigranteklasse is egter soms nodig om die outochtone kinders se maksimale kultuurkontak met hulle eie kultuur te beskerm en hulle vor= dering nie te rem nie[113]. Waar fisiese kontak só deur isolasie beperk word, kommunikeer immigrantekinders, veral van die Diverse kategorie, binne en buite die klaskamer gedurig in hulle moeder= taal. Hulle voel dat hulle nie die sekondêre voertaal hoef te gebruik nie, omdat hulle hulle beter in hulle primêre taal kan handhaaf. So voel hulle dan nie minderwaardig en gefrustreerd as gevolg van hulle onvermoë om in die sekondêre taal te kommunikeer nie[114]. Waar immigrantekinders net op mekaar aangewese is om oefening in die gebruik van die voertaal te kry, sal die aanleer van die voertaal noodwendig gerem word sodat dit met verskraalde dialoog en taaltekorte gepaard gaan. Indien hulle wel na skool met speelmaats van die omgewing kom= munikeer, vind dit hoofsaaklik deur medium van Afrikaans plaas sodat hulle Engels - wat hulle amptelike voertaal is - nie funksioneel na skool gebruik nie[115].

Hierdie probleem ontstaan ook vir kinders van konstruksiewerkers wanneer hulle konstruksiewerk op die platteland moet onderneem, waar slegs Afrikaansmediumskole beskikbaar is[116].

Daar is 'n hoë korrelasie tussen die sosio-ekonomiese status van die gesin en die taalontwikkeling van die kind[117]. Die immi= grantekinders se ouers is hoofsaaklik fabrieks- en konstruksie= werkers wat tuis deur medium van hulle moedertaal kommunikeer[118].

---

113. Vergelyk paragraaf 4.5.1.2.1, tabel 31.
114. Persoonlike ervaring;
Lindgren, H.C. & Byrne, D. Op. cit., pp. 249 - 286.
115. Lewis, E.G. Op. cit., p. 26;
Persoonlike waarneming.
116. Onderhoude met immigranteouers en -kinders.
117. Lawton, D. Op. cit., p. 73.
118. Persoonlike waarneming.

Die kind is dus na skool op die maats van die sosiale taal= omgewing aangewese om die sekondêre voertaal te leer. Hierdie groeptaal van die maats sluit nie die vaktaal van die volwasse wêreld in nie, en by gebrek aan kontak met volwasse Suid-Afrika= ners is die kind totaal op die onderwyser aangewese vir die aanleer van die vak- en formele taal van die volwasse wêreld[119].

4.3.8.2 Moedertaalonderwys beperk fisiese en funksionele kontak

Die meeste immigranteouers behou die moedertaal as huistaal, veral omdat die moeder in gebreke bly om die amptelike voertaal wat hulle vir die kind kies, aan te leer[120]. Hulle verwag dus dat hulle kinders die huistaal tuis gebruik en 'n private immigranteskool besoek om sodoende nie die moedertaal te verwaarloos nie. 'n Geval is by die private Engelsmediumskool aangeteken van 'n dogter wat ernstige lyfstraf tuis ontvang indien sy Engels in die huis durf praat[121]. Behalwe die feit dat die bemagtiging van die sekondêre voertaal só gerem word, gee dit dikwels aanleiding tot emosionele verskeurdheid en aanpassingsprobleme wanneer immigrantekinders twee kulture beleef[122]. As sogenaamde marginal man is 'n immigrantekind, wat aan die periferie van sy eie kultuur en die Suid-Afrikaanse kultuur leef, altyd bewus van kulturele verskille omdat taal die voorwaarde tot kulturele verbondenheid is[123]. Dit kan ook gebeur dat die kind hom nie ten opsigte van een van die twee kulture wil kompromiteer nie.

---

119. Lawton, D. Op. cit., p. 73.
120. Persoonlike waarneming.
121. Onderhoud met hoof van private Engelsmediumskool.
122. Borrie, W.D. The cultural integration of immigrants, p. 121.
123. Lewis, E.G. Op. cit., p. 27.

Immigrantekinders by wie taalverskuiwing reeds plaasgevind het, d.w.s. wat reeds deur medium van die sekondêre voertaal dink en hulle met die ooreenstemmende kultuurgroep identifiseer, ondervind dikwels huislike probleme omdat hulle verkies om die sekondêre voertaal van die adolessente groep, waarin hulle geassimileer is, te gebruik[124]. Dit lei soms tot gebrek aan begrip tussen die kind en die ouers, wat poog om die kind nog deur medium van die primêre taal op te voed. Daar is dan ook dikwels geen kontak tussen die ouer en die groep maats met wie die immigrantekinders hulle identifiseer nie[125]. Dit gee dikwels aanleiding tot konflik en onbesliste keuses deur die kind self.

4.3.8.3 Ghettovorming beperk funksionele taalkontak

Immigrantekinders in 'n ghetto, wat die funksionele afstand tussen die tradisionele taalgemeenskap van die outochtone bevolking en die immigrantetaalgemeenskap beklemtoon, se maksimale funksionele blootstelling aan en kontak met die tradisionele taalgemeenskap van die omgewing word beperk omdat hulle hoofsaaklik die taal van die ghetto hoor[126]. Hulle bewustheid van hulle kulturele verskil het 'n remmende invloed op die aanleer van die sekondêre voertaal. Isolasie is dan ook een van die faktore wat bydra tot die behoud van die volkskarakter en die voortbestaan van 'n taaleiland[127]. Die immigrante kan hulle volkome uitleef in die ghetto sonder om die Suid-Afrikaanse kultuurpatroon te beleef. Isolasie in 'n ghetto het dikwels 'n kreoolse sekondêre taal en swak skolastiese prestasie en remming van kulturele integrasie tot gevolg[128].

---

124. Department of Education and Science. The education of immigrants. Education Survey 13, p. 65.

125. Oakley, R. New backgrounds, p. 103.

126. Persoonlike waarneming.

127. Van der Merwe, H.J.J.M. Op. cit., pp. 369 - 374.

128. Vergelyk paragraaf 4.5.1.2.1, tabel 31.

4.3.9 Taal, kultuur en intelligensieprobleme

Departementele maatreëls maak voorsiening vir intelligensie=meting[129], vanweë die pedagogiese voorspellingswaarde van die I.K.[130] ten opsigte van skolastiese potensiaal en pres=tasie en met die oog op gedifferensieerde onderwys[131]. Die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing se Nuwe Suid-Afrikaanse Groepstoetse, wat die vermoë om met nie-verbale abstrakte sim=bole te werk en ook die verbale vermoë meet, word vir dié doel in die ondersoekterrein gebruik om die I.K. van Suid-Afrikaanse sowel as immigrantekinders te bepaal[132]. Aangesien hierdie N.S.A.G.T., wat vir die blanke Suid-Afrikaanse kultuurgroepe gestandaardiseer is, nie kultuurvry is nie en vir immigrante deur medium van Afrikaans of Engels afgeneem word, moet die geldigheid van die toets en die pedagogiese voorspellingswaarde daarvan vir kinders van ander kulture onmiddellik bevraagteken word[133]. By die kwalitatiewe analise van die toetsprestasie sal die nie-verbale, en by hertoetsing die verbetering in toetsprestasie 'n aanduiding van die kind se potensiaal gee[134].

Taal as draer van kultuur vervul die rol van toepassingsmiddel vir die intelligensie van 'n persoon binne die kultuurpatroon waarin hy lewe; met ander woorde, intelligensie is die po=tensiaal van die kind om die kultuur te verower[135]. Wanneer

---

129. T.O.D. Handleiding vir skoolorganisasie, p. 15;
O.V.S. Onderwysburo-inligting.

130. Anastasi, Anne. Psychological testing, p. 212.

131. Republiek van Suid-Afrika. Wet no. 39, art. 2(1)(f).

132. T.O.D. Op. cit., p. 15.

133. Haynes, Judith M. Educational assessment of immigrant pupils, pp. 20 - 25;
Department of Education and Science. Potential and progress in a second culture. Educational survey no 10, p. 19;
Heinichen, F.W.O. Die toepasbaarheid van die N.S.A.G. (Intermediêr Reeks G) op Indiërleerlinge, p. 131.

134. Anastasi, Anne. Op. cit., p. 250 - 253;
Robbertse, J.H. Die bydrae van enkele nie-intellektuele faktore tot die voorspelling van waarskynlike skoolpres=tasie met behulp van die Nuwe Suid-Afrikaanse Groeptoets met spesiale verwysing na die rol van moderator-veranderlikes, p. 160.

135. Nel, B.F. Sonnekus, M.C.H. & Garbers, J.G. Grondslae van die psigologie, p. 311.

taal dus by 'n persoon tekortskiet, sal die intelligensie as die kombinasie van vermoëns nodig vir behoud, ontwikkeling en vordering binne 'n besondere kultuur, veel moeiliker tot uiting kom[136]. Dit geld veral vir die immigrantekind waar taalverbetering en toenemende deurbreking tot die Suid-Afrikaanse kultuur met verloop van tyd en blootstelling aan die Suid-Afrikaanse kultuur tot 'n verbetering in toetspres= tasie in die N.S.A.G.T. behoort te lei, soos blyk uit tabel 23.

Dit blyk duidelik uit tabel 23 dat die verwagte verbetering ten opsigte van intelligensie by die steekproef[137] wel plaas= gevind het. Van iedere toetsling is die resultate van twee I.K.-toetse, wat met tussenpose van drie jaar geneem is, ge= tabuleer en in tabel 23 vergelyk. Volgens tabel 23 het daar by iedere toetsling, sowel met die verbale as die nie-verbale en die totale I.K. verbetering ingetree. In die geval van die Engelse groep was die gemiddelde verbetering : V 8, NV 9, To= taal 8; vir die Kontinentaal-Germaanse groep : V 7, NV 13, Totaal 11; vir die Diverse groep : V 7, NV 9, Totaal 9; en vir die kontrolegroep Suid-Afrikaners : V 1,6, NV 2,2 en Totaal 1. Dit is dus duidelik dat waar die Suid-Afrikaanse kontrolegroep se I.K. weinig verbeter het, die I.K. van die immigrantegroep in dalende graad van Kontinentaal-Germaans deur Diverse na Engelse in vergelyking veel meer verbeter het.

Alhoewel I.K. metastabiel is, soos blyk uit die toetsprestasie van die R.S.A.-kontrolegroep, wil dit uit die verskil in im= migrantekinders se toetsprestasies voorkom met longitudinale blootstelling aan die Suid-Afrikaanse kultuur na drie jaar, asof daar 'n positiewe korrelasie tussen taalontwikkeling en

---

136. Anastasi, Anne. Op. cit., p. 211.
137. Vergelyk paragraaf 3.2.

Toetsprestasie in N.S.A.G.T.[1] / Meting[2]		ENGELS							KONTINENTAAL-GERMAANS							DIVERSE							R.S.A.						
		Steekproefnommer	Verbaal	Nie-verbaal	Totale I.K.	Verskil[4] V.	Verskil[4] NV.	Verskil[4] T.	Steekproefnommer	Verbaal	Nie-verbaal	Totale I.K.	Verskil V.	Verskil NV.	Verskil T.	Steekproefnommer	Verbaal	Nie-verbaal	Totale I.K.	Verskil V.	Verskil NV.	Verskil T.	Steekproefnommer	Verbaal	Nie-verbaal	Totale I.K.	Verskil V.	Verskil NV.	Verskil T.
Meting	1	30	120	119	121				25	106	98	102				131	-75	-75	-75				167	90	103	96			
	2		124	128	125	4	9	4		109	116	114	3	18	12		-75	93	82	0	18	7		91	101	95	1	2	1
Meting	1	71	90	96	93				17	90	94	92				3	96	98	97				174	111	113	113			
	2		95	105	94	5	9	11		103	125	113	13	31	21		106	103	104	10	5	7		112	115	113	1	2	0
Meting	1	34	104	100	102				7	111	118	115				41	82	109	94				214	114	106	110			
	2		113	116	116	9	16	14		120	124	125	9	6	10		94	115	104	12	6	10		110	110	112	4	4	2
Meting	1	55	110	132	122				5	101	98	100				84	102	89	97				108	100	100	100			
	2		123	144	135	13	12	13		122	118	122	21	20	22		107	106	104	5	17	7		103	102	102	3	2	2
Meting	1	3	125	133	132				3	97	102	99				121	108	95	101				114	109	110	111			
	2		133	133	136	8	0	4		113	124	120	16	22	21		108	112	115	0	17	14		111	112	112	2	2	1
Meting	1	9	122	123	131				2	102	99	100				19	-75	100	82				42	105	104	106			
	2		137	140	132	15	17	1		103	113	108	1	14	8		81	119	101	6	19	19		106	107	106	1	3	0
Meting	1	1	108	110	110				13	116	114	116				105	117	121	112				60	113	118	117			
	2		114	118	118	6	8	8		120	113	120	4	1	4		121	122	119	4	1	7		113	116	115	0	2	2
Meting	1	4	107	110	109				4	113	105	114				112	97	93	102				92	113	125	119			
	2		112	118	116	5	8	7		120	123	120	7	18	6		110	107	110	13	14	8		114	120	119	1	5	0
Meting	1	14	102	100	102				5	110	100	105				98	79	86	83				94	104	110	107			
	2		108	110	108	6	10	8		111	118	115	1	8	10		87	86	86	8	0	3		101	113	108	3	3	1
Meting	1	29	110	112	111				8	122	101	112				78	103	101	102				87	129	134	132			
	2		118	122	120	8	10	9		131	113	123	9	12	11		102	113	109	1	12	7		129	134	132	0	0	0
Meting	1	36[3]	115	120	119				7	102	115	109				19	100	111	105				81	127	116	123			
	2		124	131	128	9	11	9		102	122	114	0	7	5		106	112	114	6	1	9		126	118	122	1	2	1
									6	121	119	124				20	-75	100	86				75	111	109	112			
										125	117	128	4	-2	4		92	100	96	17	0	10		113	112	114	2	3	2
									12	125	125	127											22	100	103	102			
										135	136	137	10	11	10									101	104	103	1	1	1
									14	100	106	103											20	124	118	122			
										108	120	115	8	14	12									120	120	120	4	2	2
									11	113	132	122											88	104	110	107			
										119	143	130	6	11	8									103	109	106	1	1	1
Totale toename						88	110	88					112	191	164					82	110	108					25	34	16
Gemiddelde toename						8	10	8					7	13	11					7	9	9					1,6	2,2	1

*Gegewens verstrek deur skoolhoofde.

1. N.S.A.G.T. - Nuwe Suid-Afrikaanse Groepstoetse.
2. Voorsiening word vir meting in Sts. 3, 5, 6 en 9 gemaak maar slegs twee toetsprestasies was vir leerlinge beskikbaar.
3. Slegs 'n beperkte aantal leerlinge van die steekproef het meer as een toets afgelê.
4. Die verskil toon die toename in toetsprestasie na verloop van drie jaar.

toetsintelligensie is. Voorts blyk dit uit die gemiddelde toename in toetsprestasie van immigrantekinders dat die Kontinentaal-Germaanse kinders se I.K. meer verbeter as dié van Engelse en Diverse kinders, wat dui op die waarskynlikheid dat die Kontinentaal-Germaanse kinders beter deurbreek tot die Suid-Afrikaanse kultuur omdat die kultuurafstand kleiner is en die groter blootstelling aan die Suid-Afrikaanse kultuur in Afrikaanse skole aanpassing ter plaatse bevorder[138].

Aangesien die onderwys op die volledige ontplooiing van die kind toegespits is en immigrantekinders ook suksesvol in die Suid-Afrikaanse kultuur wil en moet presteer, is dit nodig om die potensiaal van die kinders te bepaal, veral van diegene met leerprobleme. Die Diverse groep immigrantekinders word egter aan die gevaar blootgestel dat hulle volgens hulle aanvanklike lae toetsintelligensie onder die domnormales (I.K. 80 - 90) en subnormales (I.K. 50 - 80) geklassifiseer en verkeerd geplaas kan word[139].

Hoedanig die verspreiding van die I.K. van die verskillende etniese groepe immigrantekinders in die steekproef van dié van die kontrolegroep verskil, blyk uit tabel 24 en fig. 3. Volgens fig. 3 het die Suid-Afrikaanse kinders en Engelse in vergelyking met die immigrante groepe gemiddeld 'n hoër intelligensie, I.K. 105 - 110, as enigeen van die immigrantegroepe (Kontinentaal-Germaans 100 - 105 en Diverse 90 - 95). Volgens fig. 3 toon die I.K. van die Engelse kategorie (3,1) 'n simmetriese plat verdeling, dié van die Kontinentaal-Germaanse kategorie (3,2) 'n spitsverdeling wat positief skeef is en dié van die Diverse kategorie (3,3) 'n sodanige simmetriese spitsverdeling dat 50% van hierdie immigrantekinders as domnormaal geklassifiseer kan word. Volgens die toetsintelligensie het die Diverse groep minderwaardige onderwyspotensiaal en is hierdie kinders

---

138. Vergelyk paragraaf 4.3.2, tabel 22, en 4.7.
139. Nel, B.F. Sonnekus, M.C.H. & Garbers, J.G. Op. cit., p. 313; Vergelyk paragraaf 3.4.3.

Tabel 24

Frekwensietabel van I.K.'s van 'n steekproef immigrante= en 'n kontrolegroep Suid-Afrikaanse kinders*

Klasinterval	F	F	F	F
I. K.	KG[2]	E[3]	Diverse	R.S.A.
60 - 65				1
65 - 70			1	1
70 - 75	1	1	2	1
75 - 80	1	1	3	2
80 - 85	2	3	11	4
85 - 90	3	4	12	9
90 - 95	7	5	16	10
95 - 100	11	6	14	13
100 - 105	14	7	12	16
105 - 110	12	10	7	25
110 - 115	10	8	2	23
115 - 120	8	7	2	20
120 - 125	7	6		8
125 - 130	6	4		7
130 - 135	5	2		4
135 - 140	2	2		2
140 - 145		1		2
145 - 150				1
	89[1]	67[1]	82[1]	149

*Gegewens verstrek deur skoolhoofde.

1. Die rede waarom die getalle nie met die steekproef- en kontrolegroep ooreenstem nie, is omdat kinders onder St. 3 nie getoets word nie en 'n toetsprestasie vir ander ontbreek het.

2. KG : Kontinentaal-Germaans.
3. E : Engelssprekende.

Figuur 3

Histogramme van intelligensiekwosiente van immigrantekinders*

3.1 Engelse immigrantekinders (platverdeling simmetries)



3.3 Diverse immigrantekinders (simmetries)



3.2 Kontinentaal-Germaanse immigrante= kinders (positief skeef)



3.4 Suid-Afrikaanse kinders (spitsverdeling negatief skeef)



*Gegewens verkry van paragraaf 4.3.9, tabel 24.

op spesiale onderwys aangewese[140]. Dit is belangrik om later vas te stel of groter skolastiese erosie by die Diverse kategorie voorkom. Alhoewel 2% van die skoliere in die Spesiale Skool Diverse immigrantekinders is, is dit in hierdie opsig werklik verontrustend dat 96% van die kinders in die Spesiale Skool Afrikaanssprekend is[141]. Die intelligensie= verspreiding in figuur 3 hou beslis verband met die sosio-ekonomiese vlak van die ouers[142]. In die industriële gemeen= skap van die ondersoekterrein, waar 280 Suid-Afrikaanse ouers van die kontrolegroep as pyppassers, turbinedrywers, hyskraan= drywers, operateurs, takelaars, ens., in die fabrieke werk, kan verwag word dat die histogram (3,4) vir Suid-Afrikaanse kinders negatief skeef sal wees[143]. Die I.K.-verspreiding van die kontrolegroep Suid-Afrikaanse kinders moet egter nie as verteenwoordigend van die Suid-Afrikaanse skoolbevolking beskou word nie.

Voorgaande toetsresultate stem ooreen met dergelike resultate behaal in Engeland en die V.S.A., naamlik dat immigrantekinders van Sentraal- en Noord-Europa en die Engelssprekende lande se skolastiese potensiaal net so goed, en selfs beter as dié van die outochtone bevolking is, dog dat die kinders van Suid-Europa 'n agterstand het, wat deels aan genetiese en deels aan omge= wingsfaktore toegeskryf kan word[144].

---

140. Vergelyk paragraaf 3.4.

141. Vergelyk paragrawe 4.3.2, tabel 22, en 4.7;
Viljoen, G. van N. Afrikaners van die Rand staan agter. Die Transvaler, 30 Januarie 1973, p. 5.

142. Lawton, D. Op. cit., p. 38.

143. Vergelyk paragrawe 3.2 en 3.3.1, tabel 8.

144. Cohen, D. K. Immigrants and the schools. Review of educational research, Vol. 40, no. 1, Feb. 1970, pp. 13 - 27.

Die volgende is moontlike verklarings vir die feit dat al die immigrantekinders van die Diverse kategorie se I.K. volgens figuur 3 (3,3) onder 115 lê en dat hulle 'n gemiddelde I.K. van 90 - 95 het:

(1) Ondersoek het aan die lig gebring dat 'n groot aantal Diverse immigrante die land in 1965 onwettig binnegekom het en dus nie voldoen het aan die vereistes van die Departement van Immigrasie nie[145]. Hulle swak toets= prestasies kan dus gedeeltelik aan genetiese faktore toe= geskryf word.

(2) Talle van hierdie Diverse immigrantekinders toon tekens van kulturele verstokenheid[146].

(3) Die groter kultuurafstand en die taalprobleme van die Diverse kategorie gee aanleiding tot hulle linguistiese en kulturele agterstand en hulle klaarblyklike onvermoë om deur te breek tot die Suid-Afrikaanse kultuur en hulle in die vreemde kultuur te handhaaf[147].

(4) Gebrek aan blootstelling aan die Suid-Afrikaanse kultuur, as gevolg van opeenhoping in Engelsmediumskole, ghetto= vorming en isolasie rem blykbaar hulle ontwikkeling en vordering in die Suid-Afrikaanse kultuur[148].

Ten einde verder lig te werp op die voorspellingswaarde van I.K. vir eksamenprestasie by die verskillende kategorieë immigrante= kinders, is figuur 4 saamgestel.

---

145. Republiek van Suid-Afrika. Debatte van die Volksraad, no. 9, 26 - 30 Sept. 1966, p. 3008.

146. Vergelyk paragraaf 1.4.6;
Bloom, B. S. Davis, A. & Hess, R. Compensatory education for cultural deprivation, p. 72.

147. Loc. cit.;
Vergelyk paragraaf 4.7.

148. Van der Merwe, H.J.J.M. Op. cit., p. 370.

Figuur 4

Gemiddelde I.K. en gemiddelde eksamenprestasie van immigrante- en Suid-Afrikaanse kinders*



*Gegewens verkry van hoofde van skole;
Vergelyk paragrawe 4.3.9, tabel 24, en 4.7.2.1, tabel 35.

Dit blyk uit figuur 4 dat die toetsintelligensie vir immigrante-kinders weinig voorspellingswaarde vir skolastiese prestasie het, dog wel vir Suid-Afrikaanse kinders, want laasgenoemde se skolastiese prestasie toon 'n noue verband met hulle I.K. Die Kontinentaal-Germaanse kinders presteer op primêre en sekondêre vlak beter, die Engelse presteer op primêre vlak beter dog op sekondêre vlak swakker, terwyl die Diverse immigrantekinders, veral van die tweede generasie, in primêre skole beter presteer as op sekondêre vlak en as wat volgens die I.K. verwag kan word. Die probleem van variërende potensiaal en werklike prestasie by die verskillende groepe immigrantekinders spreek by herhaling uit figuur 4.

4.4 Probleme in verband met skoolplig en leeftydsbou

Skoolplig in die R.S.A. verskil van die skoolplig in die lande van herkoms, soos blyk uit tabel 25. Dit dra grootliks by tot die probleme in verband met verskil in skolastiese niveau [149].

Tabel 25

Verskil in skoolplig in lande van herkoms en die R.S.A.*

Skoolplig-grense in jare	Lande van herkoms									
	Wes-Duitsland	Frankryk	Griekeland en Ciprus	Nederland	Portugal	Spanje	Italië	Verenigde Koninkryk	Tsjeggo-Slowakye	R.S.A.
Onderste grens	6	6	6	7	7	6	6	5	6	6
Boonste grens	18	16	12	15	13	14	14	15 (16)	15	16

*Kerr, A. Schools in Europe, p. 162;
UNESCO. Statistical Year Book 1972, pp. 79 - 91.

Wat die aanvangsouderdom betref, het die Engelse kinders volgens tabel 25 'n jaar voorsprong op die Suid-Afrikaners. Vandaar dan ook talle aansoeke van vyfjarige leerlinge om weer na immigrasie tot skole toegelaat te word omdat hulle reeds in Engeland op skool was. Die Portugese en Joego-Slawiese kinders het weer 'n jaar agterstand. As gevolg van die uiteenlopende boonste grens van skoolplig gebeur dit dikwels dat sommige immigrantekinders, veral diegene uit Portugal, Spanje en die Balkanlande, geen na-primêre onderwys geniet het nie en selfs die skool verlaat het

149. Vergelyk paragrawe 3.4.2 en 4.7.

of alreeds in 'n betrekking gestaan het voordat hulle ge= immigreer het. Hier te lande is hulle egter opnuut skoolpligtig. Hulle potensiaal om die Suid-Afrikaanse kultuur aan te leer, is beperk. Hierdie groep veroorsaak dikwels dissiplinêre probleme op skool, maar daar is vir hulle voorsiening vir vrystelling van skoolplig gemaak[150]. Dit veroorsaak egter die probleem dat hierdie kinders swak toegerus is om kultureel te integreer en ekonomies produktief te wees. Indien hulle egter op skool aanbly, vorder hulle, slegs met die grootste deursettingsvermoë, stadig[151].

Dit blyk ook dat die ouer immigrantekinders van die Diverse kategorie, wat in die buiteland op skool was, gemiddeld stadiger vorder en skolasties agter die Suid-Afrikaanse kinders van die= selfde ouderdomsgroep raak soos aangedui in tabel 26.

Die leeftydsbou van die Kontinentaal-Germaanse en Engelse kinders stem grootliks ooreen met die Suid-Afrikaanse leeftydsbou maar die hoër ouderdomme van die Diverse immigrantekinders vir oor= eenstemmende standerds is opvallend.

Die gestremde immigrantekind wat op spesiale onderwys aangewese is, maar op skoolpligtige leeftyd by die normale primêre skool ingeskryf word omdat hy nog nie gesertifiseer of getoets is nie, het 'n veel moeiliker taak as die normale immigrantekind om die taal aan te leer. By gebrek aan kultuurvrye toetse moet die aanbeveling vir sertifisering berus op die kind se leervermoë en skolastiese vordering, en dit verg waardevolle tyd. Die diagnose van oudio-visuele tekortkominge, wat die aanleer van taal kan beïnvloed, lewer by hierdie immigrantekinders ook soms ernstige probleme op. Hulle bywoning van die gewone klas is derhalwe in ernstige gevalle nie net vir hulleself nie maar ook vir hulle klasmaats nadelig omdat hulle 'n steurende, remmende invloed uitoefen[152].

---

150. Vergelyk paragraaf 3.4.2.

151. Vergelyk paragraaf 4.7.3.3, tabel 42.

152. Klasonderwyseres se waarneming.

Tabel 26

Leeftydsbou van immigrante- en Suid-Afrikaanse kinders, 1972*

Standerd	Ouderdomspan van Suid-Afrikaanse kinders		Ouderdomspan van immigrantekinders		
	Normale ouderdomspan op 31 Desember	Ouderdomspan op 31 Desember met inagneming van ontluiking	Kontinentaal-Germaans	Engels	Diverse
Graad i	6 tot 7+	6 tot 8+	6 - 8	6 - 8	6 - 8
Graad ii	7 tot 8+	6 tot 9+	7 - 9	7 - 9	7 - 9
Standerd 1	8 tot 9+	7 tot 10+	8 - 10	8 - 10	8 - 10
2	9 tot 10+	8 tot 11+	9 - 11	9 - 11	9 - 11
3	10 tot 11+	9 tot 12+	10 - 12	10 - 12	10 - 11
4	11 tot 12+	10 tot 13+	11 - 13	11 - 13	11 - 13
5	12 tot 13+	11 tot oorplasings= ouderdom	12 - 13	12 - 13	12 - 13
6	13 tot 14+	12 tot 15+	13 - 15	13 - 15	13 - 16
7	14 tot 15+	13 tot 16	14 - 16	14 - 16	14 - 17
8	15 tot 16+	14 tot 17+	15 - 17	15 - 17	15 - 18
9	16 tot 17+	15 tot 18	16 - 18	16 - 18	16 - 19
10	17 tot 18+	16 tot 19	17 - 19	17 - 19	17 - 20

*T.O.D. Handboek vir skoolorganisasie, p. 69 en persoonlike waarneming.

4.5 Die oneweredige verspreiding van immigrantekinders in die skole van die ondersoekterrein

Die oneweredige verspreiding van immigrantekinders in die skole van die ondersoekterrein, is 'n onderwysprobleem wat deur vreemdheid gemotiveer word en die uitwyking van die outochtone skoolbevolking veroorsaak sodra 'n skool die kritieke versadigingspunt bereik[153].

4.5.1 Oneweredige verspreiding van immigrantekinders as organisatoriese onderwysprobleem

Die belangrikste aspekte van die oneweredige verspreiding van immigrantekinders, soos geïllustreer in kaarte 2 en 3 en tabelle 14 en 22[154], is die verspreidingspatroon volgens voertaalkeuse, die numeriese verhouding van immigrantekinders tot Suid-Afrikaanse kinders in skole en die oneweredige numeriese verhouding tussen etniese groepe immigrantekinders.

4.5.1.1 Die verspreidingspatroon volgens voertaalkeuse

Op grond van hulle voertaalkeuse[155] toon die immigrantekinders 'n besondere verspreidingspatroon soos duidelik blyk uit tabel 27.

---

153. Vergelyk paragraaf 4.2.

154. Vergelyk paragrawe 3.4.3.1 en 4.3.2.

155. Vergelyk paragraaf 4.3.2, tabel 22.

Tabel 27

Verspreidingspatroon van immigrantekinders volgens hulle voertaalkeuse, 1972*

Skool en onderrig= medium	Voertaalkeuse	Persentasie van skool= bevolking
Afrikaans	Afrikaans	0 - 5%
Engels	Engels	40 - 61%
Parallel	Afrikaans	0 - 5%
Parallel	Engels	20 - 48%
Totaal Parallel	Afrikaans en Engels	5 - 15%
Totaal	Afrikaans	19%
Totaal	Engels	81%

*Opsomming van paragraaf 4.3.2, tabel 22.

Uit tabel 27 blyk die probleem dat die immigrantekinders in die oorwegend Afrikaanssprekende gemeenskap in die Engels= mediumskole akkumuleer waar hulle van 40% - 61% van die skool= bevolking uitmaak, sodat Engelsmediumskole 'n veel groter bela= ding immigrantekinders het as Afrikaansmediumskole waar immi= grante slegs 0% - 5% van die skoolbevolking uitmaak. Sodoende skei hulle hulleself in die praktyk van die grootste taalgroep af[156]. Hulle vorm egter 'n ideale assimileerbare persentasie van 5% - 15% in parallelmediumskole. Ongeag die eenstemmig= heid wat in 1966 in die Volksraad bereik is dat immigrante= kinders met albei taalgroepe in aanraking moet kom en dat die Nasionale Onderwysraad op die saak moet ingaan[157], is daar tot op datum van hierdie skrywe hiervan geen teken nie.

Gevolglik bly die kontakvlak by en blootstelling van immigrante= kinders aan die volle Suid-Afrikaanse kultuur beperk en word integrasie en assimilasie bemoeilik.

---

156. Vergelyk paragraaf 3.4.1, tabel 13.

157. Republiek van Suid-Afrika. Debatte van die Volksraad, 26 Sept. 1966, pp. 3006 - 3019.

4.5.1.2 Die oneweredige numeriese verhouding tussen immigrante en Suid-Afrikaanse kinders in skole

Die verspreidingspatroon vervat in tabel 27 openbaar 'n onewe= redige numeriese verhouding tussen immigrante- en Suid-Afrikaanse kinders in sekere skole van die ondersoekterrein. Hierdie ver= skynsel word breedvoeriger in tabel 28 aangedui.

Tabel 28

Numeriese verhouding van immigrante- tot Suid-Afrikaanse kinders in skole van die ondersoekterrein, 1972*

Skole	Medium	Immigrante=kinders		S.A. kinders		Totale Aantal skool=kinders	Numeriese verhouding Immigrante-: S.A. kinders
		Aantal	%[1]	Aantal	%[1]		
Primêr	Afrikaans	262	2,8	9 146	97	9 408	1 : 35
Primêr	Engels	1 097	50	1 113	50	2 213	1 : 1
Primêr	Totaal	1 359	12	10 259	88	11 621	1 : 8
Sekon=dêr	Afrikaans	102	2	4 410	98	4 512	1 : 43
Sekon=dêr	Engels	434	44	564	56	998	1 : 1
Sekon=dêr	Totaal	536	10	4 974	90	5 510	1 : 9
Primêr en Sekon=dêr	Totaal	1 895	12	15 233	88	17 131	1 : 8

*Gegewens verkry van paragrawe 3.4.3.1, tabel 14, en 4.3.2, tabel 22.

1) Die persentasie is bereken op die totale aantal skoolkinders.

Volgens tabel 28 "verdwyn" die immigrantekinders volgens die verhoudings van 1 : 35 en 1 : 43 in Afrikaansmediumskole en die Afrikaanse kinders kom gevolglik slegs in aanraking met 'n be= perkte aantal immigrantekinders. Hulle trek derhalwe geen voor= deel uit die moontlike stimulering deur immigrantekinders nie[158].

158. Vergelyk paragraaf 4.3.1, tabel 22.

Die numeriese verhouding van 1 : 1 as geheel in Engelsmedium= skole is erg genoeg en veroorsaak die probleem van behoud van eie identiteit en karakter vir die Suid-Afrikaners en die skool. Dit verbloem ook die numeriese verhouding in spesi= fieke klasse en kursusse wat vir die onderwys van die grootste belang is.

4.5.1.2.1 Die numeriese verhouding van immigrante- tot Suid-Afrikaanse kinders in spesifieke klasse

Die vasstelling van die numeriese verhouding van immigrante- tot Suid-Afrikaanse kinders in klasse maak dit nodig om die verspreiding in klasse in die primêre skole in tabel 29 en in die spesiale en sekondêre skole in tabel 30 na te gaan.

Dit is in tabelle 29 en 30 betekenisvol dat 72% immigrante= kinders in die primêre skole is en dat 81% van dié immigrante= kinders in Engelsmediumskole is. Dit is voorts opvallend dat immigrantekinders in die junior primêre fase konsentreer sowel as dat 44% van hierdie leerlinge onder die Diverse kategorie ressorteer. Die 108 kinders van die Diverse kategorie in Graad 1 dui daarop dat die grootste taalprobleme veral in Graad 1 sal voorkom en dit beklemtoon die belang= rikheid van kleuteronderwys vir die groep met die oog op taalverowering. Vanweë die groter belading immigrante in die Engelsmedium primêre skole en klasse bestaan die gevaar dat die skole se karakter deur die immigrante beïnvloed kan word. Die feit dat 40% van die Kontinentaal-Germaanse im= migrantekinders in Engelsmediumskole is, verswaar die taal= las in Engelsmediumskole en veral sekondêre skole onnodig, aangesien hulle met veel groter taalkontak en vanweë die kleiner kultuurafstand meer ekonomies in Afrikaansmedium= skole kan inskakel. Die feit dat 100% van die immigrante van die Engelse kategorie in Engelsmediumskole is, dui op 'n geweldige behoefte by immigrante aan onderwys in Afrikaans as tweede taal. Die verhouding van die nasionaliteite in die sekondêre skool toon dat die Diverse groep veral in die St.

Tabel 29

Die voorspreiding van immigrantekinders in primêre skoolklasse in die ondersoekterrein, 1972*

Primêre skole	Graad 1						Graad 2						Standerd 1						Standerd 2					
	Kontinentaal-Germaans	Engels	Divers	Totaal immigrante	R.S.A.	Klastotaal	Kontinentaal-Germaans	Engels	Divers	Totaal immigrante	R.S.A.	Klastotaal	Kontinentaal-Germaans	Engels	Divers	Totaal immigrante	R.S.A.	Klastotaal	Kontinentaal-Germaans	Engels	Divers	Totaal immigrante	R.S.A.	Klastotaal
Afrikaans 1	2			2	108	110	4			4	98	102	1			1	119	120	1			1	94	95
Afrikaans 2	4			4	103	107	4			4	105	109	1			1	112	113	2			2	82	84
Afrikaans 3	6		1	7	81	88	7			7	98	105	1			1	66	67	5		1	6	84	90
Afrikaans 4			1	1	95	96			2	2	74	76	5		4	9	89	98	4		1	5	85	90
Afrikaans 5	2		2	4	52	56					76	76	2			2	69	71			1	1	74	75
Afrikaans 6	1			1	146	147	2			2	122	124	1			1	97	98	4			4	100	103
Afrikaans 7	3			3	107	110	2			2	109	111	3			3	94	97	2			2	97	99
Afrikaans 8	13		3	16	169	185	3		3	6	156	162	12		2	14	144	158	8		1	9	145	154
Afrikaans 9	2			2	106	108	3			3	107	110	3			3	95	98	4			4	106	110
Afrikaans 10					80	80					75	75					77	77					64	64
Afrikaans 11	3			3	186	189	4			4	165	169	4			4	158	162	2			2	145	147
Afrikaans 12	2			2	104	106	1			1	99	100	4		1	5	109	114	1			1	89	90
Totaal Afrikaans 1 - 12	38		7	45	1 337	1 382	30		5	35	1 284	1 319	37		7	44	1 229	1 273	33		4	37	1 165	1 202
Engels 1	1	9	58	68	43	111	1	11	61	73	45	118	2	8	70	80	60	140	3	16	57	76	37	113
Engels 2	6	26	18	50	72	122	15	28	6	49	58	107	9	17	15	41	53	94	7	24	6	37	58	95
Private Engels	10	17	20	47	30	77	2	2	15	19	20	39	8	4	8	20	19	39	6	5	11	22	19	41
Totaal Engels	17	52	96	165	145	310	18	41	82	141	123	264	19	29	93	141	132	273	16	45	74	135	114	249
Parallel medium 1 A					52	52					53	53	1			1	65	66	2			2	54	56
E	3	9	2	14	18	32	1	9	4	14	26	40	2	9	2	13	27	40	2	13	5	20	15	35
Totaal	3	9	2	14	70	84	1	9	4	14	79	93	3	9	2	14	92	106	4	13	5	22	69	91
Parallel medium 2 A	1			1	109	110	3			3	124	127			1	1	101	102	5			5	103	108
E	1	17	3	21	23	44		9		9	25	34		20	2	22	27	49	2	18		20	19	39
Totaal in parallel medium	2	17	3	22	132	154	3	9		12	149	161		20	3	23	128	151	7	18		25	122	147
Totaal Afr. in parallel med.	1			1	161	162	3			3	177	180	1		1	2	166	168	7			7	157	164
Totaal Engels in parallel med.	4	26	5	35	41	76	1	18	4	23	51	74	2	29	5	36	54	90	4	31	5	40	34	74
Totaal A & E in parallel med.	5	26	5	36	202	238	4	18	4	26	228	254	3	29	6	38	220	258	11	31	5	47	191	238
Groototaal Afrikaans	39		7	46	1 498	1 544	33		5	38	1 461	1 499	38		8	46	1 395	1 441	40		4	44	1 322	1 366
% van groototaal (Afrikaans)[1]	65%		6	18	89	80	64		5	18	89	82	64,4		21	89			67		5	20	90	81
Groototaal Engels	21	78	101	200	186	386	19	59	86	164	174	338	21	58	98	177	186	363	20	76	79	175	148	323
% van groototaal (Engels)[2]	35%	100	94	82	11	20	36	100	95	82	11	18	35,6		93	79	11		33		95	80	10	19
Groototaal Afr. en Eng.	60	78	108	246	1 684	1 930	52	59	91	202	1 635	1 837	59	58	106	223	1 581	1 804	60	76	83	215	1 470	1 689

Primêre skole	Standerd 3						Standerd 4						Standerd 5						Skooltotaal					
	Kontinentaal-Germaans	Engels	Divers	Totaal immigrante	R.S.A.	Klastotaal	Kontinentaal-Germaans	Engels	Divers	Totaal immigrante	R.S.A.	Klastotaal	Kontinentaal-Germaans	Engels	Divers	Totaal immigrante	R.S.A.	Klastotaal	Kontinentaal-Germaans	Engels	Divers	Totaal immigrante	R.S.A.	Skooltotaal
Afrikaans 1	2			2	97	99	2			2	96	98					102	102	12			12	714	726
Afrikaans 2	2			2	93	95	4			4	70	74	3			3	78	81	20			20	643	663
Afrikaans 3	2			2	69	71	4			4	77	81	3			3	72	75	28		2	30	547	577
Afrikaans 4	2			2	98	100	1		1	2	81	83			1	1	59	60	12		10	22	581	603
Afrikaans 5	1		1	2	63	65					88	88	2			2	69	71	7		4	11	491	502
Afrikaans 6	3			3	88	91					76	76	1			1	72	73	12			12	701	713
Afrikaans 7	5			5	101	106	6			6	96	102					94	94	21			21	698	719
Afrikaans 8	6			6	95	101	2			2	92	94	1			1	86	87	45		9	54	887	941
Afrikaans 9	3			3	74	77	3			3	99	102	4			4	91	95	22			22	678	700
Afrikaans 10					54	54					60	60					50	60					470	470
Afrikaans 11	3			3	102	105	1			1	106	107					107	107	17			17	969	986
Afrikaans 12	3			3	94	97	3			3	96	99	4			4	93	97	18		1	19	684	703
Totaal Afrikaans 1 - 12	33		4	37	1 028	1 061	26		1	27	1 037	1 064	18		1	19	983	1 002	214		26	240	8 063	8 303
Engels 1	3	16	57	76	53	123		23	31	54	33	87	2	13	33	48	30	78	11	103	354	468	302	770
Engels 2	7	24	6	37	38	95	5	17	4	26	75	101	8	18	3	29	36	65	5	17	5	27	45	72
Private Engels	6	5	11	22	19	41	7	4	7	18	17	35	4	7	5	16	16	32	4	3	8	15	15	30
Totaal Engels	16	45	74	135	114	249	15	44	55	114	145	259	12	48	39	99	85	184	11	33	46	90	90	180
Parallel medium 1 A	2			2	54	56	1			1	79	80	1			1	62	63	2			2	65	67
E	2	13	5	20	15	35	2	4	2	8	25	33		9	5	14	16	30	1	3	2	6	9	15
Totaal	4	13	5	22	69	91	3	4	2	9	104	113	1	9	5	15	78	93	3	3	2	8	74	82
Parallel medium 2 A	5			5	103	108	2			2	79	81	2			2	81	83	1			1	56	57
E	2	18		20	19	39	1	22		23	16	39		12		12	20	32	2	15		17	14	31
Totaal in parallel medium	7	18		25	122	147	3	22		25	95	120	2	12		14	101	115	3	15		18	70	88
Totaal Afr. in parallel med.	7			7	157	164	3			3	138	161	3			3	143	146	3			3	121	124
Totaal Engels in parallel med.	3	31	5	40	34	74	3	26	2	31	41	72		21	5	26	36	62	3	18	2	23	23	46
Totaal A & E in parallel med.	11	31	5	47	191	238	6	26	2	34	199	233	3	21	5	29	179	208	6	18	2	26	144	170
Groototaal Afrikaans	40		4	44	1 322	1 366	35		1	36	1 186	1 222	29		1	30	1 180	1 210	21		1	22	1 104	1 126
% van groototaal (Afrikaans)[1]			5	20	90	81	66		2	20	86	79	71		2	19	91	83	60		2	16	91	83
Groototaal Engels	20	76	79	175	148	323	18	70	57	145	186	331	12	69	44	125	121	246	14	51	48	113	113	226
% van groototaal (Engels)[2]			95	80	10	19	34		98	80	14	21	29		98	81	9	17	40		98	84	9	17
Groototaal Afr. en Eng.	60	76	83	215	1 470	1 689	53	70	58	181	1 372	1 553	41	69	45	155	1 301	1 456	35	51	49	135	1 217	1 352

Primêre skole	Skooltotaal					
	Kontinentaal-Germaans	Engels	Divers	Totaal immigrante	R.S.A.	Skooltotaal
Afrikaans 1	12			12	714	726
Afrikaans 2	20			20	643	663
Afrikaans 3	28		2	30	547	577
Afrikaans 4	12		10	22	581	603
Afrikaans 5	7		4	11	491	502
Afrikaans 6	12			12	701	713
Afrikaans 7	21			21	698	719
Afrikaans 8	45		9	54	887	941
Afrikaans 9	22			22	678	700
Afrikaans 10					470	470
Afrikaans 11	17			17	969	986
Afrikaans 12	18		1	19	684	703
Totaal Afrikaans 1 - 12	214		26	240	8 063	8 303
Engels 1	11	103	354	468	302	770
Engels 2	55	147	57	259	395	654
Private Engels	41	42	74	157	126	202
Totaal Engels	107	292	485	884	833	1 717
Parallel medium 1 A	7			7	430	437
E	11	56	22	89	136	225
Totaal	18	56	22	96	566	662
Parallel medium 2 A	14		1	15	653	668
E	6	113	5	124	144	268
Totaal in parallel medium	20	113	6	139	797	936
Totaal Afr. in parallel med.	21		1	22	1 083	1 105
Totaal Engels in parallel med.	17	169	27	13	280	493
Totaal A & E in parallel med.	38	169	28	235	1 363	1 598
Groototaal Afrikaans	262	9 146A	9 408			
% van groototaal (Afrikaans)[1]			5	19	89	81
Groototaal Engels	124	461	512	1 097	1 113E	2 210
% van groototaal (Engels)[2]		100	95	81	11	19
Groototaal Afr. en Eng.	359	461	539	1 359	10 259	11 618

*Gegewens verstrek deur die hoofde van skole.

[1] Persentasie immigrantekinders met Afrikaans as voertaal van die groototaal Afrikaans en Engels

[2] Persentasie immigrantekinders met Engels as voertaal van die groototaal Afrikaans en Engels.

Tabel 30

Verspreiding van immigrantekinders in die Spesiale skool en die Sekondêre skoolklasse in die ondersoekterrein, 1972.*

Sekondêre Skole	Kursusse	Aanpassingsklas						Standerd 6						Standerd 7						Standerd 8						Standerd 9						Standerd 10						Skooltotaal						Skooltotaal
		Kontinentaal-Germaans	Engels	Divers	Totaal immigrante	R.S.A.	Klastotaal	Kontinentaal-Germaans	Engels	Divers	Totaal immigrante	R.S.A.	Klastotaal	Kontinentaal-Germaans	Engels	Divers	Totaal immigrante	R.S.A.	Klastotaal	Kontinentaal-Germaans	Engels	Divers	Totaal immigrante	R.S.A.	Klastotaal	Kontinentaal-Germaans	Engels	Divers	Totaal immigrante	R.S.A.	Klastotaal	Kontinentaal-Germaans	Engels	Divers	Totaal immigrante	R.S.A.	Klastotaal	Kontinentaal-Germaans	Engels	Divers	Totaal immigrante	R.S.A.	
Afrikaans 1	U.T.							6			6	67	73	4			4	68	72	4			4	63	67	3			3	57	60	1			1	57	58	18			18	312	330
	X							2			2	105	107	3			3	117	120	5			5	70	75					71	71	3			3	36	39	13			13	399	412
	VIII	2		1	3	51	54	1			1	70	71			1	1	64	65					66	66													3		2	5	251	256
	T	2		1	3	51	54	9			9	242	251	7		1	8	249	257	9			9	199	208	3			3	128	131	4			4	93	97	34		2	36	962	998
Afrikaans 2	U.T.											103	103					92	92	4			4	101	105	2			2	97	99	3			3	88	91	9			9	481	490
	X							5			5	97	102	1			1	130	131	2			2	99	101	1			1	87	88					73	73	9			9	486	495
	VIII	2			2	36	38	2			2	88	90					87	87					45	45																4	256	260
	T	2			2	36	38	7			7	288	295	1			1	309	310	6			6	245	251	3			3	184	187	3			3	161	164	22			22	1223	1245
Afrikaans 3	U.T.							1			1	66	67	1			1	30	31					12	12													2			2	108	110
	X							2			2	45	47					52	52					44	44													2			2	141	143
	VIII					19	19					22	22	1			1	31	32	1			1	11	12													2			2	83	85
	T					19	19	3			3	133	136	2			2	113	115	1			1	67	68													6			6	332	338
Totaal in Afrikaans	T	4		1	5	106	111	19			19	663	682	10		1	11	671	682	16			16	511	527	6			6	312	318	7			7	254	261	62		2	64	2517	2581
Engels	U.T.							11	5	6	22	43	65	5	8	13	26	40	66	6	12	8	26	34	60	5	5	12	23	36	59	4	5	4	13	33	46	32	35	43	110	186	296
	X							2	18	20	40	22	62	1	11	10	22	30	52		4	10	14	17	31	5	7	6	18	12	30		1	5	6	10	16	8	41	51	100	91	191
	VIII		2	26	28	13	41	1	5	19	25	5	30	1	9	6	16	12	28		2	10	12	12	24												2	18	61	81	42	123
	T		2	26	28	13	41	14	28	45	87	70	157	7	28	29	64	82	146	6	18	28	52	63	115	11	12	18	41	48	89	4	6	9	19	43	62	42	94	155	291	319	610
Privaat Engels								3	9	8	20	20	40	4	3	3	10	10	20	1	2	2	5	11	16	2	2	1	5	5	10	1	1	1	3	5	8	11	17	15	43	51	94
Totaal in Engelse skole			2	26	28	13	41	17	37	53	107	90	197	11	31	32	74	92	166	7	20	30	57	74	131	13	14	19	46	53	99	5	7	10	22	48	70	53	111	170	334	370	704
Parallelmedium spesiale skool	Afr.																																								0	342	342
	F																																							2	5	8	15	29	44
	T																																							2	5	8	15	371	386
Parallelmedium (geen kursus verdeling)	Afr.							1			1	246	247	7			7	204	211	3			3	144	147	7			7	89	96			1	1	65	66	18			19	767	786
	Eng.								6	1	7	29	36		12	2	14	18	32		5		5	19	24	1	2	1	4	6	10	1			1	2	3	2	25	4	31	74	105
	T							1	6	1	8	275	283	7	12	2	21	222	243	3	5		8	163	171	8	2	1	11	95	106	1		1	2	67	69	20	25	5	50	841	891
Tegnies parallelmedium	Afr.							2			2	159	161	5			5	138	143	2			2	137	139	1			1	86	87	2			2	43	45	12			12	563	575
	Eng.							5	5	3	13	11	24	0	7	2	9	20	29	2	3	4	9	9	18	2	3	1	6	11	17	3	3	2	8	2	10	12	21	12	45	53	98
	T							7	5	3	15	170	185	5	7	2	14	158	172	4	3	4	11	146	157	3	3	1	7	97	104	5	3	2	10	45	55	24	21	12	57	616	673
Handels parallelmedium	Afr.																			5			5	90	95					64	64	2			2	67	69	7			7	221	228
	Eng.																				3		3	13	16			1	3	4	14	18	2			2	11	13	2	4	3	9	38	47
	T																			5	3		8	103	111			1	3	4	78	82	4			4	78	82	9	4	3	16	259	275
Totaal in Afr. parallel	A							3			3	405	408	12			12	342	354	10			10	371	381	8			8	239	247	4		1	5	175	180	37		1	38	1893	1931
Totaal in Eng. parallel	F							5	11	4	20	40	60		19	4	23	38	61	2	11	4	17	41	58	3	6	5	14	31	45	6	3	2	11	15	26	18	55	27	100	194	294
Totaal in parallelmedium	T							8	11	4	23	445	468	12	19	4	35	380	415	12	11	4	27	412	439	11	6	5	22	270	292	10	3	3	16	190	206	55	55	28	138	2087	2225
Groototaal Afr.	A	4		1	5	106	111	22			22	1068	1090	22		1	23	1013	1036	26			26	882	908	14			14	551	565	11		1	12	429	441	99		3	102	4410	4512
Persentasie Afr.	A			4	15	89	73	50			15	89	81	67		3	19	89	82	74			26	89	83	47			19	87	80	50		8	27	87	82	59		2	19	89	82
Groototaal Engels	J.		2	26	28	13	41	22	48	57	127	130	257	11	50	36	97	130	227	9	31	34	74	115	189	16	20	24	60	84	144	11	10	12	33	63	96	69	176	189	434	564	998
Persentasie Engels	f			96	85	11	27	50			15	11	19	33		97	81	11	18	26			74	11	17	53			81	13	20	50		92	73	13	18	41	100	98	81	11	18
TOTAAL		4	2	27	33	119	152	44	48	57	149	1198	1347	33	50	37	120	1143	1263	35	31	34	100	997	1097	30	20	24	74	635	709	22	10	13	45	492	537	168	176	192	536	4974	5510
Totaal primêreskole																																							359	461	539	1359	10259	11618
Totaal prim. + sek. skole																																							527	637	731	1895	15233	17128

* Gegewens verstrek deur skoolhoofde.
Groot totaal primêr en sekondêr in tabelle 14 en 22.

VIII-kursus en die aanpassingsklas konsentreer, waar hulle groter eise aan die onderwys sal stel.

Waar die immigrantekinders volgens tabel 29 blykbaar die numeriese verhouding in die skool versteur en die kulturele karakter en klimaat van die skool bedreig, is dit belangrik om die opeenhoping van immigrantekinders in sekere klasse in die skool in tabel 31 na te gaan.

Die akkumulering en betekenisvolle getalsoorwig van immi= grantekinders blootgelê in tabel 31, skep die probleem dat die vreemde kinders die Suid-Afrikaanse kultuur in die idiostante kultuurkring met die volgende gevolge vir immi= grante- sowel as Suid Afrikaanse kinders versteur:

(1) Die akkumulering van immigrantekinders veroorsaak dat die onderwys gebeure nie normaal verloop vir die outochtone kinders nie, wie se blootstelling aan en kontakvlak met hulle eie Suid-Afrikaanse kultuur beperk word as die verhouding van immi= grante- tot Suid-Afrikaanse kinders 3 : 1 is. Hulle word gevolglik aan die oormatige vreemde uitheemse kultuur van veral die een etniese groep, nl. die Portugese blootgestel. Vandaar die iso= lasie van die immigrante in Grade 1 C en D en 2 C en D. Feit is dat talle van die kinders in weerwil van hulle geboorte in die R.S.A. en ses jaar verblyf alhier nog nie die voertaal magtig is nie. Dit is egter opvallend dat 15 immigrante wel in Grade 1 A en B ingedeel kan word omdat hulle die voertaal magtig is deurdat hulle kleuterskole bygewoon het.

(2) Akkumulering is 'n dinamiese proses wat die vordering en ontplooiing van kinders in die Suid-Afrikaanse kultuur rem[159]. Opeenhoping motiveer ook die Suid-Afrikaanse kind se uitwyking uit die betrokke skole

---

159. Vergelyk paragraaf 4.7; Onderhoud met skoolhoof.

Tabel 31

Die akkumulering en klasindeling van immigrantekinders in die Engelsmedium primêre skool no. 1, 1972*

Klas	Engeland	Skotland	Frankryk	Portugal	Griekeland	Italië	Duitsland en Nederland	Spanje	Ierland	Switserland	Zambië	Tseggo-Slowakye	Wallis	Kanada	Denemarke	Hongarye	Libanon	Totaal immigrante kinders	Totaal Suid-Afrikaanse kinders	Totaal leerlinge in klas	Persentasie immigrantekinders	Verhouding van immigrante- : S.A.-kinders
Grade																						
1 A	3	1	1	2	1													8	24	32	25	1 : 3
1 B	3	1					1				1						1	7	20	27	26	1 : 3
1 C			1	24				1				1						27		27	100	27 : 0
1 D			3	13	6	2										2		26		26	10	26 : 0
1 Totaal	6	2	5	39	7	2	1	1			1	1				2	1	68	44	112	61	1 : ,6
2 A	7	1	1	1	2									1				13	19	32	41	1 : 1
2 B		1	1	2	2	2	1											9	25	34	24	1 : 2
2 C				20	2	2		1										25	1	26	96	1 : ,04
2 D	1		4	16				3										24		24	100	26 : 0
2 Totaal	8	2	6	39	6	4	1	4						1				71	45	116	62	1 : 6
Standerds																						
1 A		2		7														9	26	35	21	1 : 4
1 B	2	2	2	12	1	1	1	3				1						25	11	36	70	1 : 4
1 C		2	1	17	2			1				1			1			25	12	37	68	1 : ,5
1 D	1	1	3	14	2	1						1						23	11	34	70	1 : ,4
1 Totaal	3	7	6	50	5	2	1	4				3			1			82	60	142	58	1 : ,7
2 A	6			9	2	1										1		19	18	37	54	1 : 1
2 B		2	1	17		1	3	2				2	1					29	9	38	76	1 : ,3
2 C	2	5	2	18	1													28	10	38	74	1 : ,3
2 Totaal	8	7	3	44	3	2	3	2				2	1			1		76	37	113	68	1 : ,5
3 A	5	3		4		1	1	1		1	1							17	26	43	36	1 : 1,7
3 B	6	4	2	10	2				1					1				26	15	41	65	1 : ,5
3 C		3	4	14	1	1	2								1			26	12	38	70	1 : ,4
3 Totaal	11	10	6	28	3	2	3	1	1	1	1			1	1			69	53	122	56	1 : ,7
4 A	3	5		4	2	1												15	12	27	55	1 : ,6
4 B	3	6		7		1		4			2	1						24	8	32	75	1 : ,3
4 C	1	1	6	11														19	13	32	64	1 : ,5
4 Totaal	7	12	6	22	2	2		4			2	1						58	33	91	67	1 : ,5
5 A	4	1	2	10				3										20	18	38	54	1 : ,8
5 B	2	4	2	9	3	1	1	1			1							24	12	36	66	1 : ,5
5 Totaal	6	5	4	19	3	1	1	4			1							44	30	74	61	1 : 6
Groottotaal	49	45	36	241	29	15	10	20	1	1	5	7	1	2	2	3	1	468	302	770	60,9	1 : ,6
Persentasie	9,8	8,2	9,2	48,2	5,8	3,0	2,0	1,6	,2	,2	1,0	1,8	,2	,4	,4	,6	,2					

*Gegewens verstrek deur betrokke skoolhoof.

om so hulle eie identiteit te behou[160]. Die vas=stelling van die persentasie waarop die skool se ver=sadigingspunt bereik word en waarop hierdie uitwyking voorkom, is dan ook die spil waarom hierdie ondersoek wentel[161], en daarom is dit nodig om die aanleidende oorsake van oneweredige verspreiding en akkumulering noukeuriger te ondersoek[162].

(3) Die akkumulering van immigrantekinders beperk die immigrantekinders se maksimale kontak met die Suid-Afrikaanse kultuur. Deur segregasie en isolasie van immigrantekinders in spesiale immigranteklasse, Grade 1 C en D en 2 C en D, is hulle op hulle eie kultuur=groep aangewese. Dit beklemtoon hulle kultuurverskil en vreemdheid verder en bevorder taalgroepvorming, wat 'n remmende invloed op hulle woordeskattoename het[163].

4.5.1.2.2 <u>Oneweredige verspreiding van immigrantekinders in kursusse</u>

Die oneweredige verspreiding van immigrantekinders in kursusse, soos geïllustreer deur tabel 30, kan as volg in

---

160. Vergelyk paragraaf 4.5.2.3, kartogram 4; Onderhoud met ouers.
161. Vergelyk paragraaf 4.5.4.
162. Vergelyk paragraaf 4.5.2.
163. Vergelyk paragrawe 3.4.4.3, 4.5.1.2.1, tabel 30, en 4.3.8.1.

figuur 5 voorgestel word.

Figuur 5

Oneweredige verspreiding van immigrante- en Suid-Afrikaanse kinders in kursusse*



*Gegewens verkry van paragraaf 4.5.1.2.1, tabel 30.

U.T. = Universiteitstoelatingskursus.
St. X = Standerd X-kursus.
St. VIII = Standerd VIII-kursus.

Waar kinders by differensiasie onder andere volgens hulle skolastiese prestasie en intelligensie in kursusse ingedeel word[164], is daar 'n reglynige verband tussen skolastiese prestasie en die histogramme van I.K. en bogenoemde kursusindeling[165]. Volgens figuur 5 konsentreer die Diverse immigrantekinders in die St. VIII-kursus, en die getalsoorwig van hierdie kinders in die

164. T.O.D. Die toepassing en bevordering van gedifferensieerde middelbare onderwys in Transvaal, p. 48.

165. Vergelyk paragraaf 4.3.9, figure 3 en 4, en tabelle 23 en 24; Vergelyk paragrawe 4.7.2.1, tabelle 35 en 36, en 4.7.2.2, tabel 36.

aanpassingsklas is betekenisvol[166]. Dit wil dus voorkom asof hierdie konsentrasie met remming gepaard gaan en asof die standaard van werk daal. Die konsentrasie van Konti=nentaal-Germaanse kinders in die U.T.-kursus is ewe opvallend.

4.5.1.3 Oneweredige numeriese verhouding tussen etniese groepe immigrantekinders

Die herkoms en samestelling van nasionaliteite per skool, klas en kursus, asook die onderlinge verskille tussen im=migrante, veral met betrekking tot taalprobleme, word blootgelê deur tabelle 22, 29, 30 en 31[167]. Hierdie verskille verswaar die linguistiese en sosiale probleme in die onderwys van immigrantekinders en word nog verder gekompliseer deur die feit dat immigrante op enige stadium van die skooljaar kan arriveer. Tabelle 22, 29, 30 en 31 gee 'n aanduiding van die sporadiese en variërende tempo waarteen immigrantekinders by skole inskryf en wat waar=skynlik verband hou met die beskikbaarheid van emigrante. Die immigrante arriveer soms drupsgewys gedurende die jaar, soos byvoorbeeld een Tsjeg wat op 20 Julie 1969 op 15-jarige ouderdom in die parallelmedium sekondêre skool in St. 7 ingeskryf het en Afrikaans as voertaal gekies het. Soms arriveer hulle[168] in golwe soos byvoorbeeld die immigrante van Engeland wat gedurende die tweede en die vierde kwar=taal van 1972 die numeriese verhouding tussen immigrante- en Suid-Afrikaanse kinders in die Engelsmediumskole en -klasse eensklaps ingrypend verander het[169]. Soms daag 'n massa gelyktydig op soos byvoorbeeld in 1972 toe 68 immigrante=kinders, waarvan nie een 'n woord Engels geken het nie, op

---

166. Vergelyk paragrawe 3.4.3.3.3 en 4.5.1.2.1, tabel 30.
167. Vergelyk paragrawe 4.3.1 en 4.5.1.2.
168. Onderhoud met betrokke skoolhoof.
169. Loc. cit.

die eerste skooldag van die jaar by die Engelsmedium primêre skool no. 1 tot Graad 1 toegelaat is[170]. Die sporadiese toenametempo veroorsaak ernstige probleme in die spesiale taalklasse waar die leerlinge soos in bogenoemde gevalle oor wisselende taalkennis beskik. Dit spreek vanself dat leerlinge wat teen die einde van die skooljaar arriveer, weinig kans het om in die betrokke jaar 'n funksionele woordeskat te verwerf of om die voorgeskrewe leerstof te bemeester - al is hull ook die voertaal magtig.

Uit tabelle 14, 22 en 31 blyk dat 62% van al die Portugese immigrantekinders in die Engelsmedium primêre skool no. 1 konsentreer, dat die grootste aantal Duitse immigrantekinders in die Engelsmedium primêre skool no. 2 voorkom en dat die grootste aantal Nederlandse immigrantekinders in die Engels= medium sekondêre skool voorkom. Die Afrikaansmedium sekon= dêre skole saam het nie eers die helfte soveel Duitse immi= grantekinders as een Engelsmedium sekondêre skool nie[171]. Dit spreek dus vanself dat die beperkte aantal Engelsmediumskole voorsiening moet maak vir die grootste aantal immigrantekinders en gevolglik ernstige didaktiese probleme ondervind, terwyl die veel groter aantal Afrikaansmediumskole geen of weinig spesiale voorsiening hoef te maak vanweë die klein aantal, feitlik uitsluitlik Kontinentaal-Germaanssprekende immigrante wat hulle trek en geredelik absorbeer vanweë taalverwantskap en optimale taalkontak. Omdat Afrikaansmediumskole slegs ge= isoleerde Diverse immigrante trek, is laasgenoemde vir hulle

---

170. Loc. cit;
Vergelyk paragraaf 4.5.1.2.1, tabel 31.

171. Vergelyk paragrawe 3.4.3.1, tabel 14, 4.3.1, tabel 22, en 4.5.1.2.1, tabel 31.

'n besondere en ernstige probleem omdat die geringe aantal nie 'n spesiale taalonderwyser regverdig nie[172].

Die saamgroepering van verskillende etniese groepe immigrante=kinders in 'n heterogene immigranteklas[173] gaan ook soms met dissiplinêre probleme gepaard vanweë die andersoortigheid van die verskillende etniese groepe. Antipatie heers tussen Engelse en Portugese, tussen Iere en Grieke en tussen Britte en Suid-Afrikaners, en dissiplinêre probleme kom algemeen voor in heterogene klasse wat saamgestel is uit verteenwoordigers van genoemde groepe[174]. Om hierdie probleem te voorkom en die immigrantekinders teen hulle eie tempo te laat vorder, sonder om die Suid-Afrikaanse kinders se vordering te rem, word die immigrantekinders soms in min of meer homogene klasse, dit wil sê klasse met immigrantekinders hoofsaaklik van een nasionaliteit ingedeel[175]. Dit beperk egter die blootstelling van immigranteleerlinge aan die Suid-Afrikaanse kultuur.

Soos reeds hierbo aangedui, versteur dié opbou van immigrante=getalle en die konsentrasie van immigrantekinders, veral van een etniese groep in 'n skool, die bevolkingsverhouding, en dit lei soms tot uitwyking en verplasing van Suid-Afrikaanse kinders uit die skool en selfs uit die voedingsgebied[176]. Dit is derhalwe nodig om aanleidende oorsake van die oneweredige verspreiding van immigrante van nader te beskou.

4.5.2 Oorsake van oneweredige verspreiding van immigrante=kinders

Die belangrikste faktore wat aanleiding gee tot die opbou van onassimileerbare immigrantekonsentrasies in skole is onder andere die voertaalkeuse, godsdiensvreemdheid, etnosentrisme, kulturele konflik en die vestigingsproses van immigrante.

---

172. Vergelyk paragraaf 3.7.
173. Vergelyk paragraaf 4.5.1.2.1, tabel 31 : Graad 1 D.
174. Persoonlike waarneming en onderhoud met klasonderwyseres van gemengde Graad 1-klas.
175. Vergelyk paragraaf 4.5.1.2.1, tabel 31 : Graad 1 C.
176. Vergelyk paragraaf 4.5.3.

4.5.2.1 Taalvreemdheid en die voertaalkeuse van immigrantekinders

Die immigrante se voorkeur aan Engels as voertaal is die primêre motief wat immigrantekinders in Engelsmediumskole laat akkumuleer[177].

4.5.2.2 Godsdiensvreemdheid

Die kerkverband van die Rooms-Katolieke en Grieks-Ortodokse immigrante veroorsaak hulle godsdiensvreemdheid in die oorwegend Protestantse en Afrikaanse omgewing. Die Afrikaanse Protestante is soms openlik teen immigrasie van Rooms-Katolieke gekant[178] in die R.S.A[179]. Die Rooms-Katolieke vermy liefs weer die Protestante[180] en is afwesig in Afrikaansmediumskole. Godsdiensvreemdheid gee aanleiding tot konflik, wat die immigrante se voertaalkeuse beïnvloed en daarmee saam bydra tot die opeenhoping van immigrante in Engelsmediumskole[181]. Die toename van die aantal Rooms-Katolieke immigranteleerlinge in die ondersoekterrein blyk uit die groot aantal Duitse en Nederlandse immigrante in Engelsmediumskole en uit die groei van die private Engelsmediumskool van slegs 98 primêre leerlinge in 1958 tot 387 in 1972. Dit het weer tot die stigting van 'n private sekondêre meisieskool gelei[182]. In 1972 alleen het die inskrywings in hierdie private skool met 50 toegeneem.

4.5.2.3 Etnosentrisme, kulturele konflik en die vestigingsproses van immigrante

Dit is nodig om die vestigingsproses, sowel van Suid-Afrikaners as van immigrante in die ondersoekterrein na te gaan ten einde

---

177. Vergelyk paragrawe 3.4.1.2 en 4.3.2, tabel 22.
178. Vergelyk paragraaf 3.3.4.
179. Republiek van Suid-Afrika. Buro vir Statistiek. Suid-Afrikaanse Statistieke 1968, p. A - 36;
Republiek van Suid-Afrika. Departement van Statistiek. Suid-Afrikaanse Statistieke 1972, p. A - 37.
180. Allport, G.W. Op. cit., p. 26.
181. Vergelyk paragraaf 4.3.1, tabel 22, en persoonlike waarneming.
182. Onderhoud met hoof van private Engelsmediumskool.

nadelige invloede daarvan op die getalleverhouding van im= migrante en outochtone kinders in individuele skole vas te stel.

Die nywerheidsgroeipunt wat die ondersoekterrein vorm, het as swaar yster-en-staalnywerheidsgebied na 1939 in Transvaal en as petrochemiese nywerheidsgebied na 1948 in die O.V.S. binne 'n agrariese landelike streek, met 'n feitlik uitsluitlik Afrikaanssprekende bevolking ontwikkel[183]. Met toenemende industrialisering het die vraag na arbeid veral die Afrikaner met sy landelike kultuur van die platteland uit 'n pre-indus= triële gemeenskap na die nywerhede laat in-migreer[184]. Die arbeidsaanvraag voor 1961 het veral ook Kontinentaal-Germaanse immigrante van die destydse, na-oorlogse Europa getrek. Hulle het hulle verspreid in albei nywerheidsgebiede gevestig en hulle kinders na die naaste Afrikaansmediumskool in die oor= wegend Afrikaanse omgewing gestuur sodat daar voor 1961 as ge= volg van die verspreidheid, kulturele kontak en sosiale inter= aksie geen onderwysprobleem bestaan het nie[185], want

"it is not necessary to emphasize again the importance of distribution for adjustment on the part of the immigrants [186]."

Dieselfde tendens het na 1961 in die petrochemiese nywerheids= gebied bly voortbestaan vanweë die kleiner bevolking, landelike aard van die bevolking, parallelmediumskole, verspreiding van immigrante en hulle identifisering met hulle omgewing, sodat hulle kinders gewoonlik ingeskryf is in die naaste skool van die omgewing[187]. Dit is waarskynlik die rede vir die afwe= sigheid van private immigranteskole in die petrochemiese nywer= heidsgebied. Met die uitbreiding van die bedryf en die toename

---

183. Vergelyk paragraaf 1.3.
184. Vergelyk paragraaf 2.4.1.
185. Onderhoud met skoolhoof van Afrikaansmedium sekondêre skool no. 1.
186. Brown, L.G. Immigration, cultural conflicts and social adjustment, p. 119.
187. Onderhoud met skoolhoof van parallelmedium sekondêre skool.

in bevolking na 1970 het daar egter in die parallelmediumskole 'n tendens posgevat wat immigrantekinders in die Engelsmedium=afdeling laat akkumuleer. Dit dui daarop dat dieselfde probleem=situasie as in die yster-en-staalnywerheidsgebied ook hier ont=wikkel[188]. Omdat daar egter in laasgenoemde gebied geen Engelsmediumskole is nie, openbaar die probleem hom daarin dat akkumulasie klassikaal in die Engelsmediumklasse geskied.

Die vestigingsproses is opvallend en problematies in die yster-en-staalnywerheidsgebied, waar die bevolkingsdigtheid en -toename groter is omdat industrialisering en verstedeliking hier teen 'n hoër tempo plaasvind. Hierdie ontwikkeling, tesame met die aggressiewe immigrasiebeleid wat sedert 1961 gevolg is, het klaarblyklik 'n besondere invloed op die vestigingsproses in die gebied noord van die nasionale pad in die yster-en-staal=nywerheidsgebied meegebring, soos blyk uit kaarte 4 en 5. Voor 1961 het die immigrante verspreid tussen die Suid-Afrikaners noord van die nasionale pad gebly. Die aggressiewe migrasie van 'n onassimileerbare massa vreemde migrante na 1961 het die outochtone bevolking laat uitwyk na die suide en na kleinhoewes. Hierdie uitwyking het die skoolrol van skole noord van die nasionale pad drasties beïnvloed.

Die Afrikaner moes met sy verstedeliking deur 'n inpassingsproses gaan om in die ingewikkelde industrieel stedelike gemeenskap plek te vind. Die vinnige verandering van 'n landelike pre-industriële kultuur na 'n industriële orde het talle van die outochtone in-migrante met probleme van persoonlike demoralisering en desorganisasie gekonfronteer[189]. Hierdie toestand is onder meer gemanifesteer in simptome soos 'n toenemende egskeidingsyfer en werkverwisseling. Dit het weer gelei tot 'n vlottende skool=bevolking. Tot 66% van die skoliere verwissel jaarliks van skool. Dit het ook gelei tot dissiplinêre uitwasse in Afrikaans=mediumskole[190]. Baie van die vroeë, hoofsaaklik Afrikaans=sprekende in-migrante het hulle in die gebied noord van die

---

188. Vergelyk paragraaf 4.3.2, tabel 22.

189. Brown, L.G. Op. cit., p. 201.

190. Persoonlike waarneming en onderhoude met hoofde van skole noord van nasionale pad.

VERSPREIDING VAN SUID-AFRIKAANSE KINDERS IN SKOLE VAN DIE YSTER-EN STAALNYWERHEIDSGEBIED VOOR 1961*



*Gegewens verkry van paragraaf 4.5.2.3.

AMP = Afrikaansmedium primêre skool.
AMS = Afrikaansmedium sekondêre skool.
EMP = Engelsmedium primêre skool.
EMS = Engelsmedium sekondêre skool.

UITWYKING VAN SUID-AFRIKANERS UIT SKOLE EN WOONBUURTES VAN DIE YSTER- EN STAAL-NYWERHEIDSGEBIED NA 1961*



*Gegewens verkry van paragraaf 4.5.3.

AMP = Afrikaansmedium primêre skool.

AMS = Afrikaansmedium sekondêre skool.

EMP = Engelsmedium primêre skool.

EMS = Engelsmedium sekondêre skool.

nasionale pad gevestig, en dit is juis hierdie hoofsaaklik halfgeskoolde fabriekslui wat meer tot etnosentrisme en voor= oordeel teen ander nasies geneig is[191].

Dit is juis in hierdie stedelike oorgangsone met sy inheemse bevolking, met eie aanpassingsprobleme, waar die immigrante hulle sedert 1961 om ekonomiese redes vestig. Dit spreek vanself dat hulle vestiging groot potensiaal vir kulturele konflik geskep het. In die industriële gemeenskap is daar 'n werkerskompetisie tussen die in-migrant en die immigrant wat 'n gevoel van xenophobie en nativisme, veral by die outoch= tone bevolkingsgroep wek, want dit lê nie in die natuur van 'n gemeenskap om die vreemdeling, wat toenemende kompetisie meebring, sonder voorbehoud te verwelkom nie[192]. Die mens is van nature geneig om die vreemdeling met suspisie te bejeën en gereed om in die geringste krisis die eie te begunstig. Die histories ingeboude bevraagtekening deur die Afrikaner van uit= landers, wat spruit uit sy ongelukkige ervaring van vreemde dwingelandy tydens sy wordingsjare, kleur vandag nog soms sy houding teenoor immigrante[193]. 'n Verskynsel wat fundamenteel aan die mensheid self is, te wete soort soek soort, en wat blyk= baar gepaard gaan met soort vermy ander soort, werk segregasie en kulturele isolasie in die hand. Dit het veral die toenemende aantal vreemde Rooms-Katolieke maar veral die geneties opvallend vreemde Mediterreense immigrante geraak wat hulle in toenemende getalle na 1961 in woonstelle en huise om die sakesentrums, die mark en die Engelsmedium primêre skool no. 1 gevestig het, waar hulle die huise en algemene aansien van die woonbuurte aansien= lik verbeter het[194].

Hierdie toenemende kontak tussen die outochtone bevolking en die immigrante het die volgende gevolge, wat in kaarte 4 en 5

---

191. Davie, M. Op. cit., p. 558.
192. Menges, L.J. Geschiktheid voor emigratie, p. 30.
193. Vergelyk paragraaf 2.3.
194. Persoonlike waarneming en vergelyk paragraaf 3.4.3.1, tabel 14, en kaart 2.

weerspieël word, gehad en wat die onderwys direk raak:

(1) Die Mediterreense immigrante, veral die Portugese, het vanweë hulle andersheid en hulle gemeenskaplike ambisie om hulle lewenspeil te verhoog en beter werksomstandig= hede te geniet, sterk tot kuddevorming geneig en hulle feitlik in 'n ghetto geïsoleer waar hulle kinders in die Engelsmedium primêre skool no. 1 akkumuleer[195]. Hierdie groepsvestiging is 'n tipiese verskynsel by Mediterreense immigrante, ook in Frankryk en die V.S.A., waar hulle ook parallele gemeenskappe stig[196].

(2) Die Suid-Afrikaners, Engels- sowel as Afrikaanssprekendes, het as gevolg van bogenoemde gebiedskonsolidasie en die bereiking van die assimilasieversadigingspunt hul eiendom aan die immigrante verkoop en uit die woonbuurte en skole met hoë konsentrasies immigrante na die nuwe woonbuurte en skole suid van die nasionale pad en na die kleinhoewes uitgewyk. Hulle is gevolg deur die Kontinentaal-Germaanse immigrante, wat ook geneig het om hulle suid van die nasiona= le pad te vestig[197]. Die Diverse immigrante van die Nor= diese en Alpynse rasse het ook hierdie uitwykingspatroon gevolg en het geneig om hulle by die Suid-Afrikaners en Kontinentaal-Germaanse immigrante te vestig. Ook hierdie vestigingspatroon van die Kontinentaal-Germaanse groep stem ooreen met die vestigingspatroon in die V.S.A. en Frankryk[198].

(3) Die Engelse immigrante wat uit die oorgangsone gewyk het, het hulle in 'n Engelse "kolonie" suid van die nasionale pad om die Engelsmediumskole gevestig[199]. Dit val egter op dat die Britse immigrante van 1972 blykbaar moeilik ingepas het,

---

195. Vergelyk paragraaf 4.5.1.2.1, tabel 31.
196. Vergelyk paragraaf 5.3.5;
Brown, L.G. Op. cit., pp. 221 - 250.
197. Vergelyk paragraaf 3.4.3.1, tabel 14, en kaart 2.
198. Brown, L.G. Op. cit., pp. 221 - 250.
199. Vergelyk paragraaf 3.4.3.1, kaart 2.

aangesien groot getalle van hierdie immigrante na Engeland teruggekeer het[200]. Moontlik het veranderde toestande in Engeland of die wêreldgevoel jeens die R.S.A. hulle emigrasie beïnvloed.

4.5.3 Die dinamiese proses en gevolge van oneweredige verspreiding van immigrantekinders in skole

Die dinamiese vestigingsproses kan in die skole as afskynsel van die gemeenskap waargeneem word[201]. Die volgende ketting-reaksie, wat in tabelle 32 en 33 en figure 6 en 7 uiteengesit is, kom onder andere in die Engelsmedium primêre, private en sekondêre skole in die yster-en-staalnywerheidsgebied voor.

4.5.3.1 Primêre Engelsmediumskole

Volgens tabel 32 en figuur 6 het die aantal immigrantekinders in die Engelsmedium primêre skool no. 1 tussen 1961 en 1965 toegeneem van 18 tot 269, sodat die verhouding van immigrante tot Suid-Afrikaanse leerlinge van 1 : 49 verander het tot 1 : 2 en sodat die totale inskrywing gestyg het van 718 tot 960. Deur die kunsmatige getalstoename as gevolg van aggressiewe immigrasie het 'n tekort aan Engelssprekende personeel ontstaan[202] en is die drakrag, ruimte en assimilasievermoë van die skool oorskry. 'n Tweede Engelsmedium primêre skool moes vervolgens teen 'n koste van R800 per leerling, d.w.s. R480 000 vir 'n P1-skool vir 600 leerlinge beplan word[203].

Soos aangedui in tabel 32 en figuur 6 het die aantal immigrantekinders van 1965 tot 1972 in die skool verder vermeerder van 269 tot 468 en dit is opvallend dat daar sedert 1966 toe die skool 'n immigrantekarakter gekry het, 'n geleidelike uitwyking van

---

200 Persoonlike waarneming.
201. Swift, D.F. The sociology of education, p. 61.
202. Vergelyk paragraaf 3.7, tabel 21.
203. T.O.D. Onderhoud met hoof van die Onderwysburo.

Tabel 32

Akkumulering van immigrantekinders in die Engelsmedium primêre skool no. 1, 1961 - 1972*

Jaar	Aantal immigrante-kinders	Persentasie immigrantekinders	Toe- of afname in immigrantekinders	Persentasie toe- of afname in immigrantekinders t.o.v. basisjaar 1961	Verhouding van immigrantekinders : S.A. kinders	Aantal S.A. kinders	Persentasie S.A. kinders	Toe- of afname in S.A. kinders	Persentasie toe- of afname in S.A. kinders t.o.v. basisjaar 1961	Skooltotaal	Toe- of afname in skooltotaal	Persentasie toe- of afname in skooltotaal t.o.v. basisjaar 1961
1961	18	3			1 : 39	700	97			718		
1962	33	4	15	83[1]	1 : 21	708	96	8	1[2]	741	23	3[3]
1963	41	5	8	127	1 : 17	717	95	9	2,4	758	17	5
1964	130	14	89	622	1 : 6	748	86	31	6,9	878	120	22
1965	269	28	139	1 394	1 : 25	691	72	-57	-1,2	960	82	33
1966	226	31	-43	1 155	1 : 21	488	69	-203	-30	714	-246	-,5
1967	310	40	84	1 622	1 : 1,4	450	60	-38	-35	760	46	6
1968	326	41	16	1 711	1 : 1,3	459	59	9	-34	785	25	9
1969	320	41	-6	1 677	1 : 1,4	449	59	-10	-35	769	-16	7
1970	321	40	1	1 683	1 : 1,4	472	60	23	-32	793	24	10
1971	308	40	-13	1 611	1 : 1,5	455	60	-17	-35	763	-30	6
1972	468	61	160	2 500	2 : 1	302	39	-153	-56	770	7	6

*Getalle verstrek deur skoolhoof.

1) $\frac{15}{8}$ x 100 = 187% of $\frac{23}{18}$ x 100 = 127%

2) $\frac{8}{700}$ x 100 = 1% of $\frac{17}{700}$ x 100 = 2,4%

3) $\frac{23}{718}$ x 100 = 3% of $\frac{40}{718}$ x 100 = 5% .

Figuur 6

Persentasie toe- of afname in immigrante- en Suid-Afrikaanse kinders in die Engelsmedium primêre skool no. 1, 1961 - 1972*



*Gegewens verkry van paragraaf 4.5.3.1, tabel 32.
Grafiek getrek volgens Barnard, W.S. en Nel, A. Bevolkingsaardrykskunde, p. 9.

inheemse leerlinge plaasgevind het na die nuwe Engelsmedium primêre skool no. 2 en die private skool en wel van die tydstip af toe die verhouding 1 : 2, hierbo genoem, ontstaan het. Tans het die uitwyking so 'n stadium bereik dat die verhouding immi= grante tot Suid-Afrikaners 2 : 1 is.

Die immigrante het binne tien jaar van 1961 af teen 'n groeikoers van 32,9 toegeneem. Hierdie groeikoers is as volg bepaal:

Formule vir berekening van persentasie groeikoers[204]:

$$\left(\sqrt[t]{\frac{B1}{B0}} - 1\right) \times 100 \text{ waar}$$

B0 = die totale aantal kinders in 1961 as basisjaar
B1 = die totale aantal kinders in 1971
t = die aantal jare tussen 1961 en 1971.

$$\left(\sqrt[10]{\frac{308}{18}} - 1\right) \times 100 = \left(\sqrt[10]{17,1} - 1\right) \times 100$$
$$= (1,329 - 1) \times 100$$
$$= ,329 \times 100$$
$$= + 32,9.$$

In 1972 het die immigrante 61% van die skoolbevolking gevorm, waarvan 31% Portugese was. Daarenteen het die groeikoers vir Suid-Afrikaners vanaf 1966 negatief verander en is dit $\left(\sqrt[10]{\frac{455}{700}} - 1\right) = -4,2164$ terwyl die groeikoers imaginêr was vir die skool $\left(\sqrt[10]{\frac{763}{718}} - 1\right) \times 100 = 0,6097$.

'n Dergelike sneeubalneiging van volgehoue toename in immigrante= kinders het spoedig in die Engelsmedium primêre skool no. 2 begin, waar Britse groepsvestiging in die nywerheidsbehuisingskema op Britse ghettovorming en verandering van die karakter van die

---

204. Barnard, W.S. & Nel, A. Bevolkingsaardrykskunde, p. 8.

skool dui. Teen 1970 was 40% van die skoliere in hierdie skool reeds immigrante, waarvan 23% Engelse immigrante was[205]. Deur natuurlike aanwas en kettingimmigrasie het die getalle in albei skole so gestyg dat dit reeds 'n derde Engelsmedium primêre skool regverdig, en die Suid-Afrikaners sal waarskynlik na hierdie derde skool, wat teen 'n verdere koste van R480 000 opgerig sal word, uitwyk om hulle identiteit te behou. Die immigrante se voorkeur aan Engels kan nie ekonomies geregverdig word nie, want behalwe hulle oortogkoste moet nuwe Engelsmediumskole in 'n oorwegend Afrikaanssprekende gemeenskap gebou word teen 'n koste van ongeveer R$\frac{1}{2}$-miljoen elk, terwyl daar voldoende ruimte vir hulle is in Afrikaansmediumskole soos nos. 2, 3 en 5, wat besig is om leeg te loop[206].

4.5.3.2 Private Engelsmediumskool

Behalwe die toename in openbare Engelsmedium primêre skole is daar ook 'n sneeubalneiging in die private Engelsmediumskool vanweë die toenemende aantal Rooms-Katolieke immigrante met 'n voorkeur aan Engels as voertaal. Rooms-Katolieke immigrante uit al drie kategorieë, met 'n hoër sosio-ekonomiese status, stuur hulle kinders hoofsaaklik na hierdie skool[207].

4.5.3.3 Sekondêre Engelsmediumskool

Volgens tabel 33 en figuur 7 word die toename in skoolbevolking van die sekondêre Engelsmediumskool van 326 in 1961 tot 610 in 1972 en die groeikoers van $\left(\sqrt[10]{\frac{610}{326}} - 1\right) \times 100 = 6{,}460$

---

205. Vergelyk paragraaf 3.4.3.1, tabel 14, en kaart 2.
206. Anon. Afrikaanse leerlinge word al minder. Die Transvaler, 10 Februarie 1973, p. 5.
207. Onderhoud met betrokke skoolhoof.

Tabel 33

Akkumulering van immigrantekinders in die Engelsmedium sekondêre skool, 1961 - 1972*

Jaar	Aantal immigrantekinders	Persentasie immigrante-kinders	Toe- of afname in immigrantekinders	Persentasie toe- of afname in immigrante-kinders t.o.v. basisjaar 1961	Verhouding immigrante-kinders : S.A. kinders	Aantal S.A. kinders	Persentasie S.A. kinders	Toe- of afname in S.A. kinders	Persentasie toe- of afname in S.A. kinders t.o.v. basisjaar 1961	Skooltotaal	Toe- of afname in skooltotaal	Persentasie toe- of afname in skooltotaal t.o.v. basisjaar 1961
1961	38	12			1 : 7	288	88			326		
1962	85	20	47	123[1)]	1 : 4	347	80	59	20,4[2)]	432	106	32[3)]
1963	94	24	9	147[1)]	1 : 3	293	76	-54	2,0[2)]	387	-45	18[3)]
1964	105	28	11	176	1 : 2,6	276	72	-17	-4,1	381	-6	16
1965	148	33	43	292	1 : 2	305	67	29	5,9	453	72	38
1966	183	36	35	381	1 : 1,7	320	64	15	11,1	503	-50	54
1967	220	42	37	479	1 : 1,4	304	58	-16	5,5	524	21	60
1968	197	41	-23	418	1 : 1,4	282	59	-22	-2,1	479	-45	46
1969	218	41	21	473	1 : 1,4	312	59	30	8,4	530	51	62
1970	226	44	8	494	1 : 1,2	283	56	-29	-1,7	509	-21	56
1971	237	47	11	523	1 : 1,1	271	57	-12	-5,9	508	-1	55
1972	291	48	54	665	1 : 1	319	52	48	10,7	610	102	87

*Getalle verstrek deur skoolhoof.

1) $\frac{47}{38} \times 100 = 123\%$ of $\frac{56}{38} \times 100 = 147\%$

2) $\frac{59}{288} \times 100 = 20,4\%$ of $\frac{5}{288} \times 100 = 1,7\%$

3) $\frac{106}{326} \times 100 = 32\%$ of $\frac{61}{326} \times 100 = 18\%$.

Figuur 7

Persentasie toe- of afname in immigrante- en Suid-Afrikaanse kinders in die Engelsmedium sekondêre skool, 1961 - 1972*



*Gegewens verkry van paragraaf 4.5.3.3, tabel 33.
Grafiek getrek volgens Barnard, W.S. en Nel, A. Bevolkingsaardrykskunde, p. 9.

kunsmatig gemotiveer deur immigrasie, aangesien die outochtone kinders se groeikoers regressief imaginêr is, nl. $\left(\sqrt[10]{\frac{217}{288}} - 1\right) \times 100 = -2,7971$. Die negatiewe ver= andering is die gevolg van die versteuring van die numeriese verhouding van immigrante tot Suid-Afrikaners. Dié verhouding het nl. van 1 : 7 in 1961 tot 1 : 1 in 1972 verander as gevolg van die immigrante se toename van 38 in 1961 tot 291 in 1972 teen 'n groeikoers van $\left(\sqrt[10]{\frac{237}{38}} - 1\right) \times 100 = 20,08$. Dit val in tabel 33 op dat Suid-Afrikaners uit die skool gewyk het toe die verhouding 1 : 3 was. Die outochtone kinders se getalle word verder kunsmatig in stand gehou deur Suid-Afrikaanse kinders afkomstig van die petrochemiese nywerheidsgebied, waarvan daar tien leerlinge in 1972 was[208].

4.5.3.4 Openbare Afrikaansmediumskole

Die versteuring van die bevolkingsewewig en die uitwyking van outochtone leerlinge het tesame met sosiologiese faktore soos die vlottende outochtone skoolbevolking[209] ook 'n negatiewe ver= andering en 'n regressiewe tendens in die bevolking van openbare Afrikaansmediumskole noord van die nasionale pad veroorsaak[210]. Die getalle van die vier Afrikaansmedium primêre skole het só gedaal dat dit die volgende gevolge gehad het: die spesiale skool het 'n primêre skool wat vroeër in dieselfde gebou was, vervang, en die getalle van die ander drie primêre skole het gedaal soos blyk uit tabel 34.

Dit blyk uit tabel 34 dat die getalle van die Afrikaansmedium primêre skole nos. 3, 4, en 5, waarvan die natuurlike voedings= gebied met die Portugese ghettogebied oorvleuel, van 1961 tot 1972 met 310, 163 en 310 respektiewelik gedaal het[211]. Dit kan gedeeltelik toegeskryf word aan totstandkoming van nuwe skole, maar al die hoofde van die skole skryf dit hoofsaaklik aan immigrante= groepsvestiging toe. Die gegewens ten opsigte van skoolvervoer

---

208. Volgens getalle verstrek deur skoolhoof.
209. Vergelyk paragraaf 4.5.2.3.
210. Vergelyk paragraaf 4.5.2.3, kaarte 4 en 5.
211. Onderhoud met inspekteur en statistiese gegewens verstrek deur skoolraadsekretaris.

Tabel 34

Afname in getalle van Afrikaansmedium primêre skole in ghetto-gebiede, 1961 - 1972*

Jare	Afrikaansmedium primêre skole										
	No. 2		No. 3					No. 4		No. 5	
	Totale aantal skoliere	Toe- of afname	Skoliere uit natuurlike voedingsgebied	Skoliere van verskema	Totale aantal skoliere	Toe- of afname in totaal	Toe- of afname uit natuurlike voedingsgebied	Totale aantal skoliere	Toe- of afname	Totale aantal skoliere	Toe- of afname
1961			668		668			689		699	
1962			776		776	108	108	108	19	760	61
1963			634		634	-142	-142	647	-61	799	39
1964			678		678	44	44	650	3	724	-75
1965	441		651		651	-27	-27	648	-2	712	-12
1966	830	389			632	-19	1)	629	-19	700	-12
1967	835	5			613	-19		616	-13	653	-47
1968	623	-212			636	23		619	3	516	-137
1969	653	30			611	-25		637	18	531	15
1970	670	17	391	189	580	-31		592	-45	503	28
1971	679	9	365	230	595	15	-26	547	-45	446	-57
1972	652	-27	358	288	646	51	-7	526	-21	389	-57
1961-1972			-310			-22	-310		-163		-310

*Gegewens verstrek deur hoofde van skole en skoolraadsekretaris.

1) Gegewens kon nie opgespoor word nie.

in geval no. 3 is nie volledig beskikbaar nie, maar dit blyk duidelik dat die aantal leerlinge wat na die skool vervoer word kunsmatig toeneem om die skool as 'n P1-skool met 600 leerlinge te behou, terwyl die getalle skoliere uit die natuurlike

voedingsgebied afneem[212]. Die kinders word na die skool per bus vervoer van die kleinhoewes af en suid van die nasionale pad, waarheen die Afrikaanssprekendes uitgewyk het. Dit is in tabel 39 opvallend dat daar nie 'n enkele immigrantekind in die Afrikaansmedium primêre skool no. 10 op die kleinhoewes is nie. Behalwe busvervoer van Afrikaanssprekende leerlinge word 'n metode van hersonering, wat reeds tot groot ontevredenheid van ouers drie maal in die tydperk toegepas is, gevolg om die skole as P1-skole te behou. Dieselfde tendens van afname in getalle begin reeds in die Afrikaansmedium primêre skool no. 2 in die Britse ghetto. Hierdie uitwykings stem ooreen met die 1965- en veral die 1972-uitwykings uit die Engelsmedium primêre skool no. 1, waar uitwyking plaasgevind het toe die getal immigrante met 20% gestyg het.

Dit is vervolgens van kardinale belang om 'n skool en 'n skoolbevolking se kritieke assimilasieversadigingspunt, waarop uitwyking van die outochtone kinders uit die skool plaasvind, vas te stel.

4.5.4 Vasstelling van die kritieke assimilasieversadigingspunt waarop uitwyking voorkom

Dit is uit tabelle 32 en 33 duidelik dat 'n kritieke versadigingspunt t.a.v. die numeriese verhouding van immigrante- tot Suid-Afrikaanse kinders bereik word as gevolg van die akkumulering van immigrantekinders in skole. Die bepaling van hierdie kritieke versadigingspunt, waarop uitwyking van die outochtone bevolking voorkom, is besonder belangrik aangesien dit assimilasie van immigrante ten nouste raak[213]. Die volgende werp lig op hierdie punt: In 1965 het 203 Suid-Afrikaanse kinders uit die Engelsmedium primêre skool no. 1 gewyk, toe 139 immigrante - hoofsaaklik Portugese as gevolg van die toename in Portugese immigrasie gedurende 1965[214] - by die skool ingeskryf het.

---

212. Onderhoud met betrokke skoolhoof.
213. Vergelyk paragraaf 5.5.1.2.
214. Vergelyk paragraaf 2.6.1, tabel 2.

Volgens tabel 32 het die Suid-Afrikaanse kinders uit die skool begin wyk toe die getal immigrante in 1965 skielik van 14% tot 28% gestyg het en weer in 1972, toe 'n skielike vermeerdering van 40% tot 61% geskied het, wat albei swaar assimilasielaste op die skool en die outochtone Suid-Afrikaanse kinders gelê het. Die eerste uitwyking het plaasgevind toe die verhouding van immigrante- tot Suid-Afrikaanse kinders van 1 : 6 na 1 : 2 verander het en die tweede uitwyking toe die verhouding van 1 : $1\frac{1}{2}$ na 2 : 1 verander het.

In die sekondêre skool het die outochtone skoolbevolking reeds in 1963 begin uitwyk toe die aantal immigrante tot 24% gestyg het en die numeriese verhouding van immigrante- tot Suid-Afrikaanse kinders na 1 : 3 verander het.

Dit wil derhalwe voorkom asof:

(1) uitwyking gepaard gaan met skielike grootskaalse toenames in 'n verskeidenheid of in een nasionaliteit immigrante-kinders in 'n bepaalde skool;

(2) uitwyking verwag kan word sodra die persentasie immigrante in 'n skool bo 20% styg; en

(3) uitwyking verwag kan word sodra die numeriese verhouding van immigrantekinders tot outochtone kinders kleiner as 1 : 3 word.

4.6 Private immigranteskole

Verskillende probleme, soos die totstandkoming van vreemde nasionale dagskole en jeugbewegings, verskillende skooltye, verskillende metodes van onderrig, dissiplinêre probleme en belemmering van konsolidasie van die sekondêre taal, spruit uit die bestaan van private immigrantemoedertaalskole.

4.6.1 Die totstandkoming van vreemde nasionale dagskole en jeugbewegings

Die bestendige aanvulling van die getalsterkte van immigrante van dieselfde nasionale herkoms, stel hulle in staat om hulle identiteit te behou. Hiertoe help mee verdedigingsmeganismes soos hulle eie kerk - en private immigranteskole[215]. Die stigting van deeltydse private skole, gewoonlik by 'n kerk, lei soms tot die totstandkoming van selfstandige nasionale dagskole soos die Duitse en Griekse skole in Johannesburg. Hierdie skole, wat op afskeiding op nasionale vlak dui, het 'n segregerende effek, rem integrasie en motiveer die totstandkoming en instandhouding van vreemde taaleilande[216]. As regverdiging vir hierdie skole word aangevoer dat die kurrikulum van sodanige skole van 'n hoër standaard as dié van die amptelike skole is[217]. Immigrantekinders wat aldaar inskryf, woon dan nie meer die openbare skole by nie en hulle bly dan by gebrek aan blootstelling aan die Suid-Afrikaanse kultuur wesenlik so vreemd as Gastarbeiterkinder. Al bied Suid-Afrikaanse openbare skole Duits as derde taal aan, word dit geensins as voldoende aanvaar nie, omdat die private skole ook wat gees en rigting betref, verskil[218].

Die eis van die ouers, dat die kind die moedertaal moet handhaaf, dien dikwels as versekering om by moontlike terugkeer na die land van herkoms die kind in staat te stel om in te pas by die onderwysgemeenskap en arbeidsmark aldaar[219].

Sodanige skole, wat boonop in ghettogebiede geleë is, dra daartoe by dat die immigrante deur afsondering van die Suid-Afrikaanse milieu nie die Suid-Afrikaanse kultuur deur funksionele sosiale

---

215. Davie, M. Op. cit., p. 557.
216. Van der Merwe, H.J.J.M. Immigrasie en die Afrikaanse kultuur. Tydskrif vir Geesteswetenskap, Vol. 5, no. 4, Desember 1965, p. 372.
217. Onderhoude met immigrante.
218. Vergelyk paragraaf 3.4.3.3.2.
219. Onderhoude met immigrante.

interaksie beleef of verwerf nie. Die private immigranteskole het hulle eie nasionale jeugbewegings soos Mocidade Portuguesa en ander, wat daarop toegespits is om die kinders ideologies, polities en sosiaal toe te rus en om hulle nasiebewus te maak. Hierdie nasionale skole en jeugbewegings strem assimilasie by die Suid-Afrikaanse gemeenskap en is nie in ooreenstemming met die versuidafrikaansingsdoelstellings van die onderwys nie[220]. Dit veroorsaak ook konflik in die kind, wat in die dagskool die Suid-Afrikaanse kultuurpatroon beleef en die jeugweerbaarheids= program volg en smiddae of saans in 'n private skool 'n ander nasie se ooreenstemmende program moet volg[221]. Dit lei nood= wendig tot verdeelde trou en is soms ook een van die redes waarom immigrante nie Suid-Afrikaanse burgerskap aanvaar nie[222].

4.6.2 Verskillende skooltye

Die private skole skep verdere probleme aangesien hulle lesure dit dikwels vir immigrantekinders moeilik of selfs onmoontlik maak om aan normale buitemuurse aktiwiteite deel te neem. So= danige skole bied naamlik op Saterdae of ná skool onderrig aan[223]. Hierdie toestand is nadelig vir die immigrantekinders se woorde= skattoename en sosiale inpassing, want juis in die naskoolse aktiwiteite vind die kind dikwels die geleentheid om die taal paties aan te leer en deur spel aanpassingsprobleme te oorkom[224]. Private skole wat elke middag funksioneer, veroorsaak uiteraard die meeste probleme, want kinders wat dié skole bywoon se skool= dag word dan van 5 - 6 uur tot 8 uur per dag verleng, en die betrokke leerlinge moet twee stelle huiswerk doen.

---

220. Vergelyk paragraaf 6.2.
221. Koch, H.R. Gastarbeiterkinder in deutschen Schulen, p. 64.
222. Onderhoude met immigrante.
223. Vergelyk paragraaf 3.4.3.4.2.
224. Onderhoude met hoofde van kleuterskole.

4.6.3 Uiteenlopende metodes van onderrig

In bogenoemde skole verskil die metodes van onderwys van dié van die amptelike skool, soos onder andere blyk uit die volgende skryfwyses waarmee 'n sesjarige Portugees in twee tipes skole gekonfronteer word.

Figuur 8

Skryfwyse van 'n immigrantekind



Verdere voorbeelde van uiteenlopende onderrigmetodes is verskillende deelwyses in elementêre Wiskunde, nl. 130|15 in die Portugese private skole en 15|130 in die provinsiale skool. So is daar ook verskillende skryfwyses van tyd, bv. 10.8 vm. in die Portugese private skole en 8.10 vm. of 08h10 in die provinsiale skole[225].

---

225. Onderhoude met immigrantekinders en onderwysers van private skole.

4.6.4 Dissiplinêre probleme

Die bywoning van twee verskillende tipes skole kan die dis= sipline van die dagskool ondermyn omdat verskillende benaderings van tug kan geld.

4.6.5 Belemmering van konsolidasie van die sekondêre taal

Nog 'n probleem wat met private moedertaalskole verband hou, is daarin geleë dat leerlinge van sulke skole die sekondêre voer= taal nie so goed konsolideer as leerlinge wat slegs gewone skole bywoon nie. Veral na skoolvakansies val dit op hoe taalkonsoli= dasie in sulke gevalle gerem word[226].

4.7 Evaluering van die skolastiese prestasie van immigrante= kinders

Dit is belangrik om die skolastiese prestasie, akademies sowel as nie-akademies, van immigrantekinders te evalueer en die pro= bleme in verband daarmee aan te stip.

4.7.1 Waarom dit belangrik is om die skolastiese prestasie van immigrantekinders te evalueer

Die skolastiese prestasie van Suid-Afrikaanse sowel as immi= grantekinders word in die ondersoekterrein gedurende die jaar met toetsreekse en geskrewe eksamens gemeet ten einde 'n jaar= syfer op te bou wat 50% tel, terwyl die finale eksamen ook 50% tel[227]. Ondersoek na die skolastiese prestasie van die immi= grantekinders en die kontrolegroep dien as 'n nuttige verkennings= medium om te bepaal in hoeverre die immigrantekinders daarin slaag om die kultuurafstand in die didakties-pedagogiese situ= asie van die ondersoekterrein te oorbrug en die Suid-Afrikaanse leerstof te bemagtig[228]. Dit is in hierdie evaluering met die oog op effektiewe onderwysverskaffing baie belangrik om te

---

226. Vergelyk paragraaf 4.3.
227. Vergelyk paragraaf 3.4.3.3.
228. Fox, D.J. The research process in education, p. 573.

bepaal of daar reële verskille of moontlike agterstand by sekere groepe immigrante- sowel as Suid-Afrikaanse kinders voorkom. Dit kan lig werp op die sosiale en kulturele skakelings- en remmingsprobleme van immigrante op die sukses al dan nie van besondere didaktiese patrone, hulpmiddels en organisatoriese maatreëls[229]. Ondersoek na die aanpassing van immigrante-kinders in die buiteland het, byvoorbeeld, reeds blootgelê dat immigrantekinders se akademiese prestasie, veral in die voertaal, positief korreleer met aanpassing, sosiale aanvaarbaarheid en die afwesigheid van angs en vrees[230].

4.7.2 Die evaluering van die skolastiese prestasies van die steekproefimmigrante- en die kontrolegroep Suid-Afrikaanse kinders

Die ondersoek na die skolastiese prestasies van die steekproef-immigrantekinders en die kontrolegroep Suid-Afrikaanse kinders gaan om die skolastiese prestasie in primêre en sekondêre skole, die bepaling van die mate van erosie in die verskillende groepe tussen toelating in St. 6 en matrikulasie, en die verband tussen die skolastiese prestasie van immigrantekinders en die tydsduur en vlak van hulle blootstelling aan en kontak met die Suid-Afrikaanse kultuur.

4.7.2.1 Die skolastiese prestasie van immigrante- en Suid-Afrikaanse kinders in primêre en sekondêre skole

Die skolastiese prestasie van die steekproef se drie kategorieë immigranteleerlinge en die kontrolegroep Suid-Afrikaanse leerlinge word in tabel 35 uiteengesit[231].

---

229. Cohen, D.K. Immigrants in the schools. Review of Educational Research, Vol. 40, no. 1, pp. 20 - 26.

230. Bhatnager, J. Immigrants at school, pp. 113 - 115.

231. Vergelyk paragrawe 3.2, tabel 5, 3.4.3.3, 4.3.9, tabel 23 en figuur 4, en paragraaf 4.5.1.2.2, figuur 5.

Tabel 35

Gemiddelde skolastiese prestasie van die steekproef immigrante- en die kontrolegroep Suid-Afrikaanse kinders in primêre en sekondêre skole, 1972*

Skole	Vakke en kategorieë immigrantekinders van die steekproef																							
	Afrikaans Hoër				Afrikaans Laer				Engels Hoër				Engels Laer				Rekenkunde/ Wiskunde				Gem. persentasie				Gem. I.K.			
	KG	E	D	RSA	KG	E	D	RSA	KG	E	D	RSA	KG	E	D	RSA	KG	E	D	RSA	KG	E	D	RSA	KG	E	D	RSA
Primêre skole																								
3 Afri=kaans	69			67									64				72		50	64	70			66	102			107
3 Engels					68	57	61	64	68	67	65	67	70			64	73	60	60	66	70	62	64	66	102	94	100	104
2 Parallel	77				73	67	58	64	76	70	70	65	75			64	74	64	65	67	74	67	67	66	107	108	100	110
Gemiddeld	73			67	70	62	59	64	72	68	67	66	70			64	73	62	58	66	71	64	65	66	104	101	100	107
Sekondêre skole																								
3 Afri=kaans	51		48	58									52		40	55	56		46	60	52		45	60	107		86	115
2 Engels					59	48	45	53	55	62	46	51						52	50	55	57	51	51	54	110	116	99	112
1 Parallel	72		46	58		54	41	56		63	46	60	63		54	55	60	56	50	57	68	56	48	58	121	127	86	112
Tegnies				57	44	40	44	45	56	69	54	55					52		54	58	51	56	52	59	88	108	96	112
Handel				59	56	54	47	56	56	64	51	52									51	54	53	55	112	112	95	110
Gemiddeld	61		47	58	53	49	44	52	56	64	49	54	57		47	55	56	54	50	58	56	54	50	57	108	115	92	112
Spesiale skool	60			67		48	45			50	50		55			56	56		50		55	50	50	55	76	72	72	75

*Roupunte verkry uit persoonlike verslae van leerlinge en herlei tot gemiddelde persentasies.

KG = steekproef Kontinentaal-Germaanse immigrantekinders.
E = steekproef Engelse immigrantekinders.
D = steekproef Diverse immigrantekinders.
RSA = kontrolegroep Suid-Afrikaanse kinders.

Volgens tabel 35 is die prestasie van die kontrolegroep in die Afrikaans-, Engels- en parallelmedium primêre skole eenders, maar die immigrantekinders presteer feitlik deur= gaans beter in parallelmediumskole. Dit val op dat die groep Diverse immigrantekinders deurgaans die laagste gemiddelde skolastiese prestasie in die primêre skool behaal, terwyl die Kontinentaal-Germaanse groep in die primêre skole ge= middeld die beste presteer. Blykbaar beskik die Kontintaal-Germaanse immigrantekinders in die jonger leeftydsfase oor 'n besondere vermoë om die Suid-Afrikaanse kultuur aan te leer, moontlik omdat hulle van Duitse herkoms is en die afstand tussen die twee kulture gering is. Dit is egter uit die beskikbare gegewens nie moontlik om te verklaar waar= om hulle gemiddeld selfs beter as die outochtone kontrolegroep presteer nie, ten spyte van 'n laer gemiddelde I.K. Die be= vinding dat die Kontinentaal-Germaanse kinders beter presteer as die outochtone kinders stem ooreen met die resultate van soortgelyke navorsing in Israel en die V.S.A.[232)]

Die Kontinentaal-Germaanse en Engelse leerlinge presteer in elke opsig beter in die sekondêre parallelmediumskole as in suiwer Afrikaans- of Engelsmediumskole. Dit wil voorkom asof die Diverse groep se akademiese prestasie in sekondêre skole veel swakker is as in die primêre skole en nog verder afsteek by die ander groepe immigrante sowel as by leerlinge van die outochtone kontrolegroep[233)]. In hierdie opsig is daar 'n onmiskenbare verband tussen swakker gemiddelde aka= demiese prestasie en laer gemiddelde I.K. Dit val egter op dat die prestasies van die Diverse groep in die Tegniese en Handelskole sowel as in die Spesiale skool goed met dié van die ander groepe vergelyk. Dit val ook op dat die Engelse immigrantekinders van die drie kategorieë oor die hoogste gemiddelde I.K. beskik dog klaarblyklik onder hulle vermoë presteer - moontlik vanweë swak motivering en/of inpassings= probleme[234)].

---

232. Cohen D.K. Op cit., pp. 20 - 26.

233. Vergelyk paragraaf 4.5.1.2.2, fig. 5.

234. Vergelyk paragraaf 4.3.9, fig. 3.

4.7.2.2 Erosie van immigranteleerlinge tussen St. 6 en St. 10

Tabel 36 toon die aantal immigrante- en Suid-Afrikaanse kinders wat in St. 6 op skool was en uiteindelik in matriek in die skool geslaag het.

Uit tabel 36 blyk dit dat 100% van die Kontinentaal-Germaanse kinders wat tussen 1964 en 1968 in St. 6 was in die normale tyd van vyf jaar gematrikuleer het; dit dui waarskynlik op suksesvolle kulturele integrasie, inpassing, besondere ver= moeëns en inspanning. Hierteenoor het gemiddeld slegs 83% van die Engelse immigrantekinders en 53% van die Suid-Afrikaanse kinders wat in St. 6 ingeskryf het in die betrokke tydperk gematrikuleer[235] - wat waarskynlik op swak motivering dui. Die besonder lae gemiddelde persentasie van 15% Diverse immigrantekinders wat uiteindelik gematrikuleer het, en veral die afname in die persentasie van 17 - 7% oor die tydperk 1968 - 1972, stem tot ernstige nadenke oor hulle inpassings= vermoë en/of verstandelike potensiaal. Dit wil egter voorkom asof hulle beter presteer wanneer hulle in kleiner getalle verspreid voorkom as wanneer hulle in klasse akkumuleer[236].

Bogenoemde bevindings stem ooreen met dié van buitelandse ondersoekers, waar vasgestel is dat Kontinentaal-Germaanse en Engelse immigrante selfs beter presteer as die outochtone bevolking en dat die Mediterreense immigrante swakker presteer[237]. Hierdie verskynsel is waarskynlik een van die redes vir die teenstand teen hulle immigrasie in die V.S.A. en Europa[238].

4.7.2.3 Die verband tussen prestasie van immigrantekinders en die tydsduur en vlak van hulle blootstelling aan en kontak met die Suid-Afrikaanse kultuur

Die akademiese prestasie van immigrantekinders hou klaarblyklik verband met hulle blootstelling aan die Suid-Afrikaanse kultuur.

---

235. Viljoen, G. van N. Afrikaners aan Rand staan agter. Die Transvaler, Dinsdag 30 Januarie 1973.

236. Volgens onderhoude met hoofde van skole. Dit blyk ook uit puntestate.

237. Cohen, D.K. Op. cit., p. 17.

238. Brown, L.G. Immigration : cultural conflicts and social adjustment, p. 207.

Tabel 36

Erosie tussen St. 6 en St. 10 by immigrante- en Suid-Afrikaanse kinders, 1964 - 1972*

Standerd en persentasie leerlinge wat tot St. 10 vorder	Jare en aantal kinders van steekproefgroepe																			
	1964 - 1968				1965 - 1969				1966 - 1970				1967 - 1971				1968 - 1972			
	KG	E	D	RSA	KG	E	D	RSA	KG	E	D	RSA	KG	E	D	RSA	KG	E	D	RSA
St. 6	7	7	18	100	7	12	37	90	15	26	33	92	11	17	40	87	13	9	56	90
St. 10	7	7	3	56	7	8	4	45	15	11	4	46	11	10	5	50	13	6	4	45
% leerlinge wat tot St. 10 vorder	100	100	17	56	100	66	11	50	100	42	12	50	100	58	13	57	100	67	7	50

*Roupunte verkry uit persoonlike verslae van leerlinge en promosiestate van betrokke skole.

KG = Kontinentaal-Germaanse immigrantekinders.

E = Engelse immigrantekinders.

D = Diverse immigrantekinders.

RSA = Suid-Afrikaanse kinders.

Hierdie blootstelling hang af, sowel van die lengte van verblyf, of die longitudinale blootstelling gemeet oor tyd, tewete die skoolbesoek in die R.S.A. as van die bloot= stelling aan en die kontakvlak met Suid-Afrikaners, afhang= ende van die verspreiding van immigrantekinders volgens verskillende organisatoriese maatreëls.

4.7.2.3.1 Die verband tussen akademiese prestasie van immigrantekinders en hulle longitudinale blootstelling, volgens tydsduur, aan die Suid-Afrikaanse kultuur

In 'n poging om vas te stel wat die verband tussen immigrante= leerlinge se akademiese prestasie en hulle longitudinale blootstelling oor 'n bepaalde tydperk aan die Suid-Afrikaanse kultuur is, word die akademiese prestasie by 'n steekproef van drie groepe immigranteleerlinge volgens hulle jare van skoolbesoek in die R.S.A. vergelyk in tabel 37.

Die volgende blyk uit tabel 37:

Die Kontinentaal-Germaanse groep se prestasie in Afrikaans Hoër as verwante taal verbeter met blootstelling aan Afri= kaans oor die bepaalde tydperk van 61%- 66%. Die korrelasie= koëffisiënt vir die verband tussen woordeskat en taalverbe= tering enersyds en lengte van verblyf andersyds vir die Kontinentaal-Germaanse groep is ,956 volgens die volgende berekening:

Korrelasiekoëffisiënt[239] $r = \frac{Sxy}{SxSy}$

waar x = jare van skoolbesoek
y = prestasie in Afrikaans Hoër
S = standaardafwyking
N = aantal waarnemings.

x	y	x^2	y^2	xy
1	61	1	3721	61
2	64	4	4096	128
3	65	9	4225	195
4	66	16	4356	264
10	256	30	16398	648

239. Schumann, D.E.W. & Bouwer, B. Op. cit., p. 98.

$$\bar{x} = \frac{\Sigma x}{N}$$

$$= \frac{10}{4}$$

$$= 2,5$$

$$\bar{y} = \frac{\Sigma y}{N}$$

$$= \frac{256}{4}$$

$$= 64$$

$$S^2x = \frac{\Sigma x^2}{N} - \bar{x}^2$$

$$= \frac{30}{4} - (2,5)^2 = 1,25$$

$$S^2y = \frac{\Sigma y^2}{N} - \bar{y}^2$$

$$= \frac{16398}{4} - (64)^2$$

$$= 3,5$$

$$Sx = \sqrt{S^2x}$$

$$= \sqrt{1,25}$$

$$= 1,118$$

$$Sy = \sqrt{S^2y}$$

$$= \sqrt{3,5}$$

$$= 1,871$$

$$Sxy = \frac{\Sigma xy}{N} - \overline{xy}$$

$$= \frac{648}{4} - (2,5 \times 64)$$

$$= 2$$

$$r = \frac{Sxy}{SxSy} = \frac{2}{(1,118)(1,871)} = ,956 .$$

Daar is dus 'n positiewe korrelasie tussen taalverbetering in Afrikaans Hoër en lengte van verblyf. Die Kontinentaal-

Tabel 37

Vergelyking van drie groepe immigrantekinders van 'n steekproef[1] se akademiese prestasie volgens jare van skoolbesoek in die R.S.A.*

Vakke	Aanvanklike prestasie van immigrantegroepe volgens jare van skoolbesoek												Korrelasiekoëffisient		
	Aanvanklike prestasie[2]			Prestasie na 1 - 3 jaar[3]			Prestasie na 4 - 6 jaar			Prestasie na 7 - 9 jaar					
	KG[4.1]	E[5.1]	D[6.1]	KG[4.2]	E[5.2]	D[6.2]	KG[4.3]	E[5.3]	D[6.3]	KG[4.4]	E[5.4]	D[6.4]	KG	E[7]	D
Afrikaans Hoër	61		40	64		46	65		47	66		49	,956		,923
Afrikaans Laer	58	43	40	58	50	45	59	53	47	60	53	48		,903	
Engels Hoër	52	68	40	53	62	48	55	58	50	57	58	52	,994		,956
Engels Laer	52		41	54		45	55		46	56		47			
Wiskunde	66	62	46	64	58	46	63	57	47	62	54	48			
Gemiddeld van vakke	60	60	45	60	58	47	60	56	48	61	56	50	,774		,927

*Roupunte verkry van leerlinge se Ed. Lab.-kaarte.

1) Vir samestelling van die steekproef vergelyk paragraaf 3.2.

2) Bevorderingsprestasie aan die einde van die eerste jaar in die R.S.A.

3) Bevorderingsprestasie na die aangeduide aantal jare verblyf in die R.S.A.

4) KG = Kontinentaal-Germaans 4.1 = 40 toetslinge 4.2 = 21 toetslinge 4.3 = 15 toetslinge 4.4 = 10 toetslinge.

5) E = Engels 5.1 = 38 toetslinge 5.2 = 22 toetslinge 5.3 = 16 toetslinge 5.4 = 8 toetslinge.

6) D = Diverse 6.1 = 20 toetslinge 6.2 = 12 toetslinge 6.3 = 7 toetslinge 6.4 = 3 toetslinge.

7) Die korrelasiekoëffisient is vir Engelse slegs in Afrikaans bereken aangesien dit aan hulle onbekend is. Daar is nie 'n korrelasie tussen hulle lengte van verblyf en hulle prestasie in ander vakke nie.

Germaanse groep se gemiddelde prestasie in Afrikaans Laer, as verwante taal, verbeter met minder blootstelling aan Afrikaans in Engelsmediumskole oor die bepaalde tydperk van 58% tot 60%. Daar is 'n positiewe korrelasie tussen taalverbetering in Afrikaans Laer en lengte van verblyf vir die Engelse groep. Die Engelse groep se gemiddelde prestasie in Afrikaans Laer verbeter binne die eerste drie jaar snel van 43% - 50% en daarna gelei= delik as gevolg van aanvanklike taalhulp wat later gestaak is. Die Diverse groep se gemiddelde prestasie in Afrikaans Hoër verbeter met maksimale blootstelling aan Afrikaans oor die bepaalde tydperk van 40%- 49%, die aanvanklike toename van 5% binne die eerste drie jaar is opvallend sowel as die geleidelike toename daarna. Die korrelasiekoëffisiënt tussen lengte van verblyf en prestasie in dié geval is ,923. Die Diverse groep se gemiddelde prestasie in Afrikaans Laer ver= beter met geringer blootstelling aan Afrikaans oor die bepaal= de tydperk van 40% - 48%. Die Kontinentaal-Germaanse groep se prestasie in Engels Hoër verbeter met maksimale blootstelling aan Engels oor die bepaalde tydperk van 52%- 57%. Die kor= relasiekoëffisiënt hiervoor is ,994; met ander woorde, daar is 'n positiewe korrelasie tussen taalverbetering in Engels en lengte van verblyf. Die Kontinentaal-Germaanse groep se prestasie in Engels Laer verbeter met minder bloot= stelling aan Engels in Afrikaansmediumskole van 52 - 56% en die grootste verbetering kom voor binne drie jaar. Die Engelse groep se gemiddelde prestasie in Engels neem af van 68% - 58%, terwyl die Diverse groep se prestasie in Engels Hoër verbeter met 40% - 52% met 'n opvallende verbetering gedurende die eerste drie jaar en 'n korrelasiekoëffisiënt van ,927 terwyl die prestasie in Engels Laer van 41% - 47% verbeter.

Die drie groepe Kontinentaal-Germaanse, Engelse en Diverse immigrante se prestasie in Wiskunde bly betreklik konstant. Die gemiddelde prestasie van die drie groepe toon 'n geringe verbetering vir die Kontinentaal-Germaanse groep, 'n negatiewe verandering vir die Engelse se prestasie en 'n positiewe ver= betering met korrelasiekoëffisiënt van ,956 in die gemid= delde prestasie van die Diverse groep.

Hieruit kan die afleiding gemaak word dat daar 'n positiewe korrelasie tussen taal, woordeskat en lengte van verblyf is en dat immigrante aanvanklik op intensiewe taalonderwys aangewese is vir die eerste drie jaar en daarna nog steeds aangewese bly op aanvullende taalonderwys. Taaltekorte moet ook vir ten minste 2 - 3 jaar by promosie in aanmerking geneem word.

4.7.2.3.2 Die verband tussen die akademiese prestasie van immigrantekinders en hulle horisontale blootstelling aan en kontak met die Suid-Afrikaanse kultuur na gelang van verskillende organisatoriese maatreëls

Met die oog op aanbevelings vir effektiewe onderwys is dit nodig om die akademiese prestasie van immigrantekinders volgens hulle horisontale blootstelling aan en kontak met die Suid-Afrikaanse kultuur na gelang van die volgende organisatoriese maatreëls te evalueer: bywoning van kleuterskole, verspreiding in klasse tussen outochtone leerlinge, plasing in spesiale immigranteklasse slegs vir 'n enkele nasionaliteit en akkumulering van immigrantekinders in sekere klasse.

4.7.2.3.2.1 Akademiese prestasie van immigrantekinders na bywoning van kleuterskole

Immigrantekinders wat die kleuterskole bywoon met die doel om die nuwe sekondêre voertaal wat hulle op skool sal gebruik deur direkte kontak met die Suid-Afrikaanse kinders paties aan te leer, word as kleuters reeds maksimaal aan die Suid-Afrikaanse kultuur blootgestel. Diegene wat later arriveer en nie kleuterskole besoek nie, moet die voertaal gnosties aanleer[240]. Eersgenoemdes kan by bereiking van skoolpligtige ouderdom met vrug direk saam met die Suid-Afrikaanse kinders in klasse geplaas word en kan normaal aan die onderwysgebeure deelneem. Daarenteen leer laatkommers die taal met groot moeite aan. Dit beïnvloed ongetwyfeld die akademiese prestasie van 'n steekproef leerlinge soos geïllustreer in tabel 38. Die toevallig gekose steekproef bestaan uit ses leerlinge

---

240. Vergelyk paragraaf 4.3.

Tabel 38

Akademiese prestasie van immigrantekinders wat in Suid-Afrikaanse kleuterskole was en ander wat eers later gearriveer het*

Nasionaliteit en steekproefnommer	Vak	Standerds												Gemiddelde	I.K.		
		i	ii	1	2	3	4	5	6	7	8	9	10		V.	NV.	T.
Griek 4	Engels	70	70	67	66	62	63	62	59	61	53	55	52	61,6	106	115	112
	Afrikaans	68	67	65	64	62	60	58	55	48	58	53	52	59,1			
	Gemiddeld vir al die vakke	69	70	68	66	64	63	62	60	60	58	56	56	62,6			
Griek 3	Engels								41	57	45	46	45	46,8	106	114	112
	Afrikaans								26	46	55	44	45	42,4			
	Gemiddeld vir al die vakke								48	55	50	53	45	50,2			
Duitser 1	Engels	86	86	87	86	86	84	85	83	79	81	75	72	82,5	134	119	129
	Afrikaans	78	78	80	77	78	77	76	75	76	79	75	71	76,6			
	Gemiddeld vir al die vakke	80	80	79	80	81	80	81	80	78	80	77	76	79,3			
Duitser 6	Engels									58	42	60	56	54,0	122	135	131
	Afrikaans									46	49	51	56	50,4			
	Gemiddeld vir al die vakke									60	62	63	66	62,7			
Portugees 21	Engels	71	70	72	68	68	67	68	65	63	63	62	58	66,2	110	124	120
	Afrikaans	70	72	69	67	64	63	60	54	53	61	58	56	62,2			
	Gemiddeld vir al die vakke	70	70	71	71	70	68	66	65	64	63	62	61	66,7			
Portugees 4	Engels										50	56	54	53,3	106	120	118
	Afrikaans										40	46	36	40,6			
	Gemiddeld vir al die vakke										45	56	52	51,0			

*Gegewens verkry van leerlinge se Ed. Lab.-kaarte.

van die Kontinentaal-Germaanse en die Diverse kategorie. Hierdie leerlinge is afgepaar en een lid van elke paar het 'n Suid-Afrikaanse kleuterskool besoek.

Elkeen van die kinders soos Griek no. 4, Duitser no. 1 en Portugees no. 21 wat in Graad 1 was, het volgens tabel 38 akademies baie goed weggespring, deurgaans beter as hulle paarlinge gevaar en ook beter as hulle geëindig. Dit blyk dus dat hoe jonger die immigrante is hoe groter die moontlikheid is dat hulle op skool goed sal presteer. Die immigrantekinders wat eers later gearriveer het en die voertaal gnosties moes aanleer, soos Griek no. 3, Duitser no. 6 en Portugees no. 4, presteer klaarblyklik onder hulle werklike potensiaal.

Dit wil dus voorkom of maksimale kontak met en blootstelling aan die Suid-Afrikaanse kultuur in kleuterskole bevorderlik is vir prestasie in die amptelike tale en in die ander skoolvakke.

4.7.2.3.2.2 Akademiese prestasie van immigrantekinders wat verspreid saam met Suid-Afrikaanse kinders geplaas is

Die prestasie in die amptelike tale sowel as die gemiddelde vir alle vakke van immigrantekinders wat verspreid van Graad 1 af tussen Suid-Afrikaanse leerlinge geplaas is, word in tabel 39 aangedui.

Volgens tabel 39 het die toevallig gekose steekproef immigrante van Graad 1 af alreeds deurgaans in alle vakke maar ook in albei tale goed gepresteer. Dit is moontlik die gevolg van maksimale blootstelling aan die Suid-Afrikaanse kultuur en fisiese kontak met die Suid-Afrikaners van die

Tabel 39

Akademiese prestasie van immigrantekinders wat van Graad 1 af saam met Suid-Afrikaanse kinders geplaas is*

Nasionaliteit en steekproefnommer	Vak	Standerd											I.K.		
		i	ii	1	2	3	4	5	6	7	8	9 10	V.	NV.	T.
Portugees 37	Engels	80	90	79	75	76	65	71	71	59	59		108	95	101
	Afrikaans	85	90	79	68	68	70	66	62	64	66		102	114	109
	Gem.%	86	87	80	80	81	82	71	67	64	66				
Duitser 7	Engels	80	80	80	70	75	75	71	63	64	58	57 57	100	107	103
	Afrikaans	82	70	80	70	75	70	71	64	72	61	62 62	110	102	107
	Gem.%	82	80	79	75	76	68	68	71	64	63	64 64			
Griek 19	Engels	70	85	71	75	73	69	60	64	59	60	48	115	130	124
	Afrikaans	60	70	78	70	75	65	60	55	66	58	53	120	144	132
	Gem.%	73	73	75	74	69	62	62	62	56	56	55			
Brit 44	Engels	81	69	72	79	72	72	70	70	66	62	60	110	112	110
	Afrikaans	76	63	72	73	69	68	66	64	60	58	55	113	116	114
	Gem. %	79	70	70	74	66	66	67	65	61	60	58			

*Gegewens verkry van leerlinge se Ed. Lab.-kaarte.

vroegste skooljare af. Hoe jonger immigrantekinders is hoe groter is hulle potensiaal blykbaar om die Suid-Afrikaanse kultuur aan te leer.

4.7.2.3.2.3 Plasing van immigrantekinders in spesiale immigranteklasse slegs van 'n enkele nasionaliteit

Die prestasie van 'n steekproef immigranteleerlinge wat van Graad 1 af in 'n suiwer immigranteklas slegs vir een nasionaliteit geplaas is[241] en dus kultureel 'n mate van segregasie ondervind het, dog die geborgenheid van 'n eie kultuurgroep geniet het, stem grootliks met voorgaande ooreen soos blyk uit tabel 40.

Dit blyk uit tabel 40 dat wanneer aanvangsonderwys sowel in Afrikaans as in Engels gegee word in suiwer immigranteklasse,

241. Vergelyk paragraaf 3.4.4.

Tabel 40

Akademiese prestasie van immigrantekinders in 'n spesiale immigranteklas slegs vir Portugese*

Nasionaliteit en steekproef=nommer	Vak	Standerds								I.K.		
		i	ii	1	2	3	4	5	6[1)]	V.	NV.	T.
Portugees 105	Engels	55	68	72	74	77	74	75		117	121	112
	Afri=kaans	15	20	67	69	79	72	63		121	122	119
	Reken=kunde	90	91	89	83	93	86	90				
	Gem.%	74	79	75	77	84	80	79				
Portugees 78	Engels	78	71	73	80	68	71			95	92	98
	Afri=kaans	21	73	86	75	73	66					
	Reken=kunde	89	80	86	86	86	55					
	Gem.%	84	75	78	80	68	65					
Portugees 56	Engels	67	61	62	62	70	69			90	100	95
	Afri=kaans	30	69	63	61	63	59					
	Reken=kunde	92	91	83	79	53	54					
	Gem.%	79	76	68	66	62	60					

*Gegewens verkry van Ed. Lab.-kaarte van leerlinge.

een van die twee aanvanklik op die agtergrond geskuif word, soos blyk uit die 15%, 21% en 30% in die Portugese se Afrikaans, maar die agterstand word binne twee jaar ingehaal. Homogene immi=granteklasse[242)]. bestaande uit een nasionaliteit, het die voordeel dat die immigrantekind makliker inpas en vorder. Die probleem is egter dat hulle nie fisiese kontak met Suid-Afrikaners in die klas het nie, dat hulle die taal nie spelen=derwys en suiwer van die Suid-Afrikaners leer nie, dat groep=vorming voórkom, wat integrasie rem en 'n nadelige invloed op taalsuiwerheid het.

242. Vergelyk paragraaf 3.4.4.2.

4.7.2.3.2.4 Akademiese prestasie van immigrantekinders in geval van hulle akkumulering in sekere klasse

Dit is voorts insiggewend om die akademiese prestasies van 'n toevallig gekose steekproef immigrantekinders wat yl verspreid in klasse tussen outochtone kinders geplaas is, in tabel 41 te vergelyk met dié van 'n toevallig gekose steekproef immigrantekinders uit klasse waarin immigrantekinders in so 'n mate opeengehoop het dat hulle 'n oorwig in die klas vorm[243]

Tabel 41

Akademiese prestasie van yl verspreide en in sekere klasse geakkumuleerde immigrantekinders*

Nasionaliteit en steekproefnommer	Standerd	V Verspreiding en Akkumulering A	Vakke										I.K.		
			Engels	Afrikaans	Rekenkunde	Wiskunde	Wetenskap	Geskiedenis	Aardrykskunde	Handwerk	Boekhou	Gemiddeld	V.	NV.	T.
Portugees 26	7	V	63	61	76	79	67	70	67	65	63	67	110	124	120
Portugees 32	7	A	45	42	36	33	46	48	59	34	45	42	112	114	118
Portugees 8	8	V	69	67	91	81	86	83	85	91	75	81	98	101	96
Portugees 4	8	A	44	41	38	36	40	44	54	36	44	42	110	112	111

*Gegewens verkry van Ed. Lab.-kaarte van leerlinge.

Dit blyk uit tabel 41 dat, waar immigrantekinders toegelaat word om in klasse opeen te hoop, hulle blykbaar 'n remmende invloed op mekaar se skolastiese prestasie uitoefen en dat waar immigrantekinders yl verspreid tussen Suid-Afrikaanse kinders voórkom, hulle klaarblyklik spoedig inpas en skolasties beter as eersgenoemde groep presteer. Dit val op dat

243. Vergelyk paragrawe 3.4.4, 4.5.1.2.1 en 4.5.1.2.2.

akkumulering dieselfde remmende invloed op akademiese pres= tasie in heterogene immigranteklasse as in homogene immigrante= klasse het.

4.7.3 Verdere pedagogiese probleme i.v.m. immigrantekinders

Verdere pedagogiese probleme wat met immigrantekinders ervaar word, is: swak algemene skolastiese prestasie, agterstand en druiping van die Diverse groep immigrantekinders, verband tus= sen sosio-ekonomiese agtergrond en swak skolastiese prestasie, kulturele verstokenheid, skolastiese niveauverskille, onreël= matighede in verband met immigrasie, swak inpassing, gebrek= kige motivering en ongereelde skoolbesoek, verband tussen swak biblioteekintegrasie, deurgangers, derdetaalprobleme en swak skolastiese prestasie, permissiwiteit en misdaad, gebrekkige gemotiveerdheid tot verkryging van Suid-Afrikaanse burgerskap en swak bywoning van kampe van inburgeringsorganisasies.

4.7.3.1 Swak skolastiese prestasie en druiping van die Diverse groep

Die swak skolastiese prestasie van die Diverse groep immigrante= kinders hou die moontlikheid in dat hulle, vanweë hulle agter= stand, nie op die arbeidsmark met die Kontinentaal-Germaanse, Engelse en Suid-Afrikaanse kinders op gelyke voet sal kan mee= ding nie en dat hulle hoofsaaklik op werk van lae status aan= gewese sal wees. Hulle druiping is 'n verlies vir die ekonomie en die land as geheel, en daarom moet die oorsake daarvan na= gespeur en oor weë en middele besin word om dit te bekamp [244].

4.7.3.2 Sosio-ekonomiese agtergrond motiveer swak skolastiese prestasie

Die sosio-ekonomiese agtergrond van immigrantekinders is 'n belangrike faktor in die etiologie van swak skoolprestasie [245]. Soos reeds aangetoon, is die meeste immigranteouers fabrieks- en konstruksiewerkers. Diegene uit die ekonomies arm lande is

---

244. Swift, D.F. The sociology of education, pp. 101 en 109; Banks, O. The sociology of education, p. 224.

245. Loc. cit.

nie so geletterd nie vanweë die kort leerplig aldaar[246]. Hierdie ouers toon egter geweldige ambisie vir hulle seuns, en 'n geval is teëgekom van 'n seun wat 'n standerd tot drie maal moes herhaal. In die geval van die dogters word hulle dikwels op sestienjarige leeftyd, veral in St. 9, uit die skool geneem met die oog op 'n huwelik met 'n man van die ouers se keuse. Hierdie meisies, wat oor die algemeen redelik en beter as die seuns presteer, kry dus nie die geleentheid om tot matriek te vorder nie, en hulle verhoog die persentasie uitsakking verder[247]. Griekse, Portugese en Spaanse meisies mag ook nie deelneem aan opvoedkundige reise en buitemuurse aktiwiteite nie, vanweë die streng ouer= like toesig oor die meisies. Die opvoedkundige implikasies hiervan is dat dit hulle kontak met die Suid-Afrikaanse kul= tuur beperk.

Die hoër besoldigde immigrante plaas hulle kinders in private skole[248], met die gevolg dat hoofsaaklik die kinders van laer besoldigde immigrante in openbare skole saamgroepeer, waar hulle soms 'n vertragende faktor is.

4.7.3.3 Kulturele verstokenheid

Kultureel minder bevoorregte kinders is kinders met bepaalde ontwikkelingstekorte ten aansien van die sensomotoriese, ver= bale en intellektuele funksies, wat 'n belangrike rol speel by hulle kognitiewe ontwikkeling[249]. Manifestasie van kul= turele verstokenheid is tekorte in visuele en ouditoriese persepsie, 'n beperkte woordeskat en 'n verbale agterstand

---

246. Vergelyk paragraaf 4.4.
247. Mededeling deur skoolhoofde van sekondêre skole.
248. Loc. cit.
249. Sohlberg, S.C. Intelligentie en schoolaanpassing bij oriëntaalse immigrantekinderen in Israël, pp. 1 - 94.

wat op onvoldoende taalgebruik dui. Hierdie funksionele ontwikkelingstekorte gee in baie gevalle aanleiding tot swak gerigtheid en motivering en leerversteuring in die skoolperiode[250].

Kultureel verstoke kinders is soms reeds voor immigrasie milieugestremd en minderwaardig ten opsigte van hulle eie kultuur, en dit maak die afstand tussen hulle en die Suid-Afrikaanse kultuur nog groter. Dit is veral kinders uit die ekonomies arm lande en uit die arbeidersklas van die swaarnywerheidsgebiede wat kultureel minder bevoorreg is en gevolglik swak presteer[251], soos blyk uit tabel 42.

Tabel 42

Akademiese prestasie van twee kultureel verstoke immigrantekinders*

Nasionaliteit en steekproefnommer	Standerd	Vakke										I.K.		
		Engels	Afrikaans	Rekenkunde	Wiskunde	Wetenskap	Geskiedenis	Aardrykskunde	Handwerk	Boekhou	Gemiddeld	V.	NV.	T.
Portugees uit Noord-Mosambiek 11	7	41	61	44	49	33	15				45			
	8	60	40	45	35		45	50	40	25	40			
	9		32		19		27	42	34		30			
	9	20	43			31	27	45	43		34			
	9	25	54			55	61	71	39		50	81	80	80
Griek uit Brasilië 9	APK	35	35	35							35			
	6C	40	35		40	45	45	40	48		42			
	7D	37	29	45	47	47	46		47	60	44			
	8C	38	47	44	32	29	52	39	43	42	40			
	9C	39	15		18	17		35		25	24			
	9C	38	24		24	51		41		44	37	75	84	99
	10	38	30		25	45		35		40	35	-75	94	81

*Gegewens verkry van leerlinge se Ed. Lab.-kaarte.

250. Bloom, B.S., Davis, A. en Hess, R. Compensatory education for cultural deprivation, pp. 1 - 80.

251. Persoonlike waarneming.

Die swak prestasie van die Portugees en Griek blyk daaruit dat hulle drie en twee jaar respektiewelik in Standerd 9 was en dat hulle prestasie nogtans weinig verbeter het. Hierdie kinders is aangewese op kompensasie- en korrektiewe onderwys. Hulle het 'n veel groter agterstand as die Suid-Afrikaanse kinders wat ortodidaktiese hulp ontvang, en dit is derhalwe twyfelagtig of hulle dieselfde voordeel as Suid-Afrikaanse kinders, saam met wie hulle in remediërende klasse gegroepeer is, sal trek. Hulle het waarskynlik verdere of intensiewer korrektiewe hulp nodig.

4.7.3.4 Verskil in skolastiese niveau

Die uiteenlopende skolastiese niveau van immigrantekinders uit verskillende lande veroorsaak ook probleme wat ooreenstem met dié in verband met verskille in skoolplig. Kinders wat goed gepresteer het in skole in ekonomies hoogsontwikkelde lande, soos Wes-Duitsland, Frankryk en Switserland, presteer ook goed in die R.S.A., waar hulle skolastiese prestasie 'n kontras vorm met dié van kinders uit ekonomies arm lande [252].

4.7.3.5 Onreëlmatighede in verband met immigrasie

Daar kom onreëlmatighede voor ten opsigte van die immigrasie van skoolgaande kinders. Die volgende is tipiese voorbeelde daarvan:

(1) 'n Griek wat 'n tydelike studiepermit van ses maande gehad het, het op 16-jarige leeftyd in St. 8 ingeskryf. Sy skoolbesoek en vordering op skool was so swak dat ondersoek ingestel is. Daar is toe vasgestel dat hy ná skool in 'n kafee werk met die doel om hom hier te vestig en dat sy studies 'n skuifmeul was;

---

252. Vergelyk paragraaf 4.4 en persoonlike waarneming.

(2) twee Portugese uit Noord-Mosambiek het op 16-jarige leeftyd met 'n studiepermit in St. 9 ingeskryf maar betrekkings na skool beklee. Hulle vordering op skool was swak en daar is gevind dat hulle ware motief was om so lank as moontlik op skool te bly ten einde die Portugese diensplig vry te spring[253].

4.7.3.6 Swak aanpassing en motivering

Immigrantekinders wat swak aangepas is, presteer onder hulle verstandelike vermoë[254] soos blyk uit tabel 43.

Tabel 43

Akademiese prestasie van enkele* swak aangepaste immigrantekinders

Nasionaliteit en steekproefnommer	Standerd en kursus	Lengte van verblyf in jare	Vakke										I.K.		
			Engels	Afrikaans	Rekenkunde	Wiskunde	Wetenskap	Geskiedenis	Aardrykskunde	Handwerk	Boekhou	Gemiddeld	V.	NV.	T.
Brit 71	8 U.T.	3	64	9	29								129	124	130
Brit 87	8 U.T.	3	58	29	52	14		49	45				126	129	127
Griek 2	9 St.X	7	26	31		26							102	104	102
Portugees 43	8 St.X	4	42	27	85	65							107	107	107
Brit 6	4 U.T.	2	56	46	50			46 →				49	142	140	142

*Gegewens verkry van leerlinge se Ed.Lab.-kaarte.

---

253. Persoonlike waarneming.

254. Vergelyk paragraaf 2.2.

Hulle wil nie in die didaktiese situasie met oorgawe en bereidwilligheid deelneem aan die onderwys nie, en gevolglik strem dit hulle vordering. Swak inpassing kom veral onder Britse immigrante voor[255]. Albei Britse immigrante nos. 71 en 87, hierbo, het in die universiteitstoelatingskursus in St. 6 en 7 geslaag, maar in St. 8 het hulle skoolbywoning en prestasie verswak. Hulle het geweier om langer op skool te bly en moes na die St. VIII-kursus oorgeplaas word. Brit no. 71 het vroeër 'n Britse skool met 'n hoë persentasie nie-blanke skoliere bygewoon en vanweë die Britse voorligting ten opsigte van integrasie op die skool, kon hy hom nie vereenselwig met die kontrasterende Suid-Afrikaanse blanke bevolking en beleid van afsonderlike ontwikkeling nie[256]. Sy antagonisme teenoor alles wat Afrikaans is, blyk ook duidelik uit sy lae prestasie in Afrikaans. Hy het op twee geleenthede van die huis af weggeloop, en die geval is na die Departement van Volkswelsyn verwys. Die skoolsielkundige het bevind dat

"he could not adapt himself to local conditions and circumstances"

en het aanbeveel dat hy die skool verlaat[257].

Hierdie swak inpassing kom veral by adolessente voor. Gedurende die tweede kwartaal van 1972 moes die Departement van Volkswelsyn vier gevalle ondersoek van Britse immigrante in die Engelsmedium sekondêre skool wat van die huis af weggeloop het. Slegs een ernstige jeugoortreding, naamlik diefstal, is in dieselfde tydperk deur 'n Kontinentaal-Germaanse kind gepleeg. Geen gevalle van sorgbehoewende kinders, kinderverwaarlosing of oortredings kon ten aansien van Diverse immigrante in die hofverslae in die industriële gebied opgespoor word nie. Hierteenoor was daar etlike gevalle van kinderverwaarlosing en jeugoortredings onder die Engelse immigrante maar veral onder die Suid-Afrikaners[258].

---

255. Persoonlike waarneming.

256. Vergelyk paragraaf 2.5.4.

257. Inligting verkry van Landdroshofverslae in die ondersoekterrein, Sake 244/71, 5/72, 1/72, 21/71 en 22/71.

258. Loc. cit.

4.7.3.7 Ongereelde skoolbesoek

Ongereelde skoolbesoek as gevolg van gebrek aan geborgenheid dra by tot swak skolastiese prestasie en kom dikwels voor by swak aangepaste immigrantekinders. Die skoolbesoek is gewoonlik onmiddellik na die immigrantekind se toelating ongereeld, maar dit verbeter geleidelik[259]. Hoofpyn en maagpyn word algemeen as rede vir afwesigheid aangevoer. 'n Skoolbesoekprobleem wat direk uit die kinders se immigranteherkoms spruit, is dat hulle soms gedurende 'n enkele skoolkwartaal tot 29 dae afwesig is weens oorsese besoeke. Dit spreek vanself dat afwesigheid van vier weke gedurende 'n kwartaal 'n groot agterstand in die skoolwerk veroorsaak. 'n Tendens wat hier ooreenstem met buitelandse seisoensarbeidsbewegings is dat immigrante van dieselfde nasionaliteit groepe vorm wat onderlinge geldelike hulp aan mekaar verleen sodat lede van die groep om die beurt hulle familie in die land van herkoms kan gaan besoek. Die Franse is dikwels op Donderdae afwesig, wat waarskynlik verband hou daarmee dat leerlinge in Frankryk op Donderdae van skoolbesoek vrygestel word met die oog op godsdiensonderwys[260].

4.7.3.8 Biblioteekintegrasie

Die integrasie van die skoolbiblioteek by klasonderwys konfronteer die immigrantekind, wat nog nie die voertaal magtig is nie, met die probleem van gedurige vertaling en stadige vordering, veral in die vakke waar aanvullende leeswerk vir projekte nodig is[261].

4.7.3.9 Die deurganger

Die swak gemotiveerde immigrantekind, wat slegs 'n jaar of twee voor hy die Suid-Afrikaanse skoolverlatingsouderdom

---

259. Persoonlike waarneming en registers van betrokke skole; Van Niekerk, P.A. Die beleweniswêreld van die stokkiesdraaier, p. 112.

260. Persoonlike waarneming.

261. Onderhoude met onderwysers.

bereik, immigreer, vloei net deur die skool en baat skolas= ties en kultureel weinig by die tydperk wat hy wel in die R.S.A. op skool is. Sy skolastiese prestasie is swak, hy leer nie die voertaal aan nie, kan nie sosiaal en kultureel inskakel nie en hy is dikwels 'n ekonomiese verlies vir die land [262]. Sodra hy dit kan bekostig keer hy terug na die land van herkoms.

4.7.3.10 Derde taal

Slegs Duits en/of Latyn word as derde taal in openbare sekon= dêre skole van die ondersoekterrein aangebied[263]. Hiermee word die immigrantekinders wat hulle moedertaal op matriekvlak as sewende vak wil aanbied, met 'n ernstige vraagstuk gekon= fronteer. Hulle is naamlik daarvoor op private onderrig aan= gewese en moet die sillabusse van die G.M.R. volg. Immigrante ondervind dikwels probleme om dié sillabusse te bekom. So byvoorbeeld het die Portugese matriekkandidate van 'n sentrum in die gebied in die finale eksamen van 1971 in die eksamen= lokaal uitgevind dat hulle die voorgeskrewe werke van 1970 bestudeer het en totaal onbekend was met die voorgeskrewe werke van 1971 [264].

4.7.3.11 Permissiwiteit en misdaad

Talle immigrantekinders kom uit 'n permissiewe milieu en hulle ouers het 'n permissiewe lewensbeskouing. Probleme in dié ver= band word veral met die Engelse en Kontinentaal-Germaanse kinders ondervind[265]. Veral na besoeke aan Engeland, Neder= land en Wes-Duitsland is adolessente by die skool in besit van pornografie en is hulle geneig om die Suid-Afrikaanse leef= wyse te kritiseer. Hierdie immigrantekinders aanvaar ook nie gesag nie.

---

262. Swift, D.F. Op. cit., p. 103.
263. Vergelyk paragraaf 3.4.3.3.2.
264. Persoonlike waarneming.
265. Sinode van die Nederduits Gereformeerde Kerk Suid-Transvaal. Agenda van die sesde vergadering 1972, p. 524.

As uiterste voorbeeld van hierdie tipe kinders geld 'n Skotse immigrantekind wat gedurende 1971, op 11-jarige leeftyd 'n 3-jarige Griekse kind vermoor het. Hierdie Skotse kind se skooloortredings het onder andere swak skoolbywoning, versuim om huiswerk te doen, rook diefstal en afknouing ingesluit. Sy ouers was permissief en het geglo dat kinders nie streng aan bande gelê moet word nie. Die kind was pedagogies verwaarloos en die psigiater het bevind dat die kind wanaangepas is. Die R.S.A. het nie 'n geskikte inrigting vir hom gehad nie, en hy het by sy ouers in 'n woonbuurt gaan woon. Na vertoë van die bure is die gesin gedeporteer [266].

In teenstelling met bogenoemde immigrante is veral die Portugese, afkomstig uit Portugal, konserwatief, veral ten aansien van hulle dogters[267].

4.7.3.12 Gebrekkige motivering tot verkryging van Suid-Afrikaanse burgerskap

Immigrante wat hulle kinders in Engelsmediumskole plaas met die oog op latere terugkeer na hulle land van herkoms, is nie tot Suid-Afrikaanse burgerskap gemotiveer nie. Hulle kinders doen gevolglik nie militêre diensplig nie en gaan direk na skool universiteit toe. So was daar gedurende 1972 byvoorbeeld 1305 van die 9767 studente aan die Engelstalige universiteit, wat die meeste immigrante uit die ondersoekterrein trek, nie Suid-Afrikaanse burgers nie [268]. Hierdie kategorie immigrante staan afsydig teenoor die Suid-Afrikaanse gemeenskap en verskil van diegene wat in die vyftigerjare, onmiddellik na Wêreldoorlog II, gewerf is en wat geredeliker by die Afrikaanse bevolking ingeskakel het [269]. Laasgenoemde immigrante staan ook vreemd teenoor bogenoemde immigrante,

---

266. Landdroshofverslae. Sake 244/71, 5/72, 1/72, 21/71 en 22/71.
267. Onderhoude met hoofde van sekondêre skole.
268. King, J.A. Pretoria News, Junie 1972, p. 5.
269. Onderhoud met voorsitter van private immigranteskool.

wat suiwer om ekonomiese redes immigreer. Die suiwer ekonomiese motief van die afsydige immigrante is in stryd met die nasionale doelstellings van die onderwys in die R.S.A.

4.7.3.13 Swak bywoning van kampe van die inburgeringsorganisasies

Navraag het aan die lig gebring dat immigrantekinders van die skole in die ondersoekterrein nie die kampe vir inburgering, waarvoor R75 000 jaarliks begroot word, bywoon nie[270]. Hierdie kampe word slegs deur kinders van Pretoria en die Witwatersrand bygewoon, en die immigrantekinders in die ondersoekterrein het geen voordeel uit hierdie bedrag getrek nie.

4.7.4 Nie-akademiese prestasie van immigrantekinders

Immigrantekinders presteer puik in individuele sport waar min taal nodig is, soos in atletiek[271]. Dit is egter opvallend dat hulle segregeer ten opsigte van ander sport en buitemuurse aktiwiteite waar taal van groot belang is. Hulle neem slegs in beperkte mate deel aan spanspele soos rugby, krieket, netbal en hokkie, en die vormende waarde van dié spele gaan gevolglik vir hulle verlore[272]. Hulle bywoning van private moedertaalskole en hulle na-skoolse werk verhinder hulle in baie gevalle om deel te neem aan spanspele en kompeterende sport. Die Diverse groep is opvallend afwesig by sosiale geleenthede soos debatte en toneelopvoerings, wat 'n vlot taalkennis vereis. Immigranteseuns neem egter dikwels deel aan klubsokker, wat nie by skole aangebied word nie omdat dit met rugby bots. Immigrantekinders neem glad nie deel aan nasionale jeugbewegings soos Voortrekkers en Landsdiens nie,

---

270. Vergelyk paragraaf 2.5.5.3; Onderhoude met immigrantekinders en skoolhoofde.

271. Persoonlike waarneming.

272. Loc. cit.

waarskynlik omdat hulle hulle eie jeugbewegings het. Sommige Engelse immigrantekinders neem wel deel aan Boy Scouts en Girl Guides.

4.8 Probleme in verband met metodes en hulpmiddels

Met die uitsondering van die parallelmedium sekondêre skool word daar geen vorsiening vir intensiewe voorbereidende taal= onderwys gemaak nie.

Daar is 'n onvoldoende voorraad geskikte oudio-visuele hulp= middels en taalprogramme om effektiewe, moderne taalonderrig aan immigrantekinders te verskaf [273]. Die taalprogramme wat wel deur individue opgestel is, is meestal op die geskrewe en nie op die lewende taal gebaseer nie en vir volwassenes beplan. In die geval van primêreskoolkinders kan die taal= praktikum ook om bogenoemde rede nie optimaal gebruik word nie[274].

Die aanbeveling om die gewone sillabusse van Engels/Afrikaans as tweede taal vir immigrantekinders te gebruik is onprakties omdat dié kurrikulum vir 'n tydperk van 12 skooljare beplan is en die immigranteleerlinge die taal as sekondêre voertaal binne die kortste tyd moet bemeester. Die aanbeveling om Engels/ Afrikaans volgens die inhoud en metode wat vir die derde taal geld aan immigrante te onderrig [275], bring mee dat dit op 'n veel laer vlak as vir Suid-Afrikaanse kinders aangebied word.

Die gebruik om immigrantekinders direk te leer lees en skryf voordat hulle die klanke ken en oor 'n basiese mondelinge woorde= skat beskik, lei tot lees-, begrips-, uitspraak- en spelproble= me[276]. Rooster- en klasindelingsprobleme, sowel as die

---

273. Persoonlike waarneming en mededeling deur hoofde van skole.
274. Onderhoude met hoofde van skole in petrochemiese nywerheids= gebied.
275. Vergelyk paragraaf 2.5.5.3 en 3.6.
276. Vergelyk paragraaf 5.3.5.9.

wisselende tempo van aankoms van immigrantekinders bring mee dat individuele metodes van onderwys gevolg moet word - maar, helaas, in baie klasse nie altyd suksesvol gevolg kan word nie.

Alhoewel voorsiening vir hulpmiddels gemaak word, is dit soms onvoldoende in skole met hoë persentasies immigrante=kinders en waar die kinders vanweë hulle variërende taal=kennis individuele onderrig moet ontvang. Dit is veral nodig dat die skole met die hoogste persentasie immigrante=kinders taalpraktika kry.

4.9 Onderwyspersoneel

Die opdrag om kinders van verskillende kulture en skolas=tiese agtergrond op te voed, is moeilik en is 'n taak waar=voor sommige onderwysers swak toegrus is. Wanneer onder=wysers, met Engels en Afrikaans as hoofvakke, Godsdiens gee, waarvoor hulle geen opleiding het nie, terwyl die onderwys van immigrantekinders aan onderwysers met opleiding in Handelsvakke, Huishoudkunde en primêre onderwys oorgelaat word, word die taalonderwysers nie optimaal ekonomies benut nie[277]. Die wisseling van onderwysers wat spesiaal toe=gewys is vir immigranteklasse of -groepe lei ook daartoe dat die waardeomvang van indiensopleidingskursusse beperk word, aangesien personeel wat aldaar opgelei is, spoedig vertrek of soms vertrek nog voordat hulle die kursusse voltooi het[278].

Vanweë 'n gebrek aan nasorg is die immigrantekind op die vakonderwyser aangewese om die skolastiese niveau van die Suid-Afrikaanse klas te bereik. Tyd hiervoor moet in die

---

277. Vergelyk paragraaf 3.7.

278. Mededeling deur hoofde van skole.

gewone lesperiode gevind word, want spesiale hulp moet aan immigrantekinders verleen word. Dit benadeel vordering van die outochtone leerlinge. Vanweë 'n tekort aan Engelssprekende onderwysers moet dikwels van Afrikaanssprekende onderwysers gebruik gemaak word om immigrante in Engels te onderrig, maar sommige van hierdie onderwysers is nie daartoe toegerus om die Engelse taal en kultuur ten beste oor te dra nie[279]. Die Die las word ook op taalonderwysers gelê om die immigrante= kinders se taalkennis op dieselfde peil as die Suid-Afrikaners s'n te bring. Klasse waarin immigrantekinders akkumuleer, stel besondere eise aan onderwysers, en die vernaamste eis is om die kontinuïteit van die opvoeding so gou as moontlik te herstel[280].

4.10 Ouers

Die vreemdheid en groepsvorming van immigrante in die onder= soekterrein rem die verloop van inburgering, veral die kon= tinuïteit van opvoeding tussen onderwysers en ouers[281]. Die ongesonde toestand dat die immigrante aan die rand van die volwasse gemeenskap leef, veroorsaak 'n gevoel van verstoken= heid en antagonisme in die ouergemeenskap. Dit word op die kinders oorgedra en vind 'n negatiewe neerslag in die skole. Immigranteouers, veral van die Diverse kategorie, wat dikwels uitgesluit word by ouerverteenwoordiging, selfs al is hulle kinders in die meerderheid, figureer sterk in bogenoemde kategorie.

Vanweë taalgebrek en ongereelde skofure is daar dikwels gebrek aan effektiewe kontak met immigranteouers, wat noodwendig die kontinuïteit in die opvoeding van huis en skool skaad. Soms

---

279. Vergelyk paragraaf 3.7, tabel 21;
Oosthuizen, J.H.C. Op. cit., pp. 27 - 33.

280. Vergelyk paragrawe 1.4.3 en 4.2.

281. Vergelyk paragrawe 4.2 en 4.10.

is 'n kindertolk die enigste kontak tussen hoofde en immi=granteouers. Hierdie kommunikasie op laer vlak lei daartoe dat immigranteouers nie slegs swak ingelig is oor die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel nie, maar rem ook samewerking tussen huis en skool[282].

4.11 Samevatting

Die vreemdheid van die toenemende aantal oneweredig verspreide immigrantekinders is die dinamiese, onderliggende faktor wat die hoofprobleme in die didakties-pedagogiese situasie van die ondersoekterrein motiveer. Verskille in die kulture van die lande van herkoms en in die R.S.A. veroorsaak kul=tuurvreemdheid en kultuurafstand. Immigranteleerlinge se vreemdheid in die klaskamersituasie hang onder andere verder saam met hulle ouderdom, voertaalkeuse, oorsake van immigrasie, etnosentrisme en die mate van blootstelling aan hulle eie en die Suid-Afrikaanse kultuur. Die kontakvlak van die immi=grante met die Suid-Afrikaanse kultuur hang af van die immi=grante se aantal en etniese samestelling, verspreiding, segre=gasie, isolasie en die houding van die Suid-Afrikaanse burgers sowel as dié van die sosiale gemeenskap waarin hulle beweeg. Gevolglik kom verskillende grade van vreemdheid in die klas=kamersituasie voor.

Kommunikasie word primêr deur die kind se kennis van die voer=taal bepaal. Taal, wat as egosentriese en sosiale taal die innerlike en eksterne spraak van die kind dien, is belangrik in opvoeding en onderwys omdat die kind deur die moedertaal tot selforganisasie en oriëntering kom ten opsigte van die wêreld waarin hy leef. Indien die kind as gevolg van im=migrasie nie meer moedertaalonderwys ontvang nie en een van die twee amptelike tale as 'n nuwe voertaal moet aanleer, ondervind hy taaltekorte en taalremming wat hulle op sy

---

282. Mededeling deur hoofde van skole en immigranteouers.

opvoeding en onderwys wreek. Waar immigrante voorkeur aan Engels as voertaal gee, veral in oorwegend Afrikaanse omge= wings, ontstaan probleme ten opsigte van die funksionele gebruik van Engels na skool. Die immigrantekinders se kennis van die voertaal verskil voorts sodanig dat hulle, afhangende van hulle linguistiese probleme - wat weer met taalafstand variëer - in verskillende groepe ingedeel kan word. Immi= grantekinders wat behoefte het aan taalonderwys, is:

(1) kinders wie se moedertaal Engels is, maar wat geen kennis van Afrikaans as tweede taal het nie;

(2) kinders wie se moedertaal nóg Afrikaans nóg Engels is en wat geen kennis van Afrikaans of Engels as tweede taal het nie; en

(3) kinders wie se moedertaal nóg Engels nóg Afrikaans is, maar wat wel 'n kennis van Afrikaans of Engels as tweede taal het.

Met kennis van die voertaal en/of die tweede amptelike taal as kriterium kan immigrantekinders dus vir taalonderwysdoel= eindes gedefinieer word as: Kinders wat nie die voertaal en/of die tweede amptelike taal op geselstrant kan beheer nie, die taalstruktuur van die betrokke taal nie willekeurig en outomaties vir kommunikasie kan aanwend nie, en die voer= taal en/of die tweede amptelike taal nie met begrip of be= vredigende spoed kan lees of korrek kan skryf nie. Hierdie kinders is dus 'n potensiële bron van linguistiese probleme in die voertaal en/of die tweede amptelike taal en skep taalprobleme in skole.

Volgens die natuurlike ouerkeuse word alle Engelssprekende kinders tot Engels as voertaal verplig. Wanneer 'n kunsmatige ouerkeuse egter gemaak moet word, in geval van Diverse en / Kontinentaal-Germaanse kinders, word voorkeur aan Engels as voertaal gegee; 'n keuse wat nie pedagogies gefundeerd is nie omdat die sosiale taalomgewing nie as bepalende faktor

by die bemagtiging van die sekondêre voertaal in berekening gebring word nie.

Taalkennis en kultuur bepaal ook grootliks die prestasie van immigrantekinders in die Nuwe Suid-Afrikaanse Groepstoetse. Toetsresultate, wat ooreenstem met dergelike resultate behaal in Engeland en die V.S.A., toon dat die Engelse en Kontinentaal-Germaanse immigrantekinders se skolastiese potensiaal net so goed en selfs beter as dié van die outochtone bevolking is, dog dat die kinders van die Diverse kategorie, veral afkom= stig uit suid-Europa, 'n agterstand het wat deels aan genetiese en deels aan sosio-ekonomiese omgewingsfaktore toegeskryf kan word. Moontlike verklarings vir die feit dat die I.K. van die Diverse kategorie onder 115 lê, sluit in: onwettige immigrasie, kulturele verstokenheid, groter kultuurafstand, taalprobleme, gebrek aan blootstelling aan die Suid-Afrikaanse kultuur as gevolg van akkumulering en isolasie. Probleme ont= staan egter wanneer die I.K., veral van die Diverse kategorie, in ag geneem word by differensiasie, aangesien hierdie toetse nie kultuurvry is nie en die voorspellingswaarde daarvan vir hierdie kinders gering is.

Die belangrikste aspek van die onderwysprobleem van akkumu= lering en oneweredige verspreiding van immigrantekinders in die skole van die ondersoekterrein is dat daar 5% en minder immigrantekinddrs in Afrikaansmediumskole is, 40% - 61% in Engelsmediumskole, 5 - 15% in parallelmediumskole en in totaal 19% in Afrikaans en 81% in Engelsmediumskole is. Gevolglik is die numeriese verhouding van immigrante tot Suid-Afrikaners 1 : 1 in Engelsmediumskole en 1 : 35 in Afrikaansmediumskole, terwyl die numeriese verhouding in bepaalde klasse in Engelsmediumskole soms 3 : 1 is. Die oormag immigrante beperk die kontakvlak en blootstelling van die Suid-Afrikaners aan hulle eie kultuur, wat dit nodig maak om die immigrante van die Suid-Afrikaners te isoleer ten einde laasgenoemde se identiteit en die nasionale karakter van die klas te beskerm en remming te voorkom. In weerwil van een= stemmigheid in die Volksraad (1966) oor die feit dat

immigrantekinders in aanraking moet kom met albei taalgroepe en dat die Nasionale Onderwysraad op die saak moet ingaan, is daar tot op datum van skrywe geen teken van reaksie op hierdie besluit nie en bly die kontakvlak beperk. Akkumu= lering beperk beslis die immigrante se blootstelling aan die Suid-Afrikaanse kultuur en veroorsaak taalgroepvorming en skolastiese en veral taalremming. Die oneweredige ver= spreiding kom ook in kursusse voor, want die Diverse immi= grante neig om in die St. VIII-kursus te konsentreer, terwyl die Engelse weer egalig verspreid is en die Kontinentaal-Germaanse groep veral na die universiteitstoelatingskursus neig.

Oneweredige verspreiding word in die hand gewerk deur voertaalkeuse, godsdiensvreemdheid - veral van die Rooms-Katolieke en Grieks-Ortodokse immigrante in die oorwegend Afrikaans-Protestantse gebied - en die groepvormende vestig= ingsproses, wat vloei uit etnosentrisme. Kulturele konflik versteur die bevolkingsverhouding in die oorgangsone, veral van die yster-en-staalnywerheidsgebied en motiveer die uit= wyking van die outochtone bevolking. Die versteuring van die outochtone bevolking, as gevolg van die vestigingsproses en die kulturele konflik, het noodwendig sy neerslag in die skole. So byvoorbeeld akkumuleer die immigrantekinders, veral van die Mediterreense ras en die Portugese in die Engelsmedium primêre skool no. 1. Ten tye van die ondersoek was 61% van hierdie skool se bevolking immigrante, waarvan 31% Portugese was. Hierdie sterk toename van immigrante ver= steur die numeriese verhouding tussen Suid-Afrikaners en immigrante. Dit lei weer tot uitwyking van die outochtone bevolking uit dié Engelsmedium primêre skool. 'n Dergelike sneeubalneiging is as gevolg van Britse groepsvestiging in nywerheidsbehuisingskemas in die Engelsmedium primêre skool no. 2 aanwesig.

Die versteuring en uitwyking van die Suid-Afrikaners uit die oorgangsone noord van die nasionale pad in die yster-en-

staalnywerheidsgebied het daartoe gelei dat die getalle van die vier Afrikaansmedium primêre skole só gedaal het dat een skool deur 'n spesiale skool vervang is en die ander drie skole se getalle deur sonering en busvervoer kunsmatig in stand gehou moet word. 'n Dergelike afname in getalle kom ook reeds in die Afrikaansmedium primêre skool no. 2 in die Britse ghettogebied voor.

Skole in die ondersoekterrein bereik 'n kritieke versadigings= punt, waarby die outochtone kinders uit die skole wyk, wanneer (1) daar 'n grootskaalse toename in die verskeidenheid of een nasionaliteit immigrantekinders in 'n bepaalde skool voorkom; (2) sodra die persentasie immigrante in 'n skool bo 20% styg; en (3) sodra die numeriese verhouding van outochtone tot immi= grantekinders kleiner as 1 : 3 word.

Die totstandkoming van private immigranteskole gee aanleiding tot die totstandkoming van vreemde nasionale dagskole en jeug= bewegings, lesure wat met openbare skole se buitemuurse aktiwi= teite bots en verskil in metodes van onderwys en dissipline. Die immigrantekinders wat hierdie skole bywoon, ondervind groter probleme om die nuwe voertaal van die openbare skool te konsolideer - wat weer hulle skolastiese prestasie en in= skakeling by die Suid-Afrikaanse kultuur rem.

'n Ondersoek na die skolastiese prestasie van immigrantekinders dui daarop dat die Kontinentaal-Germaanse en Engelse immi= grantekinders gemiddeld beter as die Suid-Afrikaanse kinders presteer, veral in parallelmediumskole. Hierteenoor toon die Diverse kategorie in sekondêre skole, in vergelyking met die outochtone bevolking 'n agterstand. Hierdie bevinding is in ooreenstemming met dié van buitelandse ondersoeke. Dit val voorts op dat immigrantekinders se gemiddelde skolastiese prestasie en veral hulle woordeskat in die amptelike tale aanmerklik verbeter wanneer hulle verspreid in klasse geplaas word met die oog op maksimale kontak met die Suid-Afrikaanse kultuur. Daar is 'n positiewe korrelasie tussen Kontinentaal-Germaanse en Diverse immigrantekinders se skolastiese prestasie

en jare van skoolbesoek in die R.S.A., maar die prestasie van Engelse immigrante neem met verloop van tyd af vanweë swak motivering. Taaltekorte moet vir twee tot drie jaar by promosie in aanmerking geneem word. Dit blyk ook dat hoe jonger die immigrantekinders hoe groter hulle potensiaal is om die Suid-Afrikaanse kultuur te verower. Die ouer immigrantekinders het na twee jaar in Suid-Afrikaanse skole nog 'n behoefte aan taalnasorg. Dit is ook duidelik dat waar immigrantekinders in een klas en kursus akkumuleer, remming voorkom. Dit lei tot isolering van Suid-Afrikaanse kinders - ter beskerming. Dit blyk ook dat immigrantekinders wat kleuterskole bygewoon het,ook dat dié wat direk verspreid in Graad 1 ingeskryf het, beter presteer; en dat spesiale immigranteklasse wel die aanleer van taal aan groot groepe immigrantekinders vergemaklik, maar dat verspreiding nodig is ten einde akkumulering, wat remming veroorsaak, te voorkom.

Verskillende oorsake van skolastiese prestasieprobleme - te wete swak motivering, kulturele verstokenheid, swak skoolbywoning, permissiwiteit, verskil in skolastiese niveau en agterstand van die Diverse kategorie, onreëlmatighede in verband met immigrasie, swak biblioteekintegrasie en die probleem van deurgangers - het in die ondersoek aan die lig gekom. Dit het ook geblyk dat die immigrantekinders in die ondersoekterrein geen voordeel uit die inburgeringskampe getrek het nie en soms nie tot Suid-Afrikaanse burgerskap gemotiveerd is nie. Dit val voorts op dat immigrantekinders goed presteer in individuele sportsoorte, dog dat hulle in die reël weinig deelneem aan buitemuurse aktiwiteite en derhalwe die vormende waarde van groepsport, wat juis vir hulle so belangrik is, ontbeer.

Daar bestaan ongetwyfeld dringende behoefte aan deurtastende en intensiewe navorsing op nasionale vlak ten opsigte van taalprobleme en taalonderwys aan immigrantekinders.

Die opdrag om kinders van verskillende kulture en skolastiese agtergrond op te voed, is moeilik en 'n taak waarvoor sommige onderwysers swak toegerus is. Onderwysers word nie altyd ekonomies in die ondersoekterrein benut nie, en wisseling van personeel beperk die waarde van indiensopleiding.

Ten slotte is aangetoon dat immigrasie die kontinuïteit van opvoeding tussen huis en skool versteur, veral omdat immi= granteouers nie effektief by die onderwys betrek word nie.

In die lig van bogenoemde probleme en met die oog op effek= tiewe onderwysverskaffing aan immigrante, is dit vervolgens nodig om die onderwys van immigrantekinders in die buiteland in oënskou te neem.
